UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE DIREKTE SLAGOFFER SE BELEWENIS VAN 'N TRANSITOROOFTOG

deur

**BEVERLEY MAREE**

Voorgelê ter vervulling van
die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM (KRIMINOLOGIE)**

In die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

PRETORIA
Nov 2001

# ERKENNING

Die volgende persone en instansies word opreg bedank vir hulp en ondersteuning met die ondersoek:

- Professor Ronelle Pretorius vir haar aanmoediging, leiding en ondersteuning met die uitvoering van hierdie ondersoek.
- Dr Dorette van den Berg vir al haar opoffering, tyd, moeite en ondersteuning.
- My man, Piet en pa Zagrys vir hulle ondersteuning en aanmoediging.
- Hettie Brittz wat met die proefwerk behulpsaam was.
- Die 17 respondente vir hulle bereidwilligheid om aan die ondersoek deel te neem. Sonder hulle bydraes sou die ondersoek nie moontlik gewees het nie.

**DEO GLORIA**

**Aanhaling:**

"What happens in life really isn't very important, how we react to it is." (Hybels-Steer, 1995:1)

# INHOUDSOPGAWE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| TABELLE | | vi |
| FIGURE | | vii |
| OPSOMMING | | viii |
| SUMMARY | | ix |
| ***HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN ALGEMENE ORIëNTERING*** | | |
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.2.1 | Die omvang en voorkoms van transitorooftogte | 1 |
| 1.2.2 | Transitorooftogte as 'n samelewingsrelevante probleem | 2 |
| 1.2.2.1 | Die direkte slagoffer van transitorooftogte | 5 |
| 1.2.2.2 | Viktimisasiebelewenis | 5 |
| 1.3 | DIE TEORETIESE PROBLEEMSTELLING | 7 |
| 1.3.1 | Die Selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow | 8 |
| 1.3.2 | Die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale | 9 |
| 1.4 | DIE METODOLOGIESE PROBLEEMSTELLING | 10 |
| 1.4.1 | Oorsig van die bestaande literatuur | 10 |
| 1.4.2 | Opname | 10 |
| 1.4.3 | Die ontleding van insigstimulerende voorbeelde | 11 |
| 1.5 | BEGRIPSOMSKRYWING | 11 |
| 1.5.1 | Geweldsmisdaad | 12 |
| 1.5.2 | Roof | 14 |
| 1.5.2.1 | Die oorsprong en karakter van roof | 15 |
| 1.5.2.2 | Geweld of die dreigement van geweld | 15 |
| 1.5.2.3 | Die oorsaaklike verband tussen geweld en verkryging | 15 |
| 1.5.3 | Kontant in transito | 16 |
| 1.5.4 | Viktimisasie | 17 |
| 1.5.5 | Die slagoffer | 19 |
| 1.5.6 | Die direkte slagoffer | 21 |
| 1.6 | DIE DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK | 21 |

1.7 TERREINAFBAKENING ... 23
1.7.1 Die ondersoekgroep ... 23
1.7.2 Die geografiese afbakening ... 23
1.7.3 Die steekproef ... 24
1.7.4 Ras ... 24
1.7.5 Ouderdom en taal ... 24
1.7.6 Sosio-ekonomiese klas ... 24
1.7.7 Opvoedkundige kwalifikasie ... 24

1.8 DIE PROGRAM VAN ONDERSOEK ... 25

## *HOOFSTUK 2: HISTORIESE EN TEORETIESE PERSPEKTIEF: DIE DIREKTE SLAGOFFERBELEWENIS VAN TRANSITOROOFTOGTE*

2.1 INLEIDING ... 26

2.2 DIE HISTORIESE OORSIG VAN TRANSITOROOFTOGTE ... 27

2.3 DIE HISTORIESE OORSIG VAN DIE SLAGOFFER ... 28

2.4 DIE HUIDIGE STAND VAN NAVORSING MET BETREKKING TOT DIE VIKTIMISASIEBELEWENIS VAN GEWAPENDE ROOF ... 30
2.4.1 Die sielkundige en emosionele impak van viktimisasie ... 30
2.4.2 Psigopatologie as gevolg van 'n traumatiese gebeurtenis ... 31
2.4.2.1 Posttraumatiese stresversteuring (PTSV) ... 31
2.4.3 Posttraumatiese simptome ... 33
2.4.3.1 Stap 1: Mag *versus* viktimisasie ... 34
2.4.3.2 Stap 2: Die soeke na sin ... 34
2.4.3.3 Stap 3: Vertroue *versus* wantroue ... 34
2.4.3.4 Stap 4: Die verwerking van woede ... 35
2.4.3.5 Stap 5: Die verwerking van skuldgevoelens ... 35
2.4.3.6 Stap 6: Die hantering van rou ... 36
2.4.3.7 Stap 7: Die hantering van wraak ... 37
2.4.4 Die hantering van trauma ... 37
2.4.5 Horowitz se psigodinamiese model van aanpassing na 'n traumatiese gebeurtenis ... 40
2.4.5.1 Toepassing van Horowitz se aanpassingsmeganismes op die slagoffers van transitorooftogte ... 41
2.4.5.2 Stresresponse ... 42

2.5 DIE TEORETIESE PERSPEKTIEF TER VERKLARING VAN DIE DIREKTE SLAGOFFERBELEWENIS ........ 43
2.5.1 Die selfaktualiseringsteorie van Maslow ........ 44
2.5.1.1 Die fisiologiese behoeftes ........ 45
2.5.1.2 Die veiligheidsbehoeftes ........ 46
2.5.1.3 Affiliasiebehoeftes ........ 47
2.5.1.4 Die behoefte aan selfagting en waardering ........ 48
2.5.1.5 Die behoefte aan selfaktualisering ........ 49
2.5.1.6 Behoefteverydeling ........ 50
2.5.1.7 Slotsom ........ 50
2.5.2 Die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale ........ 51
2.5.2.1 Persoonlike magteloosheid *versus* universele magteloosheid.... 52
2.5.2.2 Algemene *versus* chroniese magteloosheid ........ 54
2.5.2.3 Depressie as oorsaak van magteloosheid ........ 55
2.5.3 Slotsom ........ 56
2.5.4 Navorsingsverwagtinge ........ 57

## *HOOFSTUK 3: METODOLOGIESE VERANTWOORDING, PROSEDURES EN TEGNIEKE*

3.1 INLEIDING ........ 59

3.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING ........ 59
3.2.1 Die rasionaal vir keuse van 'n navorsingsmetode ........ 60

3.3 PROSEDURES ........ 61
3.3.1 Die historiese prosedure ........ 61
3.3.2 Die literatuur- en dokumentêre studie ........ 62
3.3.2.1 Koerantberigte ........ 62
3.3.2.2 Wetenskaplike werke ........ 63
3.3.2.2.1 Wetenskaplike boeke ........ 63
3.3.2.2.2 Wetenskaplike artikels ........ 65

3.4 TEGNIEKE ........ 66
3.4.1 Die steekproefneming ........ 66
3.4.1.1 Die samestelling van die steekproef ........ 67
3.4.2 Onderhoudvoering ........ 69
3.4.3 Waarneming ........ 72
3.4.4 Die loodsondersoek ........ 73
3.4.4.1 Die probleme wat tydens die loodsondersoek geïdentifiseer is... 74
3.4.5 Die onderhoudskedule ........ 76

3.4.5.1 Die indeling van die onderhoudskedule ..... 76
3.4.5.2 Vraagkonstruksie ..... 78
3.4.5.3 Die geldigheid en betroubaarheid van inligting ..... 80
3.4.6 Die tegnieke vir die analisering en interpretasie van data ..... 81

3.5 DIE PROFIEL VAN DIE ONDERSOEKGROEP ..... 82
3.5.1 Die ouderdom van respondente ..... 83
3.5.2 Die ras van respondente ..... 84
3.5.3 Die taal van die respondente ..... 84
3.5.4 Die hoogste opvoedkundige kwalifikasie van respondente ..... 85
3.5.5 Die posbenaming van die respondente ..... 86
3.5.6 Die huwelikstatus van die respondente ..... 87
3.5.7 Die kerkverband van die respondente ..... 87
3.5.8 Die tydsverloop sedert die transitorooftog ..... 88

3.6 SLOTBESKOUING ..... 89

## *HOOFSTUK 4: VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS*

4.1 INLEIDING ..... 90
4.1.1 Die agtergrondgegewens van respondente ..... 92
4.1.2 Enkele belewenisse en gebeure wat die transitorooftogte voorafgegaan het ..... 96
4.1.3 Gebeure tydens die transitorooftog ..... 97
4.1.4 Die reaksie van die slagoffer ..... 108
4.1.4.1 Fisieke reaksies van die respondente ..... 110
4.1.4.2 Die emosionele reaksies van die respondente ..... 112
4.1.4.3 Veranderinge van lewensiening ..... 114
4.1.4.4 Interpersoonlike verhoudings ..... 116
4.1.5 Die religieuse sisteem ..... 119
4.1.6 Die polisie- en strafregplegingsisteem ..... 120
4.1.7 Mediarapportering ..... 121

4.2 SLOTBESKOUING ..... 122

## *HOOFSTUK 5: SLOTBESKOUINGS EN AANBEVELINGS*

5.1 INLEIDING ..... 124

5.2 GEVOLGTREKKINGS ..... 125

5.2.1 Die gevolgtrekking met betrekking tot die invloed van die transitorooftog op die behoeftehiërargie van Maslow ............... 125
5.2.2 Gevolgtrekking aangaande die kritiese ontleding van die Selfaktualiseringsteorie van Abraham Malsow en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale........................................................................ 128

5.3 AANBEVELINGS........................................................ 129
5.3.1 Aanbevelings ten opsigte van die direkte slagofferbelewenis van 'n transitorooftog.......................................................... 129
5.3.1.1 Professionele verenigings.............................................. 130
5.3.1.2 Organisasies.............................................................. 130
5.3.1.3 Massamedia.............................................................. 132
5.3.1.4 Ondersteuningsgroepe.................................................. 132
5.3.1.5 Opleidingsinstansies.................................................... 133
5.3.1.6 Regeringsinstansies..................................................... 133
5.3.1.7 Religieuse instansies.................................................... 133
5.3.1.8 Nooddienste............................................................. 134
5.3.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere viktimologiese navorsing................................................................... 134

5.4 SLOTBESKOUING...................................................... 135

**VERWYSINGS**.............................................................. 136
**BYLAE A**..................................................................... 144
**BYLAE B**..................................................................... 155

# TABELLE

**Tabel** **Bladsy**

1 Biografiese en agtergrondgegewens van die respondente.......... 93

2 Die invloed van die transitorooftog op die interpersoonlike verhouding met gesin........................................................ 117

# FIGURE

| Figuur | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Maslow se hiërargie van behoeftes | 8 |
| 2 | Die fases van traumaverwerking | 39 |
| 3.1 | Die ouderdom van die respondente | 83 |
| 3.2 | Die rasseverspreiding | 84 |
| 3.3 | Die taalverspreiding | 85 |
| 3.4 | Die hoogste opvoedkundige kwalifikasies | 86 |
| 3.5 | Die posbenaming | 86 |
| 3.6 | Die huwelikstatus van die respondente | 87 |
| 3.7 | Die kerkverband van die respondente | 88 |
| 3.8 | Die tydsverloop sedert die transitorooftog | 89 |
| 4.1 | Die aantal transitorooftogte waarby die respondente betrokke was | 94 |
| 4.2 | Die aantal rowers betrokke by die transitorooftogte | 99 |
| 4.3 | Wapens | 101 |
| 4.4 | Dreigemente teenoor die respondente | 102 |
| 4.5 | Wapens wat tydens die aanval afgeneem is | 104 |
| 4.6 | Beserings van respondente tydens die aanval | 105 |
| 4.7 | Die belewing van respondente tydens die aanvalle | 107 |
| 4.8 | Die tydsverloop tussen die transitorooftog en die onderhoud | 108 |
| 4.9 | Die eerste reaksie na afloop van die transitorooftog | 109 |
| 4.10 | Fisieke reaksie van die respondente | 110 |
| 4.11 | Emosionele reaksies na afloop van die transitorooftogte | 112 |
| 4.12 | Die verandering in lewensiening | 115 |
| 4.13 | Polisie-ondervraging | 120 |
| 4.14 | Mediarapportering | 122 |

**TITEL** : Die direkte slagoffer se belewenis van 'n transitorooftog
**DEUR** : Beverley Maree
**STUDIELEIER** : Dr Dorette van den Berg
**MEDE-STUDIELEIER** : Prof Ronelle Pretorius
**DEPARTEMENT** : Kriminologie
**GRAAD** : *Magister Artium*

## OPSOMMING

Die direkte slagofferbelewenis van 'n transitorooftog en die invloed daarvan op betekenisvolle ander is tydens die ondersoek verken. Die Selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale is krities ontleed en aangewend om die navorsing te rig en die bevindinge te interpreteer.

'n Ondersoekgroep van 17 respondente is deur middel van sneeubal-en versadigingsteekproefseleksie saamgestel. 'n Konteks spesifieke metodologiese benadering is gebruik waarvolgens klem gelê word op die betekenisinhoud wat die direkte slagoffer aan die viktimisasiebelewenis van die transitorooftog heg. Uit die ontleding en analise van die data blyk dit dat die sekuriteitswag se selfbeeld en sy verhouding met betekenisvolle ander deur die viktimisasiegebeurtenis beïnvloed word. Dit kan 'n invloed hê op die direkte slagoffer se vermoë om tot sy volle potensiaal te aktualiseer. Die wyse waarop die direkte slagoffer die invloed van sy gesin, uitgebreide familie en kollega(s) beleef, bepaal die mate waartoe aanvaarding en aanpassing plaasvind.

Die direkte slagoffer se behoefte aan verdere berading het duidelik in die ondersoek na vore gekom. Die bevindinge het dit moontlik gemaak om praktiese voorstelle met betrekking tot die direkte slagofferbelewenis van 'n transitorooftog te maak. Die samelewing behoort ingelig te word aangaande die erns en die emosionele- en ekonomiese implikasies van transitorooftogte. Die bevindinge van die ondersoek het ook sekere terreine en moontlikhede vir verdere navorsing beklemtoon.

---

Geweldsmisdaad, roof, roof in transito, kontant in transito, viktimisasie, slagoffer, selfaktualisering, trauma, hulpeloosheid, posttraumatiesestresversteuring.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| **TITLE** | **:** | The direct victim's experience of cash in transit robbery |
| **BY** | **:** | Beverley Maree |
| **SUPERVISOR** | **:** | Dr Dorette van den Berg |
| **CO-SUPERVISOR** | **:** | Prof Ronelle Pretorius |
| **DEPARTMENT** | **:** | Criminology |
| **DEGREE** | **:** | *Magister Artium* |

## SUMMARY

The direct victim's experience of a cash in transit robbery and the influence on his next of kin were explored. The Selfactualisation theory of Abraham Maslow and the Learned Helplessness theory of Abramson, Seligman en Teasdale was critically analysed and used to direct the research findings and interpretation of data.

A group of 17 respondents was selected by means of snowball and saturation sampling methods. A context specific methodological approach was used which focussed on the importance of the contents and the direct victim's experience of the cash in transit robbery. The interpretation and analysis of the data showed that the direct victim's self esteem and interaction with meaningful others were influenced by the cash in transit robbery. This may have an impact on the direct victim's ability to be what he can be and reach full selfactualisation. The way in which the direct victim perceives the influence of his family and friends might determine the extent of acceptance and adapting to his victimisation experience.

The direct victim's need for further psychological counselling was clearly identified during the study. These findings made it possible to make practical recommendations with regard to the direct victim's experience of the cash in transit robbery. Society should be informed about the seriousness, and psychological and economical implications of cash in transit robberies. In addition, the findings highlighted further areas for research.

---

Violent crime, robbery, in transit robbery, cash in transit, victimisation, victim, selfactualisation, trauma, helplessness, post traumatic stress disorder.

# HOOFSTUK 1

# *PROBLEEMSTELLING EN ALGEMENE ORIËNTERING*

## 1.1 INLEIDING

Die private sekuriteitsindustrie is een van die vinnigste groeiende ekonomiese sektore in Suid-Afrika. Aan die begin van 1999 was daar reeds 350 000 geregistreerde private sekuriteitswagte waarvan 147 000 aktief in die bedryf gewerk het. Volgens Irish (1999:3) is daar na raming tans twee sekuriteitswagte vir elke lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD). Die Raad vir Sekuriteitsbeamptes identifiseer tans 412 besighede as kontant-in-transito-besighede wat betrokke is by die vervoer en beskerming van kontant. Verder blyk dit dat daar tans 679 voertuie gemoeid is met die vervoer van kontant waarvan ongeveer 85% gepantser is (Irish, 1999:14). Weens die groot hoeveelheid kontant in transito, het sekuriteitsvoertuie 'n teiken vir gewapende roof geword. Tydens die pleeg van 'n rooftog is die oogmerk van die oortreder die verkryging van geld of eiendom deur die toepassing van geweld. Afgesien van die ekonomiese verlies en moontlike besering mag die slagoffer langdurige sielkundige trauma beleef (Schmalleger, 1996:59). Die hoofdoel van die studie is om te bepaal wat die effek van roof van kontant in transito op die direkte slagoffer is.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Die omvang en voorkoms van transitorooftogte

Volgens die jongste statistiek van die Misdaadinligtingsbestuursentrum (MIBS) van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), is die totale aantal transitorooftogte wat gedurende 1997 en 1998 deur die polisie ondersoek is, soos volg: 'n Totaal van 47 sake is gedurende 1997 en 53 sake vanaf Januarie tot Maart 1998 in Suid-Afrika

aangemeld. Indien daar gelet word op die aantal transitorooftogte wat vanaf Januarie tot Maart 1998 gepleeg is, blyk die roof van kontant in transito 'n wesenlike probleem te wees - vir sekuriteitsmaatskappye en die polisie, maar ook vir die publiek weens die gevaar van moontlike besering en dood wat transitorooftogte inhou. Die *modus operandi* van transitorowers stel nie net die lewens van veiligheidswagte in gevaar nie, maar ook dié van burgerlikes op straat. 'n Jong ma van 'n maand-oue baba is byvoorbeeld op 6 September 1999 in 'n skietgeveg tussen veiligheidswagte en transitorowers in Yeoville, Johannesburg gedood en haar skoonsuster is drie keer met 'n AK47 in die rug geskiet (Steenkamp, 1999:4). In 'n ander voorval, een dag later, is 'n skoolseun in die been gewond toe hy veiligheidswagte te hulp gesnel het. Daar het op die betrokke dag vyf transitorooftogte in die Johannesburg- en Pretoria-omgewing plaasgevind (Steenkamp,1999:4). Volgens beskikbare statistiek van die MIBS vir 1997 en 1998 oor transitorooftogte in Suid-Afrika was daar reeds in die eerste kwartaal van 1998 12,8% meer transitorooftogte as in die hele 1997 kalenderjaar.

## 1.2.2 Transitorooftogte as 'n samelewingsrelevante probleem

Reeds in die Bybelse tyd word die voorkoms van roof vermeld. Daar word verwys na die roof van osse en donkies en die moord op slawe wat na hierdie diere moes omsien. Een slaaf het ontsnap om die volgende aangaande die insident te kon weergee: "Toe oorval mense uit Skeba ons en hulle roof alles en maak die slawe dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel (Job 1:15)." Uit hierdie aanhaling kom die aard van roof duidelik na vore, naamlik die neem van 'n ander persoon se besittings deur gebruik te maak van geweld. Die impak van roof op die direkte slagoffer kan finansiële verlies, fisieke besering en selfs lewensverlies insluit. Wat egter minder opvallend is en gevolglik minder aandag geniet, is die emosionele trauma van die direkte slagoffer (Skogan, Lurigio & Davis, 1990:7).

Die samelewingsrelevansie van die probleem word duidelik wanneer daar gelet word op berigte wat vanaf Januarie 1998 tot en met Mei 1998 in koerante verskyn het. Die volgende is enkele voorbeelde hiervan:

- 'n Plaaslike koerant maak melding van 'n transitorooftog in die Bronkhortspruit-area. In die artikel word klem gelê op die viktimisasiebelewenis van die slagoffers (Jonker, 1998a:3).

- Die getuienis van 'n veiligheidsbeampte wat betrokke was by die Bronkhorstspruitse transitorooftog word breedvoerig in die artikel van Jonker (1998b:5) bespreek. Die veiligheidsbeampte getuig onder meer van die omstandighede waarin twee van sy kollegas en vriende gesterf het.

- 'n Artikel in *die Pretoria News* beskryf die gebeure rondom 'n transitorooftog waar die voertuig met die insittendes aan die brand gesteek is. Verder is daar ook op die brandende voertuig gevuur. Een wag is ernstig beseer en twee ander is vir brandwonde en rookinaseming behandel. Die brutaliteit is deur omstanders aan die polisie beskryf en breedvoerig in die artikel weergegee (*Pretoria News, 1998:6).*

- In 'n artikel wat deur *Nedcor Beperk* gepubliseer is (*Banks under attack, 1998:9*) word daar melding gemaak van transitorooftogte, die feit dat dit nie 'n nuwe verskynsel is nie, asook die vinnige toename in die aantal transitorooftogte.

Die eerste wetenskaplike verwysing na slagoffers in die algemeen het in die boek van Hans von Hentig in 1948 met die titel, *The Criminal and his Victim*, verskyn. Von Hentig het 'n nuwe benadering gevolg in die studie van slagoffers, in teenstelling met vroeeë eendimensionele werke waarin die oortreder die primêre fokuspunt van die kriminologie was. Frederick Wertham, 'n Amerikaanse psigiater, het in 1949 die term *viktimologie* die eerste keer in sy boek, *The show of violence,* gebruik. Hy stel dit só (in Van den Berg 1997:3): "The murder victim is die forgotten man. With sensational

discussions on the abnormal psychology of the murder, we have failed to emphasize the unprotectedness of the victim". In aansluiting hierby meld Fattah (1984:29): "One cannot understand the sociology of the victim. What we need is the science of victimology". Die term *victim movement* dateer uit die vroeë 1970s toe daar 'n toenemende belangstelling in die slagoffers van misdaad ontstaan het. Belangstelling in die slagoffer het direk aanleiding gegee tot die eerste Viktimologiesimposium in 1973 wat onder die leiding van Professor Israel Drapkin in Jerusalem plaasgevind het (Drapkin & Viano, 1973:xiii). Tydens die simposium is **vyf** knelpunte geïdentifiseer:

- Onsekerheid oor die bestek van viktimologie. Die vraag het ontstaan of viktimologie net die slagoffers van misdaad of ook ander tipe slagoffers, byvoorbeeld van natuurrampe, moes insluit.
- Die daarstelling van 'n tipologie van slagoffers wat as die voorloper van teorieë beskou kan word.
- Die rol van die slagoffer in die strafregplegingsproses.
- Die slagoffer-oortrederverhouding met verwysing na slagoffervatbaarheid en slagofferaanspreeklikheid.
- Die reaksie van die samelewing teenoor slagoffers.

Gedurende 1973 is 'n tweede Viktimologiesimposium in Boston, in die VSA gehou, waartydens die klem op die slagoffer in die strafregplegingsproses geplaas is (in Van den Berg, 1997:4). André Normadeau, wat gedurende die sewentigerjare verbonde was aan die Departement Sosiologie van die Universiteit van Pennsilvanië in die VSA, het baanbrekerswerk op die terrein van gewapende roof gedoen. Hy het in 1968 'n doktorale studie in die betrokke veld onderneem (Normandeau, 1968:1).

Alhoewel bogenoemde werk 'n groot bydrae gelewer het tot die studie van gewapende roof as misdaad, het Normandeau nagelaat om op die slagoffer en sy *viktimisasiebelewenis* te fokus.

Afgesien van hierdie studies bestaan daar nog steeds 'n gebrek aan wetenskaplike navorsing rondom die verskynsel. Beriggewing in populêr-wetenskaplike artikels, koerantberigte en artikels in populêre tydskrifte se fokus is meestal op die slagoffer se beserings, die omstandighede waaronder die rooftogte plaasgevind het, die polisie-optrede en die hofsaak. Min, indien enige, aandag word aan die emosionele impak van die transitorooftog op die slagoffer gegee.

### 1.2.2.1 Die direkte slagoffer van transitorooftogte

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is daar gefokus op die direkte slagoffer, en die fisieke, psigologiese en emosionele belewenis na afloop van 'n transitorooftog. Alhoewel die intensiteit van die reaksie van persoon tot persoon kan wissel, blyk dit dat skok, verwarring, woede en depressie algemeen by die meeste slagoffers voorkom (Gabor, Baril, Cusson, Elie, LeBlanc & Normandeau, 1987:29). Te midde van die onmiddellike sielkundige en kognitiewe reaksies moet die slagoffer aanpas by die eise wat op die kort-, medium- en langtermyn na afloop van die transitorooftog ten opsigte van sy werk, emosies en lewensbestaan onstaan het. Gegewe die emosionele opwekking wat gepaard gaan met trauma, mag die slagoffer ontvanklik wees vir die ondersteuning van ander. Ten spyte van moontlike sosiale en emosionele ondersteuning van betekenisvolle ander persone, hetsy familie of vriende, word die slagoffer steeds gekonfronteer met sy eie gevoelens en gedagtes rondom die belewing van trauma (Greenburg & Ruback, 1992:1). Vervolgens word die *viktimisasiebelewenis* van die direkte slagoffer bespreek.

### 1.2.2.2 Viktimisasiebelewenis

*Belewing* word beskou as 'n sinoniem vir ervaring of gewaarwording. *Belewenis*

word dus omskryf as: "'n ervaring van besondere aard wat met heelwat emosie gepaard gaan" (Cilliers, 1986:159). Die roof van kontant in transito is 'n traumatiese ervaring vir die direkte slagoffer. Hybels-Steer (1995:23) beskryf die begrip *trauma* soos volg:

- 'n lewensbedreigende gebeurtenis
- 'n gevoel van magteloosheid en hulpeloosheid
- die ervaring van angs
- die onvermoë om helder te dink tydens en na afloop van die gebeurtenis.

Ochberg (1987:10) het die volgende **vyf** kenmerke wat met trauma gepaard gaan, geïdentifiseer:

**Rou.** Persone wat erge trauma beleef het, mag rou oor die bedreiging van hul menswees, toekomsdrome, verwagtinge en die verlies aan sekuriteit.

**Viktimisasie.** Die outeur is verder van mening dat die slagoffer magteloos voel omdat hy nie in beheer van sake was nie. As gevolg van dreigemente deur die oortreder mag die slagoffer gevoelens van vernedering en uitbuiting ervaar.

**Outomatiese opwekking (*Automatic arousal*).** Tydens 'n traumatiese gebeurtenis vind daar opwekking van die outonome senuweestelsel plaas. Hierdie respons word ervaar as vrees wat as hartkloppings, angs en paniek kan manifesteer.

**Doodsverbeelding.** As gevolg van die oorleweningsdrang is dit in die aard van die mens om lewensbedreigende situasies te probeer vermy. Indien die mens met die dood gekonfronteer word, mag dit tot bewuswording van mortaliteit en die ervaring van angs lei.

**Negatiewe intimiteit.** Negatiewe intimiteit word deur Ochberg (1987:13) as die indringing van 'n mens se persoonlike ruimte beskryf. By die roof van kontant in transito word die sekuriteitswag se persoonlike ruimte bedreig deurdat daar direkte konfrontasie tussen hom en die oortreder is.

Bogenoemde vyf kenmerke van trauma kan by die roof van kontant in transito van toepassing wees. By die roof van kontant in transito is 'n sekuriteitswag nie net die slagoffer van 'n misdaad nie, maar vanweë die lewensbereigende situasie vind daar ook outomatiese opwekking plaas wat as hartkloppings, angs, paniek, doodsverbeelding en negatiewe intimiteit kan manifesteer. Daarmee saam kan die slagoffer skok beleef.

## 1.3 DIE TEORETIESE PROBLEEMSTELLING

Sover vasgestel kan word, is daar tot op hede geen navorsing in Suid-Afrika oor die belewenis van direkte slagoffers van transitorooftogte gedoen nie. Aangesien gewapende roof (kapings en bankrowe) en die roof van kontant in transito nie wesenlik verskil nie (albei terme verwys na roof wat lewensbedreigend is, die enigste verskil is die hoeveelheid kontant wat betrokke is), sal bestaande navorsing en literatuur rakende gewapende roof in die studie van toepassing op die direkte slagoffer van transitorooftogte gemaak word. Verder blyk dit dat daar nog geen omvattende teorie met betrekking tot dié verskynsel bestaan nie. Twee teorieë is geïdentifiseer om die roof van kontant in transito te verklaar, naamlik: Maslow (1970:15) se Selfaktualiseringsteorie en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.3.1 Die Selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow

Maslow se benadering het aanleiding gegee tot die omskywing van die behoefte aan selfaktualisering as inherent tot persoonlikheid (Prinsloo, 1993:15). Volgens Maslow (1970:15) is selfaktualisering die strewe na selfverwesenliking. Prinsloo (1993:62) beskou dit as die mens se wil om te word wat hy kan word. Maslow onderskei **vyf** groepe behoeftes waarvan die biologiese behoeftes primêr is en die drang na selfaktualisering die doel is. Die rangorde van behoeftes word skematies hieronder uitgebeeld (in Prinsloo, 1993:62 en Meyer, Moore & Viljoen, 1992:378).




**FIGUUR 1: MASLOW SE HIËRARGIE VAN BEHOEFTES**

Na 'n transitorooftog word die wêreld as onvoorspelbaar beleef en kan die slagoffer vertroue in hul eie persoonlike vermoë, leefwêreld en omgewing verloor. Die verlies aan beheer kan as bedreigend ervaar word aangesien hul beleef dat daar niks daaromtrent gedoen kan word nie. Die bedreiging wat deur die slagoffer ervaar, kan ook die bedreiging van basiese behoeftes insluit. Enkele voorbeelde hiervan is

verkleinering, verwerping, isolasie en die verlies van aansien (Maslow, 1970:75). Die teorie kan moontlik verklaar watter invloed viktimisasie op die slagoffer van transitorooftogte het en hoe die belewenis daarvan die slagoffer moontlik kan verhoed om tot sy volle potensiaal te aktualiseer.

### 1.3.2 Die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale

Hierdie teorie is gebaseer op die aanname dat waar persone uit vorige ervaringe geleer het dat hulle geen beheer oor die uitslag of gevolge van die gebeurtenis het nie, hulle latere gedrag of optrede die resultaat van **drie** tekortkominge is, naamlik gebrekkige motivering, kognitiwiteit en emosie. Gebrekkige motivering manifesteer as vertraagde inisiatief omdat die persoon verwag dat die uitkoms van 'n bepaalde gebeurtenis onbeheerbaar is. 'n Gebrek aan kognitiewe ontwikkeling lei daartoe dat die persoon die persepsie het of glo dat hy geen beheer oor die uitkoms van gebeure het nie. Die emosionele tekortkoming bring mee dat die persoon vanweë die onbeheerbaarheid van 'n situasie depressief kan raak (Cilliers, 1986:16). Die uitgangspunt van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) se teorie is dat indien die persoon magteloos teenoor 'n situasie staan, die vraag gevra moet word waarom dit so is. Hierna kan dan bepaal word wat die invloed van die tekortkominge op die selfbeeld is.

Die aangeleerde hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) is op die volgende aannames gebaseer:

- persoonlike magteloosheid *versus* universele magteloosheid
- algemene en chroniese magteloosheid
- depressie as oorsaak van magteloosheid.

Tydens die ondersoek sal die toepaslikheid van dié teorie beoordeel word om die invloed van magteloosheid op die selfbeeld van die slagoffer te bepaal.

## 1.4 DIE METODOLOGIESE PROBLEEMSTELLING

Volgens Johnson (1978:3) is die doel van navorsing die verkenning en ontleding van alledaagse verskynsels, die evaluering van historiese data, die ontwikkeling van teorieë en die verbetering van lewenskwaliteit. Bailey (1994:4) sluit aan by Johnson (1978:3) en definieer sosiale navorsing as die insameling van data om 'n beter begrip aangaande bepaalde aspekte van die samelewing te verkry. Navorsing kan kwalitatief (beskrywend) of kwantitatief (statisties) wees. Aangesien daar sover vasgestel kon word, nog geen navorsing oor die direkte slagofferbelewenis van die roof van kontant in transito in Suid Afrika gedoen is nie, is daar van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik gemaak met 'n verkennende benadering as navorsingstrategie. Mouton en Marais (1990:43) beskryf **drie** metodes vir die implementering van verkennende studies:

### 1.4.1 Oorsig van die bestaande literatuur

Daar is in die onderhawige studie sover moontlik van beskikbare toepaslike literatuur gebruik gemaak. Dit sluit literatuur in wat handel oor kontant in transito, maar ook oor roof en bankroof. Aangesien die roof van kontant in transito 'n relatief nuwe verskynsel is en daar nie genoegsame literatuur hieroor bestaan nie, is 'n breër literatuur basis geraadpleeg.

### 1.4.2 Opname

Tydens die studie is twee sekuriteitsmaatskappye genader om vas te stel of daar enige transitorooftogte plaasgevind het. Uit die navrae het dit geblyk dat die maatskappye elk verskeie kere aan rooftogte blootgestel was. Een maatskappy het

toestemming aan navorser verleen om onderhoude met die slagoffers te voer om sodoende die slagofferbelewenis te bepaal. Deur navrae is die name van slagoffers in die betrokke maatskappy bekom. Die navorser het met die slagoffers geskakel om hulle in te lig oor die navorsing en hulle deelname aan die studie te versoek. Sewentien respondente was bereidwillig om aan die studie deel te neem. 'n Gestruktureerde onderhoudskedule gebaseer op genoemde teorieë (vgl. par. 1.3), is opgestel om die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte te bepaal. 'n Tweede sekuriteitsmaatskappy het die versoek van die navorser om navorsing te onderneem van die hand gewys as gevolg van interne ondersoeke na transitorooftogte in die maatskappy.

### 1.4.3 Die ontleding van insigstimulerende voorbeelde

Tydens onderhoude is 'n gestruktureerde onderhoudskedule gebruik om navorsingsverwagtinge te toets en om tydens ontleding insigstimulerende voorbeelde te identifiseer. 'n Probleem wat tydens die ondersoek ervaar is, was dat daar min akademiese literatuur oor die onderwerp bestaan. As gevolg van die leemte het die navorser literatuur oor gewapende roof en bankroof met die nodige objektiwiteit bestudeer en daaruit afleidings oor die roof van kontant in transito gemaak. 'n Verdere probleem wat deur die navorser geïdentifiseer is, is die definiëring van transitorooftogte, aangesien dié term verskillend deur kommersiële banke en die polisie omskryf word. Tans bestaan daar geen wetlike definisie van transitorooftog in Suid-Afrikaanse literatuur nie. In definiëring van begrippe is daar egter 'n omvattende definisie vir roof van kontant in transito geformuleer (vgl. par. 1.5.3). Hierdie definisie het as teoretiese basis vir hierdie studie gedien.

## 1.5 BEGRIPSOMSKRYWING

Met die oog op die ondersoek is die volgende begrippe krities omskryf: geweldsmisdaad, roof, kontant in transito, viktimisasie, slagoffer en die direkte slagoffer.

### 1.5.1 Geweldsmisdaad

De Wet en Swanepoel (1975:20) definieer *geweldsmisdaad* as die opsetlike toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander. Van den Berg (1997:19) is van mening dat alvorens 'n daad as 'n *geweldsmisdaad* geklassifiseer kan word, 'n gewelddadige handeling eers moet plaasvind wat aan die volgende juridies gedefinieerde vereistes van misdaad voldoen:

- Die oortreder moet 'n toerekeningsvatbare persoon wees en die nodige opset hê om die misdaad te pleeg.
- Die handeling moet die oortreding of die nalating van 'n gebod wees, en moet 'n bepaalde gevolg hê.
- Die handeling moet strafbaar wees deur gesagsdraers wat namens die staat optree.
- Die gevolg moet skadelik wees en deur die gemeenskap as sulks erken word.
- Daar moet 'n spesifieke of potensiële slagoffer wees.
- Die gereg moet 'n sekere oogmerk met die strafoplegging hê.

Die juridiese vereiste van 'n *geweldsmisdaad* bepaal dat daar opsetlike, regstreekse toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander moet plaasvind. In die lig hiervan voldoen die roof van kontant in transito aan die juridiese vereistes van 'n *geweldsmisdaad* aangesien die oortreder 'n toerekeningsvatbare persoon is (sewe jaar en ouer), dié handeling 'n oortreding van die wet is, die oortreding deur die gemeenskap veroordeel word, dat die daad strafbaar is en dat die slagoffers meermale fisieke beserings opdoen.

Weiner en Wolfgang (1989:37) identifiseer twee eienskappe van die gewelddadige handeling, naamlik:

- **Vyandige doel**. Die uitgangspunt is die besering van die slagoffer.

- **Instrumentele geweld**. Die tipe geweld het ten doel om geld of besittings op 'n gewelddadige manier van iemand af te neem. Weiner en Wolfgang (1989:37) is van mening dat roof en ontvoering as instrumentele geweld geklassifiseer kan word. Die roof van kontant in transito word as instrumentele geweld beskou, aangesien kontant op 'n gewelddadige wyse deur bedreiging met of werklike gebruik van wapens geneem word.

In die onderhawige studie kom die vyandige doel ter sprake aangesien geweld onderliggend aan die roof van kontant in transito is. "The brutality and violence which have accompanied recent cash in transito heists have heightened public awareness of this issue" (Meek, 1998:12). Van der Westhuizen (1982:18) is van mening dat:

> "elke geweldsmisdaad gesien kan word as die direkte of indirekte toevoeging van klaarblyklike leed en/of skade aan 'n ander persoon, instansie of wet en orde as gevolg van norm- en/of waardekonflikte en die onwettige gebruik van 'fors' om bepaalde oogmerke te bereik."

Navorser is van mening dat transitorooftogte gemik is op instansies (sekuriteitsmaatskappye) en hulle werknemers (sekuriteitswagte) met die oogmerk om kontant te bekom deur van geweld gebruik te maak. Volgens bogenoemde definisies blyk dit dat aggressie gewoonlik by 'n daad van geweld aanwesig is. In die geval van transitorooftogte kan geldgierigheid en selfverryking hierby ingesluit word aangesien die roof van kontant in transito beide 'n *eiendomsmisdaad* en 'n *geweldsmisdaad* is. Hiervolgens kan aggressie, geldgierigheid en selfverryking (stimulus) beskou word as die oorsaak terwyl geweld gesien kan word as die gevolg (handeling) van 'n *geweldsmisdaad*. Vervolgens kan 'n transitorooftog as die

**oorsaak** en die viktimisasie wat hieruit voortvloei as die **gevolg** van 'n geweldsmisdaad beskou word.

Vir die doel van die ondersoek word 'n *geweldsmisdaad* soos volg omskryf: **Die geweldstoevoeging aan die liggaam van 'n ander persoon met besering, dood of klaarblyklike leed of skade aan 'n instansie (sekuriteitsmaatskappy) om sodoende kontant of besittings op 'n gewelddadige wyse te bekom.**

## 1.5.2 Roof

Snyman (1992:515) omskryf *roof* as die wederregtelike, opsetlike, gewelddadige wegneem en die toe-eiening van 'n ander se roerende liggaamlike saak. *Roof* kan as diefstal deur 'n persoon met die toepassing van geweld omskryf word. Die definisie van Kriegler (1993:631) stem ooreen met dié van Snyman (1992) waarvolgens roof as die aanranding met die opset om ernstig te beseer, met die gebruik van 'n vuurwapen, windbuks of windpistool, in stryd met die wet sowel as die ontvangs van gesteelde goedere, met die wete dat dit gesteel is, beskou word.

Wolfgang en Ferracuti (1967:32) is van mening dat *roof*, soos in die geval van moord, verkragting en aanranding, binne 'n subkultuur van geweld ontwikkel, daarom kan roof as 'n geweldsmisdaad getipeer word. Venter (1972:83) verskil egter van Wolfgang en Ferracuti (1967:32) en is van mening dat roof as 'n eiendomsmisdaad geklassifiseer moet word aangesien die motief daarvan materiële gewin is. Die outeur erken egter die gebruik van geweld by *roof* en is van mening dat dit swaarder gestraf behoort te word as ander ekonomiese misdrywe. Normandeau (1968:46), in teenstelling met Wolfgang en Ferracuti (1967:32) en Venter (1972:83), assosieer rowers met 'n subkultuur van diefstal eerder as met 'n subkultuur van geweld. Uit voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar binne die reg en in die sosiale wetenskappe verskillende sienings van die klassifikasie van *roof*, hetsy as 'n geweldsmisdaad of as 'n eiendomsmisdaad, bestaan.

Daarom sal daar in die betrokke studie na *roof* verwys word as beide 'n geweldsmisdaad en 'n ekonomiese misdaad.

### 1.5.2.1 Die oorsprong en karakter van roof

In die Gemene Reg word *roof* of *rapina* as 'n swaarder vorm van diefstal beskou as gevolg van die geweldsimplikasie. Vereistes vir diefstal wat ook op *roof* van toepassing is, is die volgende: dat slegs 'n roerende liggaamlike saak in handelverkeer geroof kan word, toestemming deur die eienaar van die saak ontbreek en die beskuldigde daarvan bewus is (Snyman, 1992:516).

### 1.5.2.2 Geweld of die dreigement van geweld

*Roof* word gepleeg as die oortreder die slagoffer se eiendom afneem, of die persoon beseer is al dan nie. Al is daar geen geweld betrokke nie, is 'n dreigement teenoor die slagoffer indien hy nie sy eiendom oorhandig nie, voldoende om die misdaad as *roof* te klassifiseer (Snyman, 1992:517). De Wet (1985: 374) beklemtoon egter dat die dreiging met onmiddellike geweld as *roof* bestempel kan word, maar dat dreigemente van toekomstige leedtoevoeging nie *roof* impliseer nie.

### 1.5.2.3 Die oorsaaklike verband tussen geweld en verkryging

Die uitgangspunt is dat geweld deur eiendomstoe-eiening voorafgegaan moet word, dit wil sê dat geweld na verkryging van eiendom eerder aanranding as *roof* impliseer (Snyman, 1992:517). Die aanname kan dus gemaak word dat die *roof* van kontant in transito die slagoffer se lewe met geweld of met 'n dreigement van geweld bedreig. Daar kan dus aanvaar word dat die bedreiging van die slagoffer se lewe met intense vrees en angs gepaard gaan aangesien dit tot verlies van die persoon se lewe of besering aanleiding kan gee. *Roof* word daarom as 'n gewelddadige handeling getipeer. Daar is sprake van gewelddadige wegname of die dreigement dat 'n roerende liggaamlike saak weggeneem kan word, sonder dat die eienaar verbale of skriftelike toestemming gee.

Vir die doeleindes van die ondersoek word *roof* soos volg omskryf: **Die wederregtelike, opsetlike, gewelddadige toe-eiening van 'n ander se besittings waar materiële gewin as motief vir die misdaad beskou word. Die roof van kontant in transito word dus as 'n gewelddadige misdaad met 'n ekonomiese oogmerk beskou.**

### 1.5.3 Kontant in transito

Volgens *Raget's Thesaurus of English words and phrases* (1987:822) verwys die term *in transito* na: "goods lost in transit on route, on the journey, on the way, on the road and during transport." The Council of South African Banks (COSAB) beskou die *roof van kontant in transito* as die roof van kontant, wat aan banke behoort. Die roof van kontant by outomatiese banktellers word dus ook volgens COSAB by die definisie van transitorooftogte ingesluit (Meek, 1998:12). Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) beskou die roof van *kontant in transito* as die roof van kontant ongeag aan wie dit behoort. Indien gelet word op die definisie van **in transito** volgens die *Ragets Thesaurus* (1997) impliseer dit dat die roof van *kontant in transito* slegs kan plaasvind wanneer die kontant in beweging is. Na aanleiding van hierdie definisie is die roof van kontant wat te voet tussen die voertuig en die ontvanger van die kontant vervoer word, by die studie ingesluit, aangesien die kontant immers in beweging en dus *in transito* is.

Direkteur Bushie Engelbrecht van die SAPD se Spesiale Ondersoekeenheid gee die volgende beskrywing:

> "Volgens die SAPD moet kontant van een punt na 'n ander vervoer word om as *kontant in transito* beskou te word. Wanneer die voertuig wat die kontant vervoer, gewelddadig van die pad gedwing word, word dit as die roof van *kontant in transito* beskou" (Persoonlike mededeling, 29 September 1998).

Uit die bespreking is dit duidelik dat COSAB en die SAPD se definisies van transitorooftogte verskil. Die rede hiervoor is waarskynlik dat hierdie instansies binne verskillende parameters funksioneer. Die verskil in definisie kan dus ook 'n invloed op die statistiek van beide COSAB en die SAPD hê. Albei uitgangspunte is egter waardevol om die voorkoms van transitorooftogte te beskryf.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die roof van *kontant in transito* soos volg omskryf: **Die gewelddadige toe-eiening van kontant, wat aan 'n derde persoon ('n maatskappy of individu) behoort terwyl dit teen betaling deur 'n sekuriteitsmaatskappy vervoer word, hetsy per voertuig of te voet.**

### 1.5.4 Viktimisasie

Die term *viktimologie* is afgelei van die Latynse woord *victima* (Engels: *victim*) wat na die slagoffer verwys en die Griekse woord *logos* wat *wetenskap* beteken (Mendelsohn, 1982:60). Cilliers (1986:47) definieer *viktimologie* as die proses waardeur die slagoffer onskuldig of vanweë sy eie opsetlike of nalatige optrede aan 'n misdadiger se wederregtelike optrede blootgestel is. Die omskrywing van *viktimisasie* deur Cilliers (1986:47) fokus op die optrede van die slagoffer wat tot sy *viktimisasie* aanleiding gegee het. Die outeur sluit egter nie die sielkundige en finansiële impak van *viktimisasie* by hierdie omskrywing in nie. Bard en Sangrey (1986:xvi) definieer *viktimisasie* as die opsetlike skending van 'n mens se liggaam en menseregte deur 'n ander. Skending gee aanleiding tot gevoelens van isolasie, verwarring en emosionele stres. Greenburg en Ruback (1992:2) vind aansluiting by Bard en Sangrey en beskryf *viktimisasie* soos volg: "Victim harm is not just broken arms, black eyes, lost wallets or medical bills; it is also fear and shame, frustration and anger, depression and despair." Viktimisasie kan dus as 'n traumatiese gebeurtenis vir die slagoffer beskou word.

Sellin en Wolfgang (in Grobbelaar, 1986:46) het die volgende **vyf** tipes *viktimisasie* geïdentifiseer:

- **Primêre viktimisasie**. Dié tipe viktimisasie behels dat die individuele slagoffer in direkte konfrontasie met die misdadiger is. Misdade wat hieronder geplaas kan word, is onder andere moord, roof en verkragting.

- **Sekondêre viktimisasie**. Hier is die slagoffers onpersoonlik byvoorbeeld 'n organisasie, groep of instansie soos kettingwinkels, kerke, skole en sekuriteitsmaatskappye. Misdade wat hier ter sprake is, is onder meer winkeldiefstal, inbraak by kettingwinkels, vandalisme en **transitorooftogte**.

- **Tersiêre viktimisasie**. Dié tipe viktimisasie sluit misdade in wat teen die openbare orde, gemeenskap en regspleging begaan word, soos die verbreking van verkeersordonnansies en vuurwapenregulasies.

- **Onderlinge viktimisasie**. Hier word verwys na misdade waar albei partye (die aanvaller en die slagoffer) betrokke is by die pleeg van die misdaad, byvoorbeeld statutêre verkragting.

- **Geen viktimisasie**. Dié kategorie verwys na wangedrag, soos stokkiesdraai en weglopery.

Uit hierdie beskrywing van *viktimisasie* deur Sellin en Wolfgang (in Grobbelaar, 1986: 46) kan die roof van kontant in transito as *primêre* en *sekondêre viktimisasie* beskou word. *Primêre viktimisasie* vind plaas wanneer die sekuriteitswag in direkte konfrontasie met die oortreders was, terwyl die viktimisasie van die organisasie (die sekuriteitsmaatskappy wat verantwoordelik vir die vervoer van kontant is), as *sekondêre viktimisasie* beskou kan word.

Indien die beskrywing van *tersiêre viktimisasie* deur Sellin en Wolfgang (in Grobbelaar, 1986:46) in oënskou geneem word, is dit nie duidelik of die familie van die direkte slagoffer en siviele persone (omstanders) wat onskuldig tydens rooftogte beseer is, as deel van die breër gemeenskap beskou word en dus tersiêre slagoffers is nie. Indien dit wel die geval is, stem navorser nie saam met die omskrywing nie. Alhoewel omstanders wat tydens aanvalle beseer word, nie in direkte konfrontasie met die aanvallers was nie, kan die persone bloot as slagoffers van omstandighede buite hulle beheer beskou word. Die intensiteit van hul trauma kan dus nie met dié van die breër gemeenskap vergelyk word nie. Alhoewel die onderhawige studie net op *primêre viktimisasie* fokus, het die navorser dit nodig geag om kortliks te verwys na *tersiêre viktimisasie* om sodoende die samelewingsrelevansie te beklemtoon.

Vir die doeleindes van die ondersoek word die begrip *viktimisasie* soos volg omskryf: **Die proses waardeur die direkte slagoffer by die roof van kontant in transito betrek word. Die viktimisasie van die direkte slagoffer word dus as primêre viktimisasie beskou.**

### 1.5.5 Die slagoffer

Die begrip *slagoffer* kan teruggevoer word na antieke kulture waar die klem gelê is op offergawes. Hierby word bedoel dat slagoffers mense of diere was wat tydens 'n seremonie geoffer is ten einde bonatuurlike kragte te ontvang of om die gode se guns te verkry. Deur die eeue is die begrip *slagoffer* uitgebrei en addisionele betekenisse is aan die woord geheg (Karmen, 1990:2). Pretorius (1984:16) meen dat die definiëring van die begrip *slagoffer* problematies is in beide die kriminologiese en nie-kriminologiese konteks. In 'n nie-kriminologiese konteks kan verskeie betekenisse aan die begrip slagoffer geheg word, byvoorbeeld die slagoffers van natuurrampe, motorongelukke, kanker of slagoffers van diskriminasie. Indien die begrip *slagoffer* egter vanuit 'n kriminologiese perspektief gebruik word, dui dit op slagoffers van misdade (Pretorius, 1984:16). Karmen (1990:3) beskou 'n *slagoffer* as 'n persoon of groep wat fisieke, emosionele en ekonomiese skade ly. Barkan

(1997:86) sluit aan by Karmen (1990:3) en beskou die *slagoffer* as iemand wat ly as gevolg van misdaad. Volgens Pretorius (1984:11-12) is McDonald van mening dat daar **drie** verskillende kriteria is waarvolgens *slagoffers* as sulks gedefinieer kan word:

- **Die wetlike kriterium**. Hier gaan dit om die kontroversie of 'n persoon slegs as *slagoffer* beskou kan word in die geval van 'n wetlike oortreding, maar nie in die geval van antisosiale gedrag soos alkoholisme nie. Pretorius (1984:17) is egter van mening dat die viktimologie nie so ingeperk moet word dat dit net op misdaad fokus en nie op die wetlike aspek daarvan nie.

- **Die belewing van viktimisasie**. Die vraag word gevra of 'n persoon slegs as *slagoffer* beskou kan word as sy viktimisasie sekere gevolge het. Van den Berg (1997:26) gebruik die voorbeeld van 'n politikus wat die *slagoffer* van 'n mislukte sluipmoordpoging is. Volgens Pretorius (1984:11-12) lê die oplossing daarin dat die navorser vir elke empiriese ondersoek self moet besluit watter tipe *slagoffers* betrek word en die slagoffers as sulks moet definieer.

- **Die aard van die slagoffer.** Karmen (1990:4) en Van den Berg (1997:26) is albei van mening dat die *slagoffer* nie noodwendig 'n persoon hoef te wees nie, maar dat dit ook 'n kollektiwiteit, 'n sakebelang, samelewingsorde en ander amorfe groepe kan insluit.

Drapkin en Viano (1974: xiii) definieer die begrip *slagoffer* as:

> "the person suffering, injured or destroyed by the action of others which is due to some uncontrollable quality in himself in pursuit of an object or person, in gratification of a passion, or as result of events or circumstance."

Young-Rifai (1982:6-7) poneer dat 'n *slagoffer* 'n persoon of individu is wat deur onregverdige handeling benadeel word. Indien gelet word op die definisies van

Drapkin en Viano (1974:xiii) asook diè van Young-Rifia (1982:6-7) kom dit duidelik na vore dat hulle omskrywings van die slagoffer nie net verwys na die *slagoffers* van misdaad nie, maar ook na enige persoon wat deur 'n onregverdige handeling geraak is. Volgens Quinney (1972:320) moet die navorser tydens elke ondersoek self besluit watter tipe *slagoffer* by die ondersoek betrek gaan word en die begrip as sodanig definieer.

In die lig van die voorafgaande word die begrip *slagoffer* vir die doel van hierdie ondersoek soos volg gedefinieer : **'n Persoon of persone wat benadeel word, hetsy fisiek, emosioneel of ekonomies, deur die gewelddadige handeling van die transitorower.**

### 1.5.6 Die direkte slagoffer

Van den Berg (1997:27) definieer die *direkte slagoffer* as die primêre slagoffer wat in direkte konfrontasie met die misdadiger verkeer. Die gewelddadige handeling word dus eerstehands deur die *direkte slagoffer* ervaar. In hierdie studie word die *direkte slagoffer* soos volg omskryf:

**Die persoon wat die viktimisasie eerstehands ervaar en in die geval van transitorooftogte direk deur 'n onwettige handeling bedreig, beseer, getraumatiseer of gedood word.**

## 1.6 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK

Die volgende doelstellings word vir die onderhawige ondersoek gestel:

**1.6.1 Om te bepaal watter invloed transitorooftogte het op die slagoffer behoeftehiërargie soos deur Maslow (1970:15) uiteengesit, op die slagoffer het, in terme van:**



b15407418

1.6.1.1 Watter invloed die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy fisiologiese behoeftes het.

1.6.1.2 Watter invloed die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy veiligheidsbehoefte het.

1.6.1.3 Watter invloed die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy affiliasiebehoefte het.

1.6.1.4 Watter invloed die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy behoefte aan selfagting en waardering het.

1.6.1.5 Watter invloed die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy behoefte aan selfaktualisering het.

**1.6.2 Om te bepaal of die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) se drie aannames op die slagoffer van transitorooftogte van toepassing gemaak kan word, naamlik:**

1.6.2.1 Persoonlike magteloosheid *versus* universele magteloosheid.

1.6.2.2 Algemene *versus* chroniese magteloosheid.

1.6.2.3 Depressie as oorsaak van magteloosheid.

**1.6.3 Om na aanleiding van Par.1.3 die volgende doelstellings te bereik:**

1.6.3.1 Die kritiese ontleding van teorieë wat 'n moontlike verklaring vir die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte bied.

1.6.3.2 Die formulering van navorsingsverwagtinge op grond van die teorieë van Maslow (1970:15) en Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74).

1.6.3.3 Om die toepaslikheid van die teorieë aan die hand van kwalitatief beskrywende bevindinge te toets.

1.6.3.4 Die formulering deur middel van die onderhawige ondersoekbevindinge van sekere aanbevelings vir 'n slagofferhulpdiens vir die direkte slagoffers van transitorooftogte.

**1.6.4 Om na aanleiding van die navorsingsbevindinge sekere navorsingstemas vir verdere navorsing te identifiseer.**

## 1.7 TERREINAFBAKENING

### 1.7.1 Die ondersoekgroep

Sewentien direkte slagoffers van transitorooftogte is deur middel van 'n versadigingsteekproef by die ondersoek betrek. Aangesien die onderhoude persoonlik gevoer is, word 17 respondente as voldoende beskou (vgl Hoofstuk 3.4.1.1).

### 1.7.2 Die geografiese afbakening

Vir die doeleindes van die studie word daar op die Pretoriase Metropolitaanse gebied gefokus, aangesien daar voldoende respondente in dié area opgespoor kon word omrede die maatskappy wat toestemming vir die navorsing verleen het in die area geleë is.

### 1.7.3 Die steekproef

Die aantal respondente is deur middel van 'n doelgerigte- en sneeubalsteekproeftegniek, bekom. Navorser het dus doelgerig gevalle wat as verteenwoordigend van die populasie beskou is, en wat aan die roof van kontant in transito blootgestel is, gekies totdat 'n versadigingspunt bereik is. Die doel is dus nie om bevindings te veralgemeen nie, maar slegs om aan te toon dat sekere veranderlikes 'n rol speel en bestudeer kan word om 'n verskynsel voorlopig te verklaar totdat verdere navorsing dit as 'n feit kan bewys.

### 1.7.4 Ras

Vir die doeleindes van die ondersoek is daar geen onderskeid getref ten opsigte van ras nie.

### 1.7.5 Ouderdom en taal

Daar is geen spesifieke ouderdom- en taalafbakening gedoen nie.

### 1.7.6 Sosio-ekonomiese klas

Daar is ook geen afbakening aangaande sosio-ekonomiese klas van die respondente gedoen nie.

### 1.7.7 Opvoedkundige kwalifikasie

Geen afbakening ten opsigte van opvoedkundige kwalifikasie is gedoen nie.

## 1.8 DIE PROGRAM VAN ONDERSOEK

In Hoofstuk 2 word aandag gegee aan 'n historiese oorsig en bestaande literatuur oor die direkte slagoffers van rooftogte en voertuigkapings. Daarna word daar krities en met die nodige objektiwiteit afleidings oor transitorooftogte gemaak. Hierdie literatuurstudie word saam met bestaande teorieë as onderbou vir die studie gebruik.

Die kwalitatiewe navorsingsmetodologie asook die prosedures en tegnieke wat in die onderhawige studie toegepas is, word in Hoofstuk 3 bespreek. 'n Profiel van die ondersoekgroep word ook in die hoofstuk gegee.

In Hoofstuk 4 word die gegewens wat verkry is, ontleed en geïnterpreteer.

Enkele gevolgtrekkings, aanbevelings en prakties uitvoerbare voorstelle vir verdere navorsing word in Hoofstuk 5 aangebied.

# HOOFSTUK 2

## *HISTORIESE EN TEORETIESE PERSPEKTIEF: DIE DIREKTE SLAGOFFERBELEWENIS VAN TRANSITOROOFTOGTE*

## 2.1 INLEIDING

Die **eerste** oogmerk van Hoofstuk 2 was om 'n historiese en literatuuroorsig van die huidige stand van navorsing met betrekking tot die direkte slagoffer se belewenis van 'n transitorooftog te gee. Daar sal vervolgens aangetoon word dat daar geen omvattende teorie bestaan om die misdaadverskynsel te verklaar nie. Werke in verband met gewapende roof sal bespreek word en afleidings sal dan daaruit oor die roof van kontant in transito gemaak word.

'n **Tweede** oogmerk van hierdie hoofstuk is om aan die hand van twee geïdentifiseerde teorieë (vgl. par. 1.3) die direkte slagofferbelewenisse van transitorooftogte te ontleed. Eerstens is Maslow se Selfaktualiseringsteorie as uitgangspunt gebruik aangesien dié betrokke teorie moontlik kan verklaar watter invloed viktimisasie op die slagoffers van 'n transitorooftog het en hoe dit die direkte slagoffers kan verhoed om hulle volle potensiaal te bereik. Tweedens is die viktimisasiebelewenis van die slagoffers van transitorooftogte aan die hand van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) se Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie verklaar.

'n **Derde** oogmerk was om 'n kritiese uiteensetting van bogenoemde teorieë te gee. In die lig van die feit dat daar geen omvattende teorie bestaan oor die direkte slagofferbelewenis van die roof van kontant in transito nie, kan die kritiese uiteensetting van die teorieë 'n wyer perspektief op hierdie viktimisasieverskynsel gee.

## 2.2 DIE HISTORIESE OORSIG VAN TRANSITOROOFTOGTE

Thomas de Quincey (in MacDonald, 1975:3) beskryf rowerbendes soos volg:

> "The finest men in England, physically speaking, throughout the last century, the very noblest specimens of man, considered as an animal, were the mounted robbers who cultivated their profession on the great roads. When every traveller carried firearms the mounted robber lived in an element of danger and adventurous gallantry."

Deur die eeue het rowerbendes meer aandag geniet as hulle slagoffers en is hulle wandade meermale in verhale en films verromantiseer. Robin Hood en sy bende, die *Merry Men,* seerowers wat skepe op die oop see geplunder het, bendes wat tydens die depressiejare in die VSA treine aangeval en bankrowe gepleeg het, het tot die verromantisering van dié tipe misdade bygedra. In die dertiende en veertiende eeue was die reise tussen dorpe in Engeland gevaarlike togte om te onderneem. Rowerbendes het mense nie net van hulle besittings beroof nie, maar ook meermale vermoor. In die VSA het die syfers ten opsigte van rooftogte in die tweede helfte van die negentiende eeu 'n hoogtepunt bereik. Redes wat hiervoor aangevoer word, is die Amerikaanse Burgeroorlog en 'n ontoereikende strafregsplegingstelsel (MacDonald,1975:4). MacDonald (1975:5) is van mening dat die oortreder nie meer as 'n held beskou moet word nie, maar eerder as 'n gevaarlike individu wat sy slagoffer uitbuit. Die slagoffers van gewapende roof is eers weer in die 1960s *herontdek* met die instelling van wetgewing wat bepaal dat die slagoffer staatsvergoeding moet ontvang in die geval van besering. Nieu-Seeland was die eerste land wat in 1963 staatskompensasie geïmplementeer het, gevolg deur Brittanje in 1964 en die VSA in 1966 (MacDonald,1975:251). Daar het dus 'n klemverskuiwing vanaf die oortreder na die slagoffer plaasgevind (MacDonald, 1975:5).

## 2.3 DIE HISTORIESE OORSIG VAN DIE SLAGOFFER

Gedurende die Middeleeue is die *oog vir 'n oog* en *tand vir 'n tand-* of *lex talionis*-beginsel in die uitvoering van geregtigheid beklemtoon (Bianchi, 1959:29). Hiervolgens het die slagoffer 'n onbeperkte deel aan die strafregplegingsproses gehad. As gevolg van die slagoffer se deelname aan vergelding het dit tot die *goue era* van die slagoffer gelei (Parsonage, 1979:7). Die aanspraak op kompensasie het daartoe aanleiding gegee dat die klem op geregtigheid eerder as wraak geplaas is. Deur die staat se betrokkenheid by die vervolging van die oortreder het die misdadiger toenemende aandag ontvang (Drapkin & Viano, 1974:xiv). Bentham en Becarria, die vaders van die Klassieke Skool, het die klem geplaas op straf sowel as die oortreder (Bianchi, 1959:29). Die rol van die slagoffer in die misdaadsituasie is feitlik oor die hoof gesien.

Belangstelling in die slagoffer het eers weer in die 1940s en 1950s na vore getree. Die volgende navorsers was eerste om gedurende dié tydperk 'n belangrike rol in die totstandkoming van die viktimologie as vakdissipline te speel:

- Hans von Hentig, 'n Duitse Kriminoloog het in 1941 sy eerste artikel getiteld *Remarks of the perpetrator and victim* gepubliseer en in 1948 het sy tweede artikel *The criminal and his victim* verskyn. In dié werke fokus von Hentig op die slagoffervatbaarheid van jongmense, bejaardes, immigrante en minderheidsgroepe (Karmen, 1990:8).

- Beniamin Mendelsohn het in 1940 navorsing gedoen oor die slagoffers van verkragting en hul viktimisasiebelewenis (Karmen, 1990:9). In 1947 het hy 'n referaat by 'n kongres in Bukarest gelewer, getitel: *New biopsycho-social horizons: Victimology* (in Van den Berg, 1997:33).

- Marvin Wolfgang het in die vyftigerjare bevind dat die slagoffer se ouderdom, ras of geslag, in ongeveer 'n vyfde van die moorde die viktimisasie gepresipiteer het.

Hierdie navorsing is in Philadelphia, in die VSA onderneem (in Van den Berg 1997:33) .

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het die Vrouevryheidsbeweging en die Feministebeweging volgens Grobler (in Cilliers, 1986:163) toenemend aandag aan misdade teen vroue, soos verkragting en huweliksgeweld, begin gee. Die bewuswording van die direkte slagoffer se behoeftes, het daartoe aanleiding gegee dat navorsers hulle fokus na die slagoffer van roof en gewapende roof begin verskuif het. Die volgende studies het gevolg:

- Onder leiding van Thomas Gabor is die boek *Armed robbery: Cops, robbers and victims* in 1987 gepubliseer. Die boek is gebaseer op die slagoffer en die slagofferbelewenis asook die moontlike rol wat 'n slagoffer in sy eie viktimisasie speel.

- Die doktorale studie van André Normandeau (1968) in Pennsilvanië (VSA) het op die oortreder asook die patrone van gewapende roof gefokus.

- Gedurende September 1989 het Manton en Talbot (1989:507) 'n artikel getitel *Crisis intervention after an armed hold up* gepubliseer. Die verslag handel oor die slagoffers van gewapende roof en die sielkundige impak daarvan op die slagoffers.

Sover vasgestel kon word, is daar verder min studies oor die slagofferbelewenis van gewapende roof gedoen. 'n Studie soos dié van Manton en Talbot (1989:507) het die slagofferbelewenis aan die hand van posttraumatiese stresbelewing op die voorgrond gebring. Die aspekte soos die rol van die sosiale en kriminele strafregplegingsproses op die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer is egter nie voldoende aangespreek nie. Vervolgens sal 'n literatuuroorsig van bestaande navorsing rakende die direkte slagofferbelewenis van rooftogte gegee word.

## 2.4 DIE HUIDIGE STAND VAN NAVORSING MET BETREKKING TOT DIE VIKTIMISASIEBELEWENIS VAN GEWAPENDE ROOF

Enkele studies oor viktimisasie dui daarop dat een uit elke drie mense op die een of ander stadium die slagoffer van 'n misdaad sal word. Gewapende roof is traumaties en stresreaksies is 'n algemene verskynsel na afloop van 'n gewapende roof. In 'n studie deur Gabor (in Kamphuis en Emmelkamp, 1998:199) is bevind dat 50% van die slagoffers van 'n gewapende rooftog na ses maande nog steeds psigologiese probleme ondervind. Davis en Friedman (in Manton & Talbot, 1989:508) beweer dat 75% van slagoffers van gewapende roof en aanranding trauma vir een tot drie weke na afloop van die viktimisasie steeds trauma beleef. Verdere reaksies sluit skok, ongeloof, verwarring, hulpeloosheid, angs, depressie en skuldgevoel in.

Familie en vriende ervaar meermale na afloop van 'n viktimisasiegebeurtenis 'n verhoogde vrees vir misdaad en vind dit moeilik om met die slagoffer te kommunikeer. Naasbestaandes kan dikwels onbewustelik bydra tot die onvermoë van die slagoffer om sy trauma te verwerk.

### 2.4.1 Die sielkundige en emosionele impak van viktimisasie

Navorsing deur Brom en Kleber (in Brom, Kleber & Hofman, 1993:131) het getoon dat 80% van misdaadslagoffers hulle eie trauma self sonder professionele hulp of ondersteuning deur psigiaters, sielkundiges en maatskaplike werkers, verwerk het (*manage to cope*). Dit is nie duidelik wat die outeurs met *manage to cope* bedoel nie. Dit kan egter beteken dat slagoffers in 'n mate probleme ondervind maar die trauma self hanteer. Brom en Kleber (1989) het verder bevind dat 10% tot 30% van misdaadslagoffers wel professionele persone vir leiding en bystand geraadpleeg het). Harris (in Reid, 1997:7) het bevind dat die emosionele impak op slagoffers meer algemeen is as wat die studie van Brom en Kleber (1989) suggereer. Hy het tot die slotsom gekom dat twee uit vyf misdaadslagoffers (43%) emosionele lyding

na afloop van die gebeurtenis as 'n erge probleem beskou het. Daaruit kan afgelei word dat die slagoffer se lewensiening wel deur die gebeurtenis beïnvloed is. Uit die slagoffers was 53% van mening dat hulle lewens verander het; 83% het aangedui dat hulle na die misdaad meer gesteld was op dit wat hulle doen en waarheen hulle gaan.

## 2.4.2 Psigopatologie as gevolg van 'n traumatiese gebeurtenis

In 1980 het die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (APA) posttraumatiese stresversteuring (PTSV) in die derde uitgawe van die DSM (Diagnostic and Statistical Manual) ingesluit (Reid, 1997:9). Friedman (1996:15) beskou PTSV as die algemeenste versteuring wat as gevolg van traumatiese gebeure manifesteer. In 1994 is 'n nuwe diagnostiese kategorie, naamlik akute stresversteuring (ASV) in die DSM-IV uiteengesit. Kriteria vir ASV sluit al die elemente van PTSV in. Die duur van die simptome van ASV is egter kort in vergelyking met die langdurige simptome van PTSV. Beide PTSV en ASV is van belang in psigiatriese diagnose, aangesien die traumatiese stressor in albei gevalle 'n rol speel.

### 2.4.2.1 Posttraumatiese stresversteuring (PTSV)

Traumatiese gebeure wat moontlik tot langdurige emosionele versteurings aanleiding kan gee, sluit onder andere oorlog, aanranding, verkragting, roof, natuurrampe, motorongelukke en die verlies van iemand aan die dood in. Die resulterende emosionele versteuring as gevolg van trauma, staan as posttraumatiese stresversteuring bekend.

Die kriteria vir PTSV volgens die DSM-IV vereis dat 'n persoon aan 'n traumatiese of lewensbedreigende gebeurtenis blootgestel was en hierna gevoelens van angs en hulpeloosheid ervaar het. Na afloop van die traumatiese gebeurtenis vind herbelewing van die insident plaas, wat byvoorbeeld in nagmerries en wraakgedagtes kan manifesteer. Barlow en Durand (1995:189) verwys na

herbelewing as *flashbacks*, oftewel *denkbeelde*. Die slagoffers is geneig om stimuli wat met die traumatiese gebeurtenis geassosieer word, te vermy. As gevolg van moontlike skok en vermydingsgedrag vind hulle dit dikwels moeilik om gebeure rondom die insident te onthou. Afgesien van denkbeelde mag 'n verhoogde skrikrespons, angs, emosionele afstomping, slapeloosheid en losmaking van die realiteit (*derealization*) ervaar word (Barlow & Durand, 1995:190).

Na aanleiding van die DSM-IV word twee kategorieë van PTSV geïdentifiseer naamlik: *akute* en *chroniese PTSV*. *Akute PTSV* word binne een tot drie maande na die trauma geïdentifiseer. Indien PTSV simptome vir langer as drie maande voortduur, word dit as chronies beskou (Barlow & Durand,1995:191). Na aanleiding hiervan kan PTSV eers ná een maand vanaf die trauma gediagnoseer word. Ten einde simptome wat in die eerste maand na afloop van die traumatiese gebeurtenis voorkom, te beskryf, is 'n nuwe kategorie tot die DSM-VI gevoeg, naamlik *Akute stresversteuring* (ASV). ASV is bloot PTSV wat in die eerste maand ná trauma voorkom. Die simptome is dieselfde as dié van PTSV maar meer klem word op dissosiatiewe simptome geplaas, naamlik algehele of gedeeltelike geheueverlies van die traumatiese gebeurtenis en emosionele afstomping. Barlow en Durand (1995:191) is van mening dat 40% van die slagoffers wat met ASV gediagnoseer word, PSTV sal ontwikkel.

Gabor et al. (1987:91) het gedurende 1982 in die VSA navorsing gedoen met 'n groep van 182 respondente (werknemers en werkgewers) wat by die gewapende roof van besighede betrokke was (Gabor et al., 1987:90-119). Na aanleiding van sy bevindinge voldoen van die reaksies van die slagoffers in sy studie aan die DSM-IV se diagnostiese kriteria vir PTSV en ASV. Al die respondente het deurdringende en herhaalde denkbeelde van die gewapende roof beleef. Bykomend tot die traumabelewenis het 55% van die respondente chroniese senuweeagtigheid, 24% slapeloosheid en 18% nagmerries ervaar. Hiperwaaksaamheid en verhoogde skrikreaksies het by 72% van die respondente vir 'n tydperk van ten minste twaalf maande na die gewapende roof voorgekom, onder andere omdat hulle vir verdere

gewapende rooftogte gevrees het. Kompulsiewe reaksies en selfbeskerming het daartoe aanleiding gegee dat vier persent van die respondente van werk verander het, terwyl een persent daarop aangedring het om na 'n ander afdeling oorgeplaas te word omdat hulle vir hulle lewens gevrees het.

Navorsing deur Leyman (1985:512) met 221 Sweedse bankpersoneel wat by gewapende rooftogte betrokke was, het bevind dat sewe persent van die personeel hulle keuse om van werk te verander aan die gewapende roof toegeskryf het. Die navorsing het die sielkundige en emosionele simptome asook die impak van die gewapende rooftog op die individue ondersoek. In sy studie het Leyman (1985:51) onder andere gevind dat 19% van die bankpersoneel voorheen in bankrowe was en een uit elke ses vir hulle lewens gevrees het. Die belangrikste bevinding volgens die outeur was dat slegs vyf persent langdurige sielkundige trauma na afloop van die bankroof beleef het. Die vernaamste traumasimptome was hartkloppings, nagmerries, terugflitse, slapeloosheid en eetversteurings. Leyman (1985:515) is van mening dat nagmerries 'n postreaksie op 'n traumatiese gebeurtenis is en daarom eers later, ná 'n paar dae, sal manifesteer. Hierdie latere manifestasie van nagmerries kan volgens Leyman (1985:520) toegeskryf word aan die feit dat die persoon direk na die traumatiese gebeurtenis kognitief behep (*cognitively preoccupied)* is met die gebeurtenis, dit wil sê dat die slagoffer se gedagtes deur die gebeurtenis oorgeneem en versteur word. Hoofpyn word aan hierdie kognitiewe beheptheid toegeskryf aangesien dit spierspasmas kan veroorsaak. Volgens die outeur kan nagmerries en konstante denkbeelde egter essensieel wees om die helingsproses te aktiveer (Leyman, 1985:520).

## 2.4.3 Posttraumatiese simptome

Aangesien daar min navorsing oor die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte gedoen is, het die navorser **sewe** stappe aan die hand van Brende (1993:872) se uiteensetting van posttraumatiese simptome geïdentifiseer.

Die slagoffer van transitorooftogte kan moontlik hierdie sewe stappe vir die verwerking van trauma aanwend.

#### 2.4.3.1 Stap 1: Mag *versus* viktimisasie

Mag *versus* viktimisasie verwys na strategieë wat die slagoffers bewustelik of onbewustelik kan aanwend om posttraumatiese simptome te beheer en te verwerk. Enkele van hierdie simptome is: skaamte, ontkenning, terugflitse, drome, paniek, isolasie van ander persone en selfmoordneigings. Die slagoffer moet aanvaar dat hy nie altyd die posttraumatiese simptome kan beheer nie, maar dat hy eerder insig in sy gedrag moet verkry. Aangesien die slagoffer 'n onvermoë kan beleef om sy gedagtes, emosies en drome te beheer, mag dit aanleiding gee tot 'n gevoel van magteloosheid. Brende (1993:872) is van mening dat die slagoffer hierdie gevoel van magteloosheid met die hulp van familie, vriende, sielkundiges en religie kan oorwin, aangesien hulle kort- en langtermynsteun en-bystand aan die direkte slagoffer kan verleen.

#### 2.4.3.2 Stap 2: Die soeke na sin

Die soeke na sin en betekenis in die wêreld na afloop van 'n traumatiese gebeurtenis is vervolgens ondersoek. Dit is aanvanklik moeilik vir die slagoffer om sin te maak uit die wêreld en die traumatiese gebeurtenis. Frankl (1975: 90) is van mening dat 'n mens die sin in die lewe onder die moeilikste omstandighede of deur onverwagte gebeure steeds moet soek. Brende (1993:872) vermeld dat die soeke na sin begin deur die traumatiese ervaring met ander te deel, hulle ondersteuning te verwelkom en laastens om na ander wat sin in hulle eie traumatiese ervaring kon vind, te luister.

#### 2.4.3.3 Stap 3: Vertroue *versus* wantroue

Na afloop van 'n traumatiese gebeurtenis mag die slagoffer vertroue in homself, die samelewing en sy medemens verloor, meermale selfs onbewustelik in die persone

(sy gesin, familie, vriende en terapeute) wat hom wil help. Dit is daarom belangrik dat die slagoffer erken dat hy vertroue in homself en ander verloor het. Aanvaarding begin deurdat die slagoffer geleidelik sy vertroue begin plaas in ander wat wil help soos sy gesin, familie, vriende en terapeute (Brende, 1993:873).

#### 2.4.3.4 Stap 4: Die verwerking van woede

Woede is 'n normale menslike emosie, veral in lewensbedreigende situasies. Volgens Brende (1993: 874) is woede die mees algemene emosie wat by slagoffers van misdade soos gewapende roof en verkragting voorkom. Vir sommige slagoffers is woede 'n instinktiewe respons in gevaarsituasies. Hierdie woede kan vir sommige slagoffers onbeheerbaar word, wat aanleiding kan gee tot die beskadiging van eiendom en aanranding. Een moontlike rede vir onbeheerbaarheid is die verhoogde afskeiding van andrenalien in die liggaam van die slagoffer. Woede kan egter beheer word, **eerstens** deur aan aktiwiteite waar woede verplaas word, deel te neem. 'n Enkele voorbeeld is die deelname aan 'n sportsoort soos muurbal waar aggressie na die bal gekanaliseer word. **Tweedens** kan die slagoffer leer om onderdrukte woede te herken en **laastens** om te erken wanneer woedebuie buite beheer raak en om van terapeutiese hulp gebruik te maak (Brende, 1993:873).

#### 2.4.3.5 Stap 5: Die verwerking van skuldgevoelens

Die direkte slagoffers kan skuldgevoelens vir 'n bepaalde rede of selfs vir geen grondige rede nie ervaar (Van den Berg, 1997:64). Die slagoffer van 'n transitorooftog mag homself blameer deurdat hy voel dat hy meer tydens die rooftog kon doen. 'n Voorbeeld hiervan is dat die slagoffer meen hy kon terug geskiet het al weet hy dat dit in die omstandighede nie moontlik was nie. Hy was moontlik gewond of die aanval het so vinnig plaasgevind dat daar geen tyd was om te reageer nie. Nog 'n voorbeeld van skuldgevoelens wat moontlik deur die slagoffers van 'n transitorooftog ervaar kan word, is die gevoel dat hy gefaal het in sy taak om homself en die voertuig te beskerm. Sprang, McNeil en Wright (1989:160) is van mening dat

die slagoffer soms onnodige skuldgevoelens kan beleef. Die slagoffer behoort dus met behulp van ondersteunende persone sy skuldgevoelens te ondersoek om te bepaal watter geldig is en watter onnodig is. Dit is die eerste stap in die verwerking daarvan.

### 2.4.3.6 Stap 6: Die hantering van rou

Rou is 'n normale reaksie op die verlies van familie, vriende of kollegas aan die dood en die verlies van gesondheid, selfwaarde en selfbeeld (vgl. par. 1.2.2.2). Tydens die rouproses word persone gekonfronteer met emosies soos woede, haat, frustrasie, skok, ongeloof, depressie, paniek en skuldgevoelens. Die voorafgaande word as normaal beskou tydens die rouproses (Brende, 1993:875). Indien die slagoffer nie die rouproses voltooi nie, sal hy die slagoffer van sy eie onopgeloste emosionele pyn bly. Emosionele afstomping, onvoltooide rou, skuldgevoelens, pynlike herinneringe aan die insident en selfs depressie kan voortduur. Die slagoffer kan 'n obsessie ontwikkel oor dit wat hy verloor het, het sy 'n kollega, sy selfrespek, sekuriteit in sy werksplek of die vertroue wat hy in sy medemens gehad het. Verder kan die slagoffer ontkenning openbaar in 'n poging om van die insident te vergeet. Die slagoffer kan hom onttrek van ander mense omdat hy vrees om weer emosioneel betrokke te raak by kollegas wat moontlik kan sterf. Hierteenoor mag die slagoffer neig om oorbeskermend op te tree, nie net teenoor sy kollegas nie, maar ook teenoor sy gesin (Brende, 1993:877). Die slagoffer van transitorooftogte kan byvoorbeeld sekuriteit by sy huis opskerp deur diefwering aan te bring en kan deurentyd byna obsessief sy kollegas vermaan om versigtig en op die uitkyk vir moontlike aanvallers te wees. Die slagoffer behoort hulp te ontvang om deur sy rouproses te kom en om roureaksies soos dié wat hierbo genoem is in homself te herken en te hanteer.

### 2.4.3.7 Stap 7: Die hantering van wraak

In hierdie stap is die fokus op wyses om die gereg sy gang te laat gaan eerder as om die reg in eie hande neem. Die soeke na iemand om te blameer en die gepaardgaande aggressie jeens die oortreder is vir sommige slagoffers deel van die helingsproses. Volgens Peach en Klass (1987:82) het die aggressie van die indirekte slagoffer 'n onmiddellike fokuspunt wat dan later in wraakgedagtes kan oorgaan. Na afloop van 'n transitorooftog kan die slagoffer aggressie teenoor die rower ervaar. Hierdie aggressie kan verder versterk word indien die slagoffer sy aanvaller in 'n uitkenningsparade sal erken. Hierdie aggressie kan oorgaan in wraakgedagtes en selfs haat aangesien die rower dan vir die slagoffer 'n konkrete werklikheid word. Wraak bring egter net tydelike verligting vir die slagoffer en kan daarbenewens die oorsprong van haat, vernietiging en oorlog wees (Brende, 1993:876). Die slagoffer moet dus wraakgedagtes op die voorgrond bring sodat dit hanteer kan word voordat dit oorweldigend word of in geweld oorgaan.

## 2.4.4 Die hantering van trauma

James (in Reid, 1997:36) beskou *thorns of the spirit* oftewel *'n doring in die vlees* as die herroeping van skok wat vergete was, maar nog steeds in die onderbewussyn van die direkte slagoffer voortbestaan. Die skok wat 'n slagoffer as gevolg van 'n traumatiese gebeurtenis ervaar moet aangespreek word. Indien post-traumatiese reaksies nie vermy word nie kan dit onder andere tot posttraumatiese stresversteuring aanleiding gee. Ernstige trauma kan die direkte slagoffer se ervaring van realiteit skielik en teen die persoon se wil verander. Nie alle trauma gee egter aanleiding tot posttraumatiese stresversteuring nie. Indien die direkte slagoffer op 'n vroeë stadium, dit wil sê tydens die aanvang van die trauma, ondersteun word, kan latere probleme en disfunksionering geminimaliseer of voorkom word.

Williams (1993:925) is van mening dat persone in sekere beroepe voorspelbare en herhaalde trauma kan ervaar, byvoorbeeld polisiebeamptes en weermaglede. Die

sekuriteitswag wat betrokke is by die vervoer van kontant, kan met persone in bogenoemde beroepe vergelyk word. Williams (1993:928) het 'n model geformuleer wat as 'n voorsorgmaatreël kan dien om trauma in bogenoemde beroepe aan te spreek. Die model bestaan uit **drie** komponente, naamlik: primêre, sekondêre en tersiêre voorkoming.

*Primêre voorkoming* in die werkplek behels dat stressors waar moontlik geëlimineer moet word. Dit kan onder andere beleid en prosedures om besering in die werkplek te voorkom, insluit. Enkele voorbeelde hiervan ter voorkoming van transitorooftogte, is die gebruik van gepantserde voertuie, die dra van koeëlvaste baadjies en gewapende begeleiding.


*Sekondêre voorkoming* behels maatreëls om trauma en emosionele stres na afloop van viktimisasie aan te spreek. Dikwels verskaf werkgewers ondersteuning deur die dienste van sielkundiges en opgeleide traumawerkers tot die beskikking van hul werkers te stel. Indien die dienste nie beskikbaar is nie, is dit die verantwoordelikheid van die direkte slagoffer om self hulp te kry. In die geval van voortdurende traumasimptome en posttraumatiese stresversteuring, word posttraumabystand as 'n vorm van *tersiêre voorkoming* beskou. Bystand kan ook die vorm aanneem van behandeling van die direkte slagoffer by 'n buite-pasiëntafdeling van 'n staatshospitaal.

Tydens die verwerking van traumatiese stres is daar **twee** aspekte wat in gedagte gehou moet word - **eerstens** die tyd wat dit neem om die trauma te verwerk en **tweedens** die verskillende fases waardeur die direkte slagoffer moet gaan om die trauma te verwerk (Van den Berg, 1997:38). Horowitz (1976:27) beskryf trauma (ook genoem die stresresponssindroom) as 'n gevoel van magteloosheid, pyn en hartseer wat gepaard gaan met die insident en die intense emosies wat na die voorval voorkom. Volgens Van den Berg (1997:39) is die proses waarvolgens trauma verwerk word volledig in wetenskaplike literatuur gedokumenteer. Alhoewel verskeie klassifikasies van die fases in die literatuur voorkom, is die volgende skema ten

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opsigte van die klassifikasie van Williams (1993:925) geformuleer. Gevolglik moet die fases slegs as heuristies (ontdekkend) en nie as 'n statiese entiteit beskou word nie.

Die fases kan skematies soos volg voorgestel word (Van den Berg: 1997:39):




**FIGUUR 2: DIE FASES VAN TRAUMAVERWERKING**

Volgens Williams (1993:927) bestaan 'n emosionele respons op 'n traumatiese insident uit **vier** interaktiewe stadia. Ná trauma mag posttraumatiese stresversteuring manifesteer. In die geval van dood of permanente skeiding sal *rou* een van die interaktiewe simptome wees. Individuele veranderlikes sluit onder andere persoonlikheidstipes, ondersteuningsnetwerke en streshanteringsvaardighede in. Stressor-reaksies is daardie reaksies buite die normale menslike belewing wat simptome van stres in mense veroorsaak. Enkele voorbeelde van traumatiese gebeure sluit die dood van 'n kollega of die dood van 'n kind in (Williams, 1993:927).

Volgens Williams (1993:927) word 'n sekere mate van *depersonalisasie* in die tweede fase, ook genoem die skokfase, ervaar ten einde die situasie te kan hanteer. *Ontkenning* van die trauma kan as die direkte slagoffer se verdedigingsmeganisme beskou word deurdat dit die direkte slagoffer help om emosies van hulpeloosheid en angs te verwerk. Die volgende fase, naamlik die *impakfase*, word gekenmerk deur emosionele opwekking, woede, angs en selfvertwyfeling. Selfondersoek is 'n integrale deel van die impakfase deurdat die direkte slagoffer sy optrede tydens die traumatiese ervaring evalueer. Hier word die slagoffer gekonfronteer met vrae soos "Wat kon ek anders gedoen het?" en "Wat sou gebeur het as ek nie vandag werk toe gegaan het nie?" Tydens hierdie fase word die slagoffer met die werklikheid

gekonfronteer. Hierdie konfrontasie is essensieel in die verwerking van trauma (Williams, 1993:928). Die onvermoë van die slagoffer om die realiteit van die viktimisasie te aanvaar mag aanleiding tot langdurige simptome van angs en depressie gee. Die laaste fase van die proses is die *herstel en aanvaarding* van wat gebeur het en die herorganisering van die persoon se lewe.

Brom en Kleber (1989:341) onderskei die volgende **drie** determinantgroepe wat die intensiteit en inhoud van die verwerkingsproses kan beïnvloed:

- **Die kenmerke en konteks van die insident**. Hoe lewensbedreigend was die situasie en watter tipe direkte hulp beskikbaar was. In die geval van transitorooftogte is die situasie nie net lewensbedreigend nie, maar die roof van eiendom, in dié geval die kontant in transito vind boonop plaas.

- **Die persoonlikheidskenmerke en persoonlike geskiedenis van die slagoffer** Was die direkte slagoffer byvoorbeeld al voorheen 'n slagoffer van 'n geweldsmisdaad?

- **Die sosiale kenmerke van die insident**. Die mate van ondersteuning wat die direkte slagoffer van sy gesin en vriende ontvang, is veral van belang.

### 2.4.5 Horowitz se psigodinamiese model vir aanpassing na 'n traumatiese gebeurtenis

Horowitz (in Greenburg & Ruback, 1992:2) se psigodinamiese model omskryf **twee** tipes response tot stres of trauma. Eerstens word die trauma in die gedagtes en denke herhaal en op emosionele vlak ervaar. In 'n poging om die herhaling van trauma te vermy ontstaan die tweede respons, naamlik vermyding of onderdrukking.

Die slagoffer gebruik verdedigingsmeganismes soos ontkenning, emosionele afstomping en vermyding van stimuli (mense, voorwerpe en plekke) wat hom aan die trauma kan herinner

Horowitz (in Greenburg & Ruback, 1992:2) het **vyf** stadia in die aanpassingsproses na afloop van 'n traumatiese gebeurtenis onderskei. Nie alle persone ervaar die stadia chronologies nie en daar mag selfs regressie tussen stadia plaasvind.

- Die eerste reaksie is dié van *skok* en die besef dat die traumatiese gebeurtenis werklik plaasgevind het.

- Die skok word tweedens gevolg deur *ontkenning en emosionele afstomping*, aangesien die slagoffer nie kan glo dat die insident met hom gebeur het nie.

- Derdens kan daar herhaalde *repetisies* van die traumatiese gebeurtenis in die gedagtes van die slagoffer afspeel. Hierdie herlewing van die trauma is essensieel vir die aanpassingsproses omdat die slagoffer gedurig met die gebeure rondom die trauma gekonfronteer word en dit hom toelaat om stelselmatig sin uit die gebeure te maak. Namate die slagoffer daarin begin slaag om sin te maak uit die trauma, neem die *intensiteit van terugflitse* af en begin die slagoffer die trauma en wat daartoe aanleiding gegee het, aanvaar.

- Die finale stadium is die geleidelike *aanvaarding* van die traumatiese gebeurtenis, waarna die slagoffer begin om sy lewe te herbou (Greenburg, 1995:1267).

#### 2.4.5.1 Toepassing van Horowitz se aanpassingsmeganismes op die slagoffers van transitorooftogte

Horowitz beskryf drie strategieë wat aangewend kan word om die herhaalde repetisies van trauma te beheer. Die eerste het te make met die *frekwensie, tyd en duur van gedagtes* rondom die traumatiese gebeurtenis, sowel as die beskouing van

trauma binne 'n spesifieke tydsinterval. Die slagoffer kan byvoorbeeld met kort tussenposes fokus. Tydens die herbelewing van 'n transitorooftog mag die sekuriteitswag op elke bevel van die rower individueel reageer om sodoende nie die volle implikasie van die roof op een slag te moet hanteer nie. As alternatief mag daar op 'n uitgebreide tydsinterval gefokus word, dit wil sê die transitorooftog word as 'n enkele gebeurtenis in 'n anders betekenisvolle lewe beskou.

'n Tweede strategie is die moontlike *keuses* wat die slagoffer maak nadat hy die traumatiese gebeurtenis in oënskou kon neem. Hierdie keuses kan onder andere verhoudings met betekenisvolle ander persone, waardes, norme en die siening van die wêreld beïnvloed. Die slagoffer van 'n transitorooftog kan byvoorbeeld enersyds voel dat hy sy trauma self kan verwerk; andersyds kan hy op die ondersteuning en hulp van sy gesin en vriende staatmaak.

Laastens moet die slagoffer besluit watter *inligting* hy tydens die verwerking van trauma gaan gebruik of ignoreer. Dit kan gedoen word deur op die huidige implikasies van die trauma te fokus en nie op besluite wat hy in die verlede rakende sy beroep geneem het nie. Die slagoffer van 'n transitorooftog moet fokus op die verwerking van die rooftog eerder as om te konsentreer op die feit dat hy 'n gevaarlike beroep gekies het wat van hom 'n sagte teiken vir aanvalle en rooftogte maak.

#### 2.4.5.2 Stresresponse

Drie verskillende stresresponse is deur Zilberg, Weiss en Horowitz geïdentifiseer, gegrond op Horowitz (in Greenburg, 1995:1274) se psigodinamiese model. Elkeen van die response beskryf die onvermoë van die slagoffer om nuwe inligting wat met die stressor verband hou, te integreer. Eerstens kan die persoon in 'n staat van *vermyding* verval. Die rede hiervoor is dat die slagoffer se inhiberende pogings te sterk vir sy aktiewe denke is, wat veroorsaak dat die slagoffer se beskermingsmeganismes hom verhoed om gebeure rondom die trauma te onthou

of te herroep (Greenburg, 1995:1275). Jones en Barlow (1990:315) vind aansluiting by Greenburg en beskou slaapversteurings soos nagmerries en slapeloosheid as die primêre simptoom van vermydingsgedrag.

Tweedens mag slagoffers *konstante en herhaalde denkbeelde* van die traumatiese gebeurtenis soos byvoorbeeld nagmerries, terugflitse en hoë vlakke van angstigheid ervaar (Jones & Barlow, 1990:317).

Derdens mag slagoffers se denke wissel tussen herhaalde denkbeelde van die trauma en vermydingsgedrag, wat aanleiding kan gee tot *emosionele afstomping en angstigheid* waartydens terugflitse en nagmerries algemeen voorkom (Greenburg, 1995:1282).

## 2.5 DIE TEORETIESE PERSPEKTIEF TER VERKLARING VAN DIE DIREKTE SLAGOFFERBELEWENIS

Aangesien daar geen omvattende teorie bestaan wat die direkte slagofferbelewenisse van transitorooftogte verklaar nie (vgl. par. 1.3) sal die navorser enkele verklarings rondom die viktimisasiebelewenisse *per se* ontleed. Aspekte, modelle en/of teorieë wat bruikbaar kan wees om die slagofferbelewenisse te verklaar, is geïdentifiseer. Dit blyk ook verder nodig te wees om twee teorieë, nie as alternatiewe nie, maar eerder as aanvullend tot mekaar, ter verklaring te gebruik. Maslow se Selfaktualiseringsteorie (1970:15) en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) sal as raamwerk vir die ondersoek dien. Die teorieë sal ook krities bespreek word, om moontlik die direkte slagoffer van 'n transitorooftog se belewenisse en gepaardgaande viktimisasie te verklaar.

### 2.5.1 Die Selfaktualiseringsteorie van Maslow

In die onderhawige studie van die roof van kontant in transito, is daar gepoog om die slagofferbelewenis aan die hand van Maslow se Selfaktualiseringstoerie te verklaar. Prinsloo (1993:60) is van mening dat, alhoewel hierdie bepaalde teorie nie 'n baie onlangs geformuleerde teorie is nie, dit onbekend is binne die kriminologiese perspektief. Aangesien die direkte slagoffer in hierdie studie die slagoffer van 'n misdadige handeling is, kan dit binne die kader van die kriminologie en viktimologie bestudeer word.

Maslow het aan die Universiteit van Wisconsin in die VSA sy doktorale studie onder leiding van Harray Harlow in die behaviourisme gedoen. Dit het oor die seksuele gedrag van bobbejane gehandel. Maslow se belangstelling in die behaviourisme het egter afgeneem nadat sy eie kinders hom laat besef het dat die komplekse gedrag van mense nie aan die hand van studies met diere verklaar kan word nie.

Na die aanval op Pearl Harbour tydens die Tweede Wêreldoorlog was Maslow oortuig dat naas sulke destruktiewe behoeftes daar iets groter in die menslike aard moes wees wat hom na hoër ideale laat streef (Meyer et al., 1992:375). Hierdie siening van Maslow was in stryd met aannames van die behaviouristiese denkskool wat die mens beskou het as 'n produk van sy omgewing wat gedragspatrone aanleer en internaliseer (Prinsloo, 1993:61). In reaksie op die oorheersende behaviouristiese sienswyses van sy tyd (1943-1971) ontwikkel Maslow toe sy humanistiese-eksistensiële benadering wat deur 'n hiërargiese sisteem van behoeftes gekenmerk word (Prinsloo, 1993:61). Die humanistiese denkrigting het sy oorsprong in die VSA en die eksistensialisitiese benadering in Europa. Albei weerspieël egter 'n geesteswetenskaplike oriëntasie. Die hoofdoel van sy studie was om die individue se gedrag te verstaan en/ of te verklaar en sodoende individuele verskille aan te toon (Meyer et al.,1992:30).

Maslow se humanistiese benadering (1970:17) het die klem op die basiese goedheid van die mens geplaas (Meyer et al., 1992:376). Maslow was van mening dat menslike funksionering aan die hand van behoeftebevrediging verduidelik kan word. Dit is die strewe van die mens om te groei en sy eie potensiaal te verwesenlik. Hierdie strewe kan dan moontlik tot selfaktualisering lei. Die individu is grootliks op sy omgewing aangewese om sy behoeftes te bevredig, daarom bereik min mense in die samelewing die gewenste vlak van selfaktualisering. Maslow (1970:19) beskou misdaad, geweld, armoede en werkloosheid as enkele voorbeelde van 'n onvolmaakte samelewing wat die individu verhoed om sy volle potensiaal te aktualiseer.

Maslow het **vyf basiese behoeftes** geïdentifiseer wat hy in 'n hiërargie gerangskik het waarvolgens die individu telkens tot 'n hoër vlak en uiteindelik tot selfaktualisering kan lei. Laerordebehoeftes soos die fisiologiese en veiligheidsbehoeftes moet eers bevredig word voordat hoërordebehoeftes aandag kan geniet (vgl. Figuur 1). Die hiërargie van basiese behoeftes word soos volg in rangorde van toenemende belangrikheid gerangskik (Maslow, 1970:18):

- Fisiologiese behoeftes
- Veiligheidsbehoeftes
- Die behoefte aan affiliasie en liefde
- Die behoefte aan selfagting
- Die behoefte aan selfaktualisering.

### 2.5.1.1 Die fisiologiese behoeftes

Maslow (1970:18) is van mening dat die strewe na bevrediging van die fisiologiese behoeftes die biologiese voortbestaan van die mens verseker. Hierdie behoeftes sluit liggaamlike behoeftes in, byvoorbeeld die behoefte aan voedsel, water, slaap en seksuele aktiwiteit of seksuele uitlewing. Indien hierdie behoeftes nie bevredig word nie, oorheers dit alle ander behoeftes in die hiërargie (Jordaan & Jordaan,

1987:632). Dikwels kan sekuriteitswagte finansiële probleme ervaar as gevolg van lae lone. Substituutbevrediging word dan verkry in die vorm van 'n tweede werk om sodoende lae lone aan te vul. Dit word dus beskou as 'n handeling om te kompenseer vir onvoldoende behoeftebevrediging. Sonder 'n aanvullende inkomste sal die basiese behoeftes nie bevredig kan word nie. Op fisiologiese vlak kan die oormatige inname van alkohol, dwelms en strawwe rookgewoontes ook as substituut dien, in 'n poging om aan die realiteit van finansiële probleme te ontkom. Eweneens moet lae sosio-ekonomiese status op die fisiologiese vlak nie as alleenoorsaak vir substituutbevrediging voorgehou word nie. Hebsug, affiliasiebehoeftes en selfagting kan immers ook aanleiding gee tot substituutbevrediging (Prinsloo, 1993:63).

#### 2.5.1.2 Die veiligheidsbehoeftes

Sodra die mens sy veiligheid in gevaar stel in 'n poging om fisiologiese behoeftes te bevredig, word sekuriteit vir hierdie persoon 'n primêre behoefte (Prinsloo, 1993:62). Die sekuriteitswag wat betrokke is by die vervoer van groot bedrae kontant, stel dikwels hul lewe in gevaar ten einde hulle beroep te beoefen. Sou hy dit nie doen nie, beteken dit dat hy geen inkomste het nie en hy nie sy basiese fisiologiese behoeftes kan bevredig nie. Die veiligheidsbehoeftes sluit ook die behoefte aan sekuriteit, struktuur, wette, orde en 'n afwesigheid van vrees en angs in: "A person in this state, if it is extreme enough and chronic enough, may be characterized as almost living for safety alone" (Maslow, 1987:18).

Die sekuriteitswag streef nie net fisiese beveiliging in sy beroep na nie, maar ook in sy alledaagse lewe. Fisiese beveiliging in sy beroep behels onder andere die vervoer van groot bedrae kontant in gepantserde voertuie en die dra van koeëlvaste baadjies en vuurwapens. As gevolg van die sekuriteitswag se bewuswording van veiligheid mag hy sy eie persoonlike vuurwapen aanskaf om homself en sy eiendom te beskerm. Na afloop van 'n transitorooftog mag die sekuriteitswag die wêreld as 'n onveilige en onvoorspelbare plek ervaar. Sodra sy veiligheidsbehoeftes deur 'n transitorooftog bedreig word, mag hy regresseer van hoërordebehoeftes tot op die

vlak van veiligheidsbehoeftes in 'n poging om homself en sy menswees te verdedig. Die veiligheidsbehoefte sluit egter nie net fisiese beveiliging in nie, maar ook emosionele stabilisering. Lewensfilosofieë en religieuse instellings kan ook 'n raamwerk verskaf waarbinne die persoon *veilig* kan voel (Meyer et al., 1992:379).

#### 2.5.1.3 Affiliasiebehoeftes

Wanneer fisiologiese en veiligheidsbehoeftes op 'n gereelde basis bevredig word, word 'n mens bewus van sy behoefte om te behoort en om liefde te gee en te ontvang. Liefde en seksuele gedrag is egter nie sinonieme binne die konteks van affiliasiebehoeftes nie. Seksuele gedrag sonder liefde is bloot die vervulling van 'n fisiologiese behoefte. Sou dit gebeur, ontstaan daar 'n groter behoefte aan affiliasie en liefde. Liefde as integrale deel van seksuele gedrag gee aanleiding tot die vervulling van albei behoeftes, dit wil sê fisiologiese en affiliasiebehoeftes (Prinsloo, 1993:64). Maslow (1970:20) is van mening dat die behoefte aan affeksie en liefde dikwels in die samelewing tot die vervreemding van mense kan lei. Die sosiale verkeer met die gesin en vriende is dikwels oppervlakkig eerder as intiem en dit kan 'n gevoel van eensaamheid en isolasie by mense laat ontstaan. Redes wat deur Maslow (1970:23) aangevoer word, is die gebrek aan tyd en die verbrokkeling van gesinstrukture. Die sekuriteitswag word onderwerp aan lang, stresvolle werkure. Na 'n werkdag is hy gewoonlik moeg en beïnvloed dit die kwaliteit van die tyd wat hy met vriende en familie deurbring. Die gebrek aan geld kan dan ook die sekuriteitswag se sosiale lewe verder beïnvloed, deurdat dit hom verhoed om geld aan vryetydsbesteding te spandeer.

Die behoefte aan aanvaarding en om te behoort, word gekenmerk deur die strewe na kameraadskap. Die veiligheidswagte vorm 'n noue band met mekaar, aangesien onderlinge vriendskappe by die werk gevorm word. Hulle identifiseer met mekaar omdat hulle soortgelyke behoeftes en ervarings deel. Binne die groep bestaan daar 'n bewustheid van die gevaar in die werksplek. Hulle deel ook dieselfde vrese vir moontlike aanvalle aangesien hulle enige tyd die slagoffers van 'n transitorooftog kan

word. Hierdie kameraadskap kan bydra tot die vervulling van affiliasiebehoeftes. Die volgende aanhaling van Maslow (1970:20) beskryf die band wat gevorm word tussen soldate tydens 'n oorlogsituasie. Navorser is van mening dat die betrokke aanhaling ook van toepassing op sekuriteitswagte kan wees, aangesien daar ook 'n behoefte aan groepsondersteuning en affiliasie tydens gevaarsituasies bestaan.

> "Being part of is motivated by the profound hunger for group feelings, for contact, for real togetherness in the face of a common enemy, any enemy that can serve to form an amity group simply by posing an external threat. The same kind of thing has been observed in groups of soldiers who were pushed into an unwanted brotherlisness and intimacy by their common external danger, and who may stick together throughout a lifetime as a consequence" (Maslow, 1970:20).

### 2.5.1.4 Die behoefte aan selfagting en waardering

Selfagting verwys na die mens se behoefte om homself positief te evalueer. Maslow (1970:45) onderskei tussen twee kategorieë van selfagting en waardering.

- Die eerste kategorie hou verband met dit wat 'n persoon *self kan vermag*, en loop uit op bekwaamheid, prestasie, selfvertroue, persoonlike sterkte en onafhanklikheid.

- Die tweede kategorie hou verband met die *agting van ander*. Dit sluit status, roem, belangrikheid, waardigheid en waardering in. Dus bestaan die behoefte by die individu dat sy bekwaamheid ook deur ander erken en waardeer sal word.

Die vervulling van die behoefte aan selfagting en waardering lei tot selfvertroue en die gevoel van waardigheid. Indien die behoefte nie vervul word nie kan dit aanleiding gee tot gevoelens van minderwaardigheid, swakheid en hulpeloosheid (Jordaan & Jordaan, 1987:824). Selfagting moet egter nie net op die oordele van

ander berus nie; persoonlike oordeel moet ook 'n rol speel:

> "Hence, there is a real pshycological danger of basing one's esteem needs on the opinions of others rather than on real ability, achievement and adequacy. To be solid, self esteem must be founded on one's actual worth, not on external factors outside one's control" (Hjelle & Ziegler, 1981:373).

Die roof van kontant in transito mag die direkte slagoffer met gevoelens van minderwaardigheid, hulpeloosheid, negatiwiteit en emosionele labiliteit laat. Hierdie gevoelens kan dikwels aanleiding gee tot vermydingsgedrag, 'n gevoel van onbekwaamheid in die werksplek, selfblaam en haatgevoelens teenoor die oortreder. Gevoelens van onbekwaamheid kan manifesteer as gevolg van die direkte slagoffer se siening dat hy die roof moes kon afweer. As gevolg hiervan kan hy homself blameer en kan hy haatgevoelens jeens die oortreder koester omdat hy (die sekuriteitswag) deur die oortreder verhoed is om sy werk te doen. Hierdie gevoelens van onbekwaamheid kan dus die behoefte aan waardering en selfagting verydel. Dit sou egter versterk kon word indien die sekuriteitswag 'n aanval kon afweer en die roof van kontant kon misluk. Die sekureitswag sou dan erkenning nie net van sy kollegas nie, maar ook van die werkgewer ontvang, wat gevolglik vir die sekuriteitswag die nodige selfvertroue sou gee. Die behoefte aan selfagting en waardering sou dus vervul kon word.

#### 2.5.1.5 Die behoefte aan selfaktualisering

Selfaktualisering verwys na die persoon se strewe om alles te wees waartoe hy in staat is, dit wil sê om sy talente en vermoëns ten volle uit te leef. Maslow (1970:46) sê in die verband die volgende: "A musician must make music, an artist must paint, a poet must write, if he is to be at peace with himself. What a man can be, he must be. He must be true to himself and his nature." Die strewe na selfaktualisering kan egter van persoon tot persoon verskil. By een persoon kan dit aanleiding gee tot die skilder van meesterwerke; vir 'n ander kan dit die ontsyfering van komplekse

wiskundige formules wees.

Die behoefte aan selfaktualisering spoor dus die persoon aan om die beste in homself en in sy leefwêreld te ontdek. Gevaarlike werkomstandighede en die moontlikheid van 'n transitorooftog kan die sekuriteitswag strem in die bereiking van sy potensiaal. Aangesien selfaktualisering selde bereikbaar is, word onsekerheid en spanning deel van die sekuriteitswag se lewe. Hierdie spanning kan toeneem namate behoeftebevrediging verydel word. In teenstelling met bogenoemde, sien die sosiale leerteoretici die mens se lewe as iets meer as net die bevrediging van behoeftes. Die mens het volgens hulle die vermoë om sy eie lewe en ontwikkeling binne perke te bepaal (Meyer et al., 1992:236). Die mens kies dus self wat hy as belowend en waardevol in die lewe beskou.

### 2.5.1.6 Behoefteverydeling

Afwykings in die vorm van patologie, onder andere posttraumatiese stresversteuring en depressie, is die resultaat van stagnering op 'n bepaalde vlak, of die regressie tot laer vlakke van behoeftes. Volgens Maslow (1970:75) kan patologie gedefinieer word as "anything that disturbs or frustrates or twists the course of self actualization." Indien basiese behoeftes nie bevredig word nie, bly die sekuriteitswag gepreokkupeerd daarmee en voel hy bedreig. Veiligheid hang nou saam met die omgewing waarin die sekuriteitswag hom bevind. Die omgewing verwys dus na die werkplek van die sekuriteitswag waarbinne die slagoffer na afloop van 'n transitorooftog 'n verlies aan veiligheid kan ervaar. Dit veroorsaak dat die direkte slagoffer op die vlak van veiligheidsbehoeftes kan stagneer, wat gevolglik sy strewe na selfaktualisering kan verydel.

### 2.5.1.7 Slotsom

Jordaan en Jordaan (1987:825) is van mening dat die hiërargiese sisteem soos Maslow dit voorstel, nie op alle mense van toepassing is nie. Juis om dié rede is

afwykings in die hiërargie moontlik. Die roof van kontant in transito illustreer volgens die navorser 'n omruiling in die hiërargie. Hiervolgens word die veiligheidsbehoefte as primêr beskou. Die rede hiervoor is dat die sekuriteitswag hulle veiligheid in gevaar stel in 'n poging om sy fisiologiese behoefte te bevredig (vgl. par. 2.5.1.1). Indien die sekuriteitswag sy fisiologiese behoeftes as primêr beskou het en hy 'n keuse gehad het, sou hy immers heel moontlik 'n minder lewensbedreigende beroep, gekies het.

Affiliasiebehoeftes behels die sekuriteitswag se behoefte aan liefde en interaksie met sy gesin en vriende. Groeplidmaatskap en onderlinge vriendskappe by die werk word ook by affiliasiebehoeftes ingesluit (vgl. par. 2.5.1.3). Die behoefte aan selfagting en waardering hou verband met die sekuriteitswag se siening oor homself en die siening van ander mense (vgl. par. 2.5.1.4). Die roof van kontant in transito laat die slagoffer dikwels met gevoelens van onbekwaamheid, hulpeloosheid en minderwaardigheid wat die behoefte aan selfagting en waardering kan vernietig.

## 2.5.2 Die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale

Seligman en Maier het in 1967 eksperimente op honde uitgevoer waartydens 'n hond vir 24 uur aan herhaaldelike onontkombare elektriese skokke blootgestel is. Ná die 24 uur is hy weer een keer geskok. Die reaksie van hierdie dier word soos volg beskryf: Die hond hardloop vir 30 sekondes onophoudelik rond, gaan lê dan en tjank saggies. Na een minuut word die skokke outomaties beëindig. Die hond word hierna weer aan elektriese skokke blootgestel. Weer eens faal hy daarin om te ontsnap en na 'n paar sekondes gee hy moed op om te ontsnap en aanvaar gevolglik met passiwiteit die elektriese skokke. Reaksies soos dié van die hond op gebeure wat onbeheerbaar is, word beskou as aangeleerde magteloosheid. Die onbeheerbaarheid van viktimisasie is een van die bepalende eienskappe van die viktimisasiegebeurtenis.

Daar kan dus 'n moontlike verband tussen die respons op viktimisasie en aangeleerde magteloosheid getrek word (Peterson & Seligman, 1983:104).

In 1976 het Maier en Seligman die teorie van Aangeleerde Magteloosheid (Maslow, 1970:18) verder uitgebou. Maier en Seligman se hipotese is dat persone wat geleer is dat hulle geen beheer oor die gevolge van 'n situasie kan uitoefen nie, **drie** tekortkominge beleef naamlik op die terreine van motivering, kognitiwiteit en emosie (Cilliers, 1986:16). Eerstens lei 'n tekortkoming in kognisie daartoe dat mense verwag dat hulle geen beheer oor die resultaat kan uitoefen nie. In die geval van die toetse wat op die honde uitgevoer is, word dit gesien wanneer die honde geen poging aanwend om te ontsnap nie. Tweedens verwys ontoereikende motivering na 'n vertraagde inisiatief omdat mense verwag dat die resultaat onbeheerbaar sal wees. Die hond het byvoorbeeld nie geweet dat 'n enkele respons die skokke sal beëindig nie. Laastens dui emosionele tekortkoming op 'n respons soos die honde se passiewe aanvaarding van die skokke. Volgens Abramson, et al. (1978:50) verwys gebrekkige emosie as tekortkoming na die depressiewe inwerking van emosie as gevolg van onbeheerbare gevolge van 'n traumatiese gebeurtenis. Die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie verklaar emosionele afstomping en passiwiteit na afloop van 'n traumatiese gebeurtenis (Peterson & Seligman, 1983:103). Slagoffers mag tydens die traumatiese gebeurtenis besef dat hulle reaksie tevergeefs is. Dit lei tot 'n gevoel van hulpeloosheid. Die teorie is gebaseer op die uitgangspunt dat wanneer 'n persoon vind dat hy hulpeloos is, hy homself die vraag afvra waarom dit so is. Die antwoord op hierdie vraag sal 'n invloed op die slagoffer se belewenis van die traumatiese gebeurtenis uitoefen, wat moontlik selfrespek kan beïnvloed (Abramson et al., 1978:50). Die outeurs het dus die Aangeleerde Hulpeloosheidstoerie aangepas om dit meer relevant tot die viktimisasiebelewenis te maak.

#### 2.5.2.1 Persoonlike magteloosheid *versus* universele magteloosheid

Persoonlike magteloosheid verwys na situasies waar persone glo dat hulle nie self

die probleme wat uit die weg geruim moet word, kan oplos nie. Die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, et al. (1978:50-70) vind aansluiting by die Sosiale Leerteorie van Bandura. Bandura (1977:32) beskou die feit dat persone wat glo dat hulle nie probleme self kan oplos nie, 'n lae doeltreffendheidsverwagting het. Dit kan lei tot 'n onbereikbare verwagting in 'n bepaalde situasie.

Magteloosheid kan verder verklaar word aan die hand van die verhouding tussen hulpeloosheid en interne of eksterne lokus van kontrole. Rotter (1966:12) wys daarop dat individue twee verskillende tipes interpretasies van hul gedrag ontwikkel, wat hy onderskeidelik *interne* en *eksterne* lokus van kontrole noem. Universele magteloosheid ontstaan as mense glo dat, dit wat op hulle gedrag volg, die resultaat van eksterne faktore soos geluk, toeval, die noodlot of die invloed van ander persone is. Daar word dus aanvaar dat hulle min beheer oor hulle lewe kan uitoefen. Rotter is dus van mening dat universele magteloosheid as *eksterne lokus van kontrole* bestempel kan word. Sommige persone meen daarenteen dat hulle in 'n groot mate beheer kan uitoefen oor dit wat met hulle gebeur. Rotter beskou hierdie eienskap dus as die interne lokus van kontrole (Abramson et al., 1978:51). Peterson en Seligman (1983:108) postuleer dat die interne lokus van kontrole die selfbeeld beïnvloed terwyl die eksterne lokus van kontrole dit nie doen nie.

Volgens navorser kan die sekuriteitswagte die transitorooftog as die resultaat van eksterne faktore soos toeval, die noodlot of die invloed van ander persone beskou. Die direkte slagoffer van 'n transitorooftog is moontlik van sy kwesbaarheid bewus, aangesien hy nie weet waar of wanneer 'n rooftog kan plaasvind nie. Hy het dus geen beheer oor sy toekoms nie (interne lokus van kontrole) aangesien die uitkoms van die transitorooftog deur eksterne faktore beheer word. Hierdie eksterne faktore kan die handeling van ander persone (rowers) waaroor die sekuriteitswag geen beheer het nie, insluit (eksterne lokus van kontrole). Die sekuriteitswag aanvaar dus dat transitorooftogte deel van die noodlot is en daarom sal die selfbeeld volgens Peterson en Seligman (1983:109) nie beïnvloed word nie.

### 2.5.2.2 Algemene en chroniese magteloosheid

Volgens die aanvanklike benadering van Abramson en Maier tot magteloosheid het mense 'n gebrek aan motivering en kognitiwiteit ervaar as gevolg van die verwagte onbeheerbaarheid van die situasie. Kritiek hierteen is dat daar nie aangetoon word wanneer persone hierdie verwagte beheerbaarheid te wagte kan wees nie (Abramson et al., 1978:55).

Met die herformulering van die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie deur Abramson, et al. (1978:49-74) is die volgende faktore uitgelig om magteloosheid verder te omskryf. Eerstens word daar onderskei tussen *globale* en *spesifieke magteloosheid*. Indien magteloosheid in 'n wye reeks situasies voorkom, word dit *globale magteloosheid* genoem, byvoorbeeld wanneer die slagoffer van 'n transitorooftog se emosionele magteloosheid in die verwerking van sy trauma oorspoel na sy verhouding met sy gesin en vriende. Sou magteloosheid slegs in 'n sekere situasie, byvoorbeeld tydens 'n transitorooftog, ervaar word, word dit as *spesifiek* beskou.

Aangesien magteloosheid van situasie tot situasie verskil, moet die tydsverloop as 'n tweede faktor ook in aanmerking geneem word (Cilliers, 1986:17). Magteloosheid kom in verskillende tydsintervalle voor. Vir een persoon mag dit slegs vir minute duur en is dus kort en eenmalig (*kortstondige magteloosheid*); vir ander jare (*chroniese magteloosheid*). Die persoon wat magteloosheid beleef, mag uitvind dat sekere gevolge van 'n situasie en die response daarop onafhanklik van mekaar voorkom, en dan die oorsaak van die situasie hierin soek. Die beskrywing van die oorsaak beïnvloed die persoon se toekomsverwagtinge na aanleiding van die persoon se respons-gevolg verhouding (sy optrede en wat daaruit voortvloei). Die gevolg kan globale of spesifieke, kortstondige of chroniese implikasies vir die persoon inhou (Abramson et al., 1978:56). Die slagoffer kan die resultaat van situasies aan *stabiel-onstabiele* en *intern-eksterne faktore* toeskryf (Cilliers, 1986:17). *Stabiele faktore* verwys na faktore wat oor 'n lang tydperk strek en herhalend is, waar *onstabiele faktore* as kortstondig en afwisselend beskryf word. Die roof van kontant in transito

kan byvoorbeeld nadelige gevolge vir die sekuriteitswag inhou, indien hy dit toeskryf aan die gebrek aan geluk (eksterne/onstabiele faktor). Hy glo dat die geluk op daardie betrokke dag van die roof aan sy kant sou wees, die transitorooftog nie sou plaasgevind het nie. Die transitorooftog word dus bloot as *slegte geluk* beskou (oftewel *bad luck*). Verder onderskei Cilliers (1986:17) tussen *globaal-spesifieke faktore* en *stabiliteit*. *Globale faktore* is daardie faktore wat in alle situasies voorkom, terwyl *spesifieke faktore* nie in alle situasies voorkom nie maar slegs in die oorspronklike situasie. Aanspreeklikheid vir situasies kan meebring die persoon kan bepaal oor watter tydperk die verwagte magteloosheid weer kan voorkom. *Globale faktore* help die slagoffer om te bepaal wat die verwagtinge kan wees by 'n soortgelyke voorval, al verander die situasie.

### 2.5.2.3 Depressie as oorsaak van magteloosheid

Volgens Seligman en Peterson (1978:65) bestaan daar **drie** faktore wat moontlik die intensiteit van depressie simptome bepaal, naamlik die *intensiteit* van die effek waar verwagtinge met betrekking tot die situasie onwaarskynlik blyk te wees, tweedens 'n afkeur van die uitkoms van gedrag en derdens dat die waarskynlikheid van die situasie nie sal verander nie (Seligman & Peterson, 1978:65). Die langdurigheid en moontlike swak selfbeeld wat tot depressie afwykings aanleiding gee, word bepaal deur die globale en innerlike minderwaardigheidsfaktore. Die duur van depressie kan van individu tot individu verskil. Vir sommige individue mag dit oor jare strek, vir ander slegs oor maande. Die teorie van Aangeleerde Hulpeloosheid plaas die klem op menslike gedrag in bepaalde situasies. Hierdie teorie kan egter op die slagoffer van transitorooftogte toegepas word. Die slagoffer van transitorooftogte is in die meeste gevalle magteloos om weerstand te bied. Viktimisasie kan dus op die volgende aspekte van die teorie gebaseer word, naamlik:

- persoonlike magteloosheid
- unversiële magteloosheid
- algemene en chroniese magteloosheid en

- depressie as oorsaak van magteloosheid.

Die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie raak ook die aspek van oorsaaklikheid aan (Cilliers, 1986:19). Hierdie teorie kan dus op die slagoffer, misdadiger en strafregsplegingstelsel van toepassing gemaak word, daarom is dit ook dualisties van aard. Die dimensies wat die aangeleerde mageloosheidsteorie daarstel, kan byvoorbeeld met betrekking tot die slagoffer van 'n transitorooftog verduidelik word weens die gevaar van die sekuriteitswag se beroep. Die eksterne faktore is die gevaar en die oortreder (rower); die interne faktore is die slagoffer se belewenis daarvan; die globale faktore is die omvang van transitorooftogte terwyl die konteks-spesifieke faktore die slagoffer se persoonlike ondervinding daarvan kan wees.

Aangeleerde magteloosheid bepaal die slagoffer se belewenis van die misdaadsituasie, wat weer die intensiteit van die magteloosheid bepaal (Cilliers,1986:19). Motivering bepaal waarom die slagoffer nie opgetree het nie en kognitiwiteit fokus op die waarneming van gedrag. Swak selfbeeld en beïnvloedbaarheid deur die rowers, dwing die sekuriteitswag om gehoor aan hulle dreigemente te gee. Aangeleerde hulpeloosheid mag die sekuriteitswag aanspoor om sy lewenstyl of selfs beroep te verander sodat hy nie weer in dieselfde misdaadsituasie sal beland nie. Dit gebeur byvoorbeeld dat die slagoffer van 'n transitorooftog van beroep verander of na 'n ander afdeling oorgeplaas word. Die gevolge van 'n transitorooftog kan moontlik aanleiding gee tot depressiesimptome soos vrese, fobies, chroniese nagmerries en terugflitse.

### 2.5.3 Slotsom

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking kom die navorser tot die gevolgtrekking dat dit nie altyd moontlik is om een teorie te vind wat alle aspekte van 'n bepaalde verskynsel kan verklaar of beskryf nie. Ter verklaring van die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte, blyk dit dan nodig te wees om twee of meer teorieë te gebruik. Die teorieë staan nie noodwendig teenoor mekaar nie maar kan

eerder aanvullend tot mekaar toegepas word, ten einde 'n moontlike verklaring vir die komplekse verskynsel van transitorooftogte te vind. Navorser is verder van mening dat die Selfaktualiseringteorie van Maslow (1970:18-46) as riglyn vir die beskrywing van die slagofferbelewenis gebruik kan word. Maslow verduidelik menslike funksionering aan die hand van behoeftebevrediging. Die individu is grootliks op sy omgewing aangewese om sy behoeftes te bevredig. Maslow het sy behoeftes volgens 'n hiërargie gerangskik waar die mens telkens tot 'n hoër vlak van selfaktualisering kan vorder namate behoeftebevrediging plaasvind. Indien behoeftes op een vlak nie bevredig word nie, stagneer die slagoffer op die vlak en kan selfaktualisering nie verwesenlik word nie. Maslow se hiërargie van basiese behoeftes sluit fisiologiese behoeftes, veiligheidsbehoeftes, die behoefte aan affiliasie en liefde, die behoefte aan selfagting sowel as die behoefte aan selfaktualisering in. Maslow se teorie van Selfaktualisering fokus op die direkte slagoffer se beleweniswêreld en invloede wat die direkte slagoffer verhoed om tot sy volle potensiaal te aktualiseer. Transitorooftogte kan aanleiding gee tot onvoldoende behoeftebevrediging, wat weer daartoe bydra dat die impak van viktimisasie op die direkte slagoffer verhoog kan word.

## 2.5.4 Navorsingsverwagtinge

Aangesien hierdie 'n beskrywende studie is, word geen hipoteses vir die studie gestel nie. Daar is wel navorsingsverwagtinge gestel ten einde deur die bevestiging van sekere aannames struktuur aan die ondersoek te gee.

**Navorsingsverwagting 2.5.4.1**

Die navorsingsverwagting behels die reaksie van die slagoffer direk ná die transitorooftog.

2.5.4.1.1 Die transitorooftog sal fisieke verandering by die direkte slagoffer meebring.

2.5.4.1.2 Die transitorooftog sal emosionele veranderinge by die direkte slagoffer meebring.

2.5.4.1.3 Die transitorooftog sal 'n invloed op die lewensiening van die direkte slagoffer hê.

2.5.4.1.4 Die transitorooftog sal 'n impak op die interpersoonlike verhoudinge van die direkte slagoffer hê.

**Navorsingsverwagting 2.5.4.2**

Die navorsingsverwagting hou verband met die direkte slagoffer se geloofservaring en die belewing van die strafregplegingsisteem na afloop van die transitorooftog.

2.5.4.2.1 Die direkte slagoffer se geloofservaring sal deur die transitorooftog beïnvloed word.

2.5.4.2.2 Die strafregplegingsisteem sal die direkte slagoffer se belewenis van 'n transitorooftog beïnvloed.

# HOOFSTUK 3

# *METODOLOGIESE VERANTWOORDING, PROSEDURES EN TEGNIEKE*

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig van die metodologiese verantwoording ten opsigte van die onderhawige ondersoek gegee sowel as 'n beskrywing van die prosedures wat vir die insameling van die gegewens gebruik is. Die onderskeie tegnieke wat vir die data-ontleding aangewend is, word ook uiteengesit. Laastens word die profiel van die ondersoekgroep gegee.

## 3.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Die begrip *metodologie* is afgelei van die Griekse woorde *meta, hodos* en *logos* wat onderskeidelik *waarlangs*, *pad* en *kennis* beteken. Metodologie kan dus omskryf word as "die pad waarlangs tot kennis gekom word" (Verwey, 1994:185). Volgens Hagan (1997:11) behels metodologie in hierdie konteks die akkurate insameling van inligting of feite aangaande misdaad en die kriminele strafregsplegingsisteem en hy stel dit soos volg: "theory addresses the issues 'why', methodology concerns itself with 'what' is." Pretorius (1984:84) poneer verder dat metodologie verwys na algemene beginsels waarvolgens prosedures en tegnieke vir navorsing ontwikkel word. Navorsingsmetodes is die soeke na kennis, en die tipe inligting wat die navorser insamel, bepaal die keuse van metodes, prosedures en tegnieke van die studie. Navorser het tydens die ondersoek, net soos Pretorius (1984:84), van 'n kontekspesifieke metodologiese benadering gebruik gemaak. Volgens dié benadering word klem op die betekenisinhoud wat die direkte slagoffer aan die viktimisasiebelewenis van 'n transitorooftog heg, gelê. Die doel van die studie is om die slagofferbelewenis van 'n transitorooftog te bepaal.

### 3.2.1 Die rasionaal vir die keuse van 'n navorsingsmetode

Sover bepaal kan word, bestaan daar geen navorsing oor die viktimisasiebelewenis van die roof van kontant in transito nie (vgl. par. 1.3). Dit is dus belangrik om eers te verstaan wat die impak en belewenis van transitorooftogte op sekuriteitswagte is, voordat ander areas, onder andere die *modus operandi* van die rowers, bestudeer kan word.

Vir die doeleindes van die studie is daar op 'n *kwalitatiewe* eerder as *kwantitatiewe* metodologie besluit. Dane (1990:336) bestempel *kwalitatiewe* navorsing as "nonnumerical analyses concerning quality rather than quantity." Hagan se siening (1997:14) stem ooreen met die van Dane (1990) en hy poneer die volgende: "in quantitative research concepts are assigned numerical value, whereas in qualitative research concepts are viewed as sensitizing ideas or terms that enhance our understanding. "

Jupp (1989:28) benadruk in dié verband dat navorsers selde syferwaardes aan hulle waarnemings koppel. Jupp (1989:29) is verder van mening dat kwalitatiewe navorsing meer klem lê op die gebruik van waarnemingsprosedures en indiepte-onderhoude. Schurink, Snyman en Krugel (1992:67) beklemtoon verder dat kwalitatiewe navorsing op die insameling van gedetailleerde eerstehandse inligting oor mense se subjektiewe leefwêrelde fokus. Persepsies, houdings, oortuigings, gevoelens en gedrag asook die betekenis en interpretasie wat slagoffers aan gebeure heg, word as die sentrale temas van kwalitatiewe navorsing beskou (Verwey, 1994:186).

Kritiek teen die gebruik van die kwalitatiewe benadering is onder andere die volgende: Die getal onderhoude is te klein om tot die veralgemening van bevindinge te lei; die moontlikheid van leidende vrae deur navorsers bestaan en die interpretasie van die gegewens kan subjektief en eensydig wees aangesien elke navorser sy eie lewens- en wêreldbeskouing handhaaf. Verder kan kwalitatiewe navorsing deur

kultuurverskille bemoeilik word. Hierdie kritiek kan egter uit onkunde en vooroordeel teenoor die metode spruit (Reid, 1997:37). Die outeur is van mening dat onderhoude suksesvol met respondente gevoer kan word en dat 'n navorser sodoende so veel as moontlik inligting rondom die verskynsel wat ondersoek word, kan inwin. Oop vrae is gekies sodat die respondent self kan besluit watter faktore van die gebeurtenis die belangrikste vir hom was en sy belewenis sonder beperking kan weergee. Laastens het die navorser gepoog om deur die objektiewe observasie van die slagoffer se belewing tot groter insig en kennis rakende die verskynsel te kom, sonder om bestaande navorsing te dupliseer. Reid (1997:37) stel dit soos volg: "the validity and reliability of phenomenological research does not depend on the replicability of the data but rather on the reappearance of various themes which lead to a greater intersubjective understanding of the phenomenon."

Die kwalitatiewe metodologie is as geskik geag vir die bestudering van die direkte slagoffers van transitorooftogte. Daar is tydens die ondersoek van indiepte-onderhoude gebruik gemaak om sodoende eerstehandse kennis van die empiriese beleweniswêreld van die direkte slagoffer van transitorooftogte te bekom.

## 3.3 PROSEDURES

Navorsingsprosedures is die spesifieke stappe wat in die uitvoering van 'n navorsingsprojek gevolg word (Pretorius, 1984:85-86; Verwey, 1994:186 en Klopper, 1994:125). Die prosedures van die onderhawige studie, sluit die historiese prosedure en literatuur- en dokumentêre studies in.

### 3.3.1 Die historiese prosedure

Roof as 'n geweldsmisdaad is as sulks nie 'n moderne verskynsel is nie. Pretorius (1984:88) dui aan dat die historiese prosedure beskrywend van aard is en agtergrond tot die ondersoek verleen. Die historiese prosedure is aangewend ten

einde 'n aanduiding te kry van die verskillende tydperke van ontwikkeling in soverre dit die moontlike rol van die slagoffer aangaan. 'n Ontleding van die historiese oorsig van die roof is dus noodsaaklik om raakpunte met die roof van kontant in transito te identifiseer.

Navorser is nie bewus van enige bestaande Suid-Afrikaanse studie wat spesifiek die direkte slagofferbelewenis van 'n transitorooftog beskryf en/of verklaar nie.

### 3.3.2 Die literatuur- en dokumentêre studie

*Literatuur* is enige wetenskaplike literatuur wat oor 'n besondere navorsingsonderwerp handel (Plug, Meyer & Louw, 1986:125). Klopper (1994:125) is van mening dat 'n literatuurstudie om **drie** redes uitgevoer word. Eerstens plaas dit die navorsingsprojek in 'n wetenskaplike perspektief, om sodoende te verklaar tot watter mate 'n bepaalde studie tot bestaande kennis kan bydra. Tweedens word duplisering van inligting voorkom. Laastens kan probleme wat ander navorsers ondervind het, opgelos en vermy word. 'n Literatuurstudie bied dus aan die ondersoeker 'n oorsig van die bestaande navorsing ten einde die aard, omvang en kompleksiteit van die probleem asook die belangrikheid van die ondersoek uit te lig (Arkava & Lane, 1983:25).

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat 'n kritiese literatuurstudie as een van die belangrikste stappe in die navorsingsproses beskou word. Dit is noodsaaklik om op hoogte te kom van die konsepte, definisies en teorieë wat op die navorsingstema betrekking het. Dokumentêre bronne soos koerantberigte, wetenskaplike boeke en wetenskaplike artikels is ook in die onderhawige studie gebruik en word vervolgens bespreek.

#### 3.3.2.1 Koerantberigte

Die aktualiteit, aard en omvang van transitorooftogte as gewelds- en

eiendomsmisdaad binne die Suid-Afrikaanse konteks het in die bestudering van verskeie berigte, wat in dagblaaie en naweekkoerante verskyn het, aan die lig gekom. As voorbeeld kan daar verwys word na die artikel in die *Pretoria News* (1998:4) onder die opskrif *Ruthless attack on four guards in cash heist* verskyn het, waarin die viktimisasiebelewenisse van die slagoffers, sowel as die brutaliteit daarvan soos beskryf deur die omstanders en die polisie, breedvoerig bespreek is. Ander berigte wat die navorser as waardevol beskou het, was dié van Steenkamp (1999) en Jonker (1998).

### 3.3.2.2 Wetenskaplike werke

Verskeie wetenskaplike werke soos boeke en navorsingsartikels is deur die navorser bestudeer en word vervolgens bespreek.

#### 3.3.2.2.1 Wetenskaplike boeke

Die feit dat daar nog geen wetenskaplike navorsing oor die direkte slagofferbelewenis van die roof van kontant in transito gedoen is nie, het meegebring dat daar nog geen geïntegreerde teorie met betrekking tot die verskynsel beskikbaar is nie. Ten einde die probleem te oorbrug, het navorser wetenskaplike boeke oor gewapende roof geraadpleeg en met die nodige objektiwiteit bestudeer om daaruit afleidings oor die roof van kontant in transito te maak.

Navorser het 'n verskeidenheid wetenskaplike boeke oor moontlike teorieë ter verklaring van die verskynsel bestudeer. Sy het in die bestudering van die werk van Maslow (1970) tot die gevolgtrekking gekom dat dié betrokke teorie (vgl. par. 2.5.1) van toepassing kan wees op die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte. Maslow (1970) fokus op die mens se strewe na selfaktualisering aan die hand van behoeftebevrediging. Navorser is van mening dat die gevaar verbonde aan die beroep van 'n sekuriteitswag en die moontlikheid van transitorooftogte tot behoefteverydeling mag lei wat die sekuriteitswag verhoed om tot sy volle potensiaal

te aktualiseer. Aanvullende werke met betrekking tot die teorie van Maslow (1970) sluit onder andere bydraes van Prinsloo (1993), Meyer, Moore en Viljoen (1992), Jordaan en Jordaan (1987) en Hjelle en Ziegler (1981) in. Navorser het ook verskeie teoretici se benaderings ten opsigte van die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie (vgl. par. 2.5.2) ontleed. Die bydraes van Abramson, Seligman en Teasdale (1978), Cilliers (1986), Peterson en Seligman (1983), Maslow (1970), Bandura (1977) en Rotter (1966) was van besondere waarde vir die ontleding van die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie. Na die bestudering van hierdie teorie het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat indien 'n persoon vind dat hy hulpeloos is, hy homself afvra waarom dit so is. Die antwoord op die voorafgaande vraag kan dan 'n invloed hê op sy latere selfrespek en die verwerking van trauma (vgl. par. 2.5.2).

Nadat bogenoemde werke bestudeer is, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat daar sekere fasette van die teorieë is wat wel die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte kan verklaar. Verskeie wetenskaplik gefundeerde boeke rakende die slagofferbelewenis van 'n geweldsmisdaad (nie noodwendig gewapende roof nie) is geraadpleeg, onder andere die werke van Hybels-Steer (1995), *Aftermath: Survive and overcome trauma* en Bard en Sangrey (1986), *The crime victim's book*. Hierdie werke was van besondere betekenis, aangesien die impak en belewenis van geweldsmisdaad duidelik daarin beklemtoon is.

Die werk van Normandeau (1968) was waardevol vir die bestudering van gewapende roof, alhoewel hy nie pertinent op die slagoffer van gewapende roof gefokus het nie. Die rol van die slagoffer en oortreder tydens gewapende roof word egter duidelik uiteengesit in die werk van MacDonald (1975), getiteld *Armed Robbery: Offenders and their victims*. Gabor et al. (1987) se boek *Armed Robbery: Cops, robbers and victims* was besonder bruikbaar vir die ontleding van die slagofferbelewenis en die sielkundige impak van gewapende roof.

In sovere dit die **metodologiese** onderbou van die onderhawige studie aangaan, is veral die werke van Bailey (1994), Jupp (1989), Schurink en Schurink (1986), Smit (1985), Pretorius (1984) en Van der Westhuizen (1982) as basis vir die studie gebruik. Proefskrifte en verhandelings soos dié van, Van den Berg (1997), Verwey (1994), Klopper (1994) en Pretorius (1984) was insiggewend deurdat dit aan die navorser leiding gebied het ten opsigte van die wyse waarop 'n navorsingsprojek aangepak word, die metodologie en navorsingsprosedures wat moontlik gevolg kan word, asook die aard van probleme wat in die praktyk ondervind kan word. Die onderskeie navorsers se insigte met betrekking tot die opstelling van die onderhoudskedule het waardevolle riglyne vir die studie gebied.

**3.3.2.2.2 Wetenskaplike artikels**

Aangesien daar relatief min wetenskaplike boeke oor gewapende roof bestaan, was die navorser genoodsaak om verskeie wetenskaplike artikels in die studiegebiede van die kriminologie, sielkunde en sosiologie aangaande gewapende roof te raadpleeg. Die navorsingsartikels van Leyman (1985) was veral waardevol. Hierdie navorsing is belangrik op die terrein van die direkte belewenis van gewapende roof. In die artikel is verskeie faktore wat 'n invloed op die direkte slagoffer se belewing van 'n gewapende roof kan hê, geïdentifiseer. Verdere artikels wat oor die algemene impak van gewapende roof, trauma en posttraumatiese stres handel, is ook geraadpleeg en die navorsing van Brom en Kleber (1989) was veral bruikbaar. Hulle het onder andere navorsing oor traumatiese stres en die slagoffer se verwerking daarvan gedoen. Die outeurs fokus ook op die fases waarvolgens trauma na 'n geweldsmisdaad verwerk word, wat waardevol was vir die onderhawige studie. Navorser het ook verskeie artikels oor Maslow se Selfaktualiseringsteorie en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (vgl. par. 2.5) bestudeer. Die bydraes van Peterson en Seligman (1993) en Prinsloo (1993) was van besondere belang in die ontleding van die teorieë.

In genoemde tydskrifte is artikels met betrekking tot teorie, metodologie, viktimologie in die besonder, asook gewapende roof en die impak van trauma in die algemeen (nie noodwendig van toepassing op gewapende roof nie), gevind.

## 3.4 TEGNIEKE

Plug et al. (1986) asook Meyer, et al. (1992) postuleer dat 'n tegniek die wyse is waarop 'n handeling of prosedure uitgevoer word. Plug et al. (1986:360) se definisie sluit by Pretorius (1984:94) aan maar gee 'n meer spesifieke beskrywing van die begrip. Hy beskryf tegnieke as die hulpmiddels of instrumente wat in die uitvoering van een of meer stappe in die navorsingsproses gebruik word. 'n Tegniek kan dus as 'n hulpmiddel, instrument of stuk gereedskap in die uitvoering van die een of ander stap van die navorsingsproses gebruik word. Die tegnieke wat in die studie aangewend is, word vervolgens bespreek.

### 3.4.1 Die steekproefneming

Steekproefneming word deur Bailey (1994:471) gedefinieer as: "a selection of the total population or universe that one describes to study." Klopper (1994:137) beskou steekproefneming as 'n proses waarvolgens 'n kleiner groep van enkele elemente uit 'n populasie geselekteer word. As gevolg van die verkennende aard van die studie is daar besluit om in die onderhawige navorsing 'n nie-waarskynlikheid- en 'n nie-ewekansigesteekproefstrategie te gebruik. In teenstelling met die ewekansige steekproeftrekkingtegniek waar die waarskynlikheid van die seleksie bereken kan word, kan dit nie by die nie-ewekansigesteekproeftrekkingtegniek gedoen word nie (Smit, 1985:195). Dooley (1984: 248) omskryf nie-ewekansigesteekproefneming as "any method in which elements have unequal chances of being selected." Nie-ewekansigesteekproefstrategie is dus die doelbewuste seleksie van gevalle wat die navorser as verteenwoordigend van die populasie beskou.

#### 3.4.1.1 Die samestelling van die steekproef

Navorser het besluit (vgl. par. 3.2) om tydens die studie kwalitatief te werk te gaan. Lofland (1971:91) motiveer kwalitatiewe navorsing soos volg:

> "It is my impression that studies based on intensive interviewing have typically used only from 20-50 interviews. Given the material management problem, numbers in that range seem quite reasonable. One legitimately sacrifices breadth for depth."

Navorser het op 'n steekproefgrootte van 17 respondente besluit, aangesien alle onderhoude persoonlik deur die navorser gevoer is, en dit na 'n hanteerbare groep gelyk het. Navorser het, soos reeds genoem in par. 3.4.1 van 'n nie-ewekansigesteekproefstrategie gebruik gemaak. Die nie-ewekansige steekproeftegniek vir die doeleindes van die ondersoek was doelgerigte steekproeftrekking. Ter motivering die volgende: 'n Doelgerigte steekproef behels dat die navorser haar eie oordeel gebruik ten opsigte van respondentseleksie en slegs die respondente wat die beste aan die doel van die navorsing beantwoord by die steekproef insluit (Bailey,1994:93).

Bailey (1994:93) identifiseer die volgende **voordele** van 'n doelgerigte steekproeftrekking:

- Dit is 'n goedkoop metode en is meer geredelik tot die navorser se beskikking.
- Die doelgerigte steekproef waarborg dat elemente ingesluit sal word wat relevant tot die navorsingsonderwerp is.

Die doelgerigte steekproef het volgens Bailey (1994:94) ook enkele **nadele**:

- Daar is geen waarborg dat die steekproef verteenwoordigend van die totale populasie is nie.

- Die navorser kan nie die navorsingsbevindinge veralgemeen na die breër populasie nie.

Verskeie berigte oor transitorooftogte het gedurende 1997-1998 in dagblaaie en Sondagkoerante verskyn. Na bestudering van dié artikels het navorser twee sekuriteitsmaatskappye genader om respondente te bekom. Een van die maatskappye het gesê dat hulle oor die moontlikheid van deelname sal moet besin alvorens hulle 'n besluit kon neem. Hierdie sekuriteitsmaatskappy is weer by twee geleenthede geskakel, waarop hulle deelname aan die projek uitgestel het, aangesien hulle met interne ondersoeke met betrekking tot transitorooftogte besig was. Navorser het hierna besluit om die betrokke sekuriteitsmaatskappy **nie** by die onderhawige studie te betrek nie. Die bestuur van die ander sekuriteitsmaatskappy was bereid om aan die ondersoek deel te neem en was positief oor die navorsing in die betrokke veld.

Navorser het dit goed gedink om net die een maatskappy by die studie te betrek aangesien die roof van kontant in transito 'n sensitiewe onderwerp is en maatskappye se lugtigheid om aan die ondersoek deel te neem verstaanbaar is in die lig van byvoorbeeld interne ondersoeke na onlangse rooftogte. Een en twintig persone wat in transitorooftogte betrokke was, is byeen gebring waarna die doel van die navorsing en vertroulikheid van die inligting met hulle bespreek is. Daarna het 17 slagoffers vrywillig tot die ondersoek ingestem. Op hierdie wyse is die steekproef van 17 respondente dus saamgestel.

'n Loodsondersoek (vgl. par. 3.4.4) is gedurende Junie 1999 afgehandel en die onderhoude met genoemde respondente is tussen 1 Augustus en 2 September 1999

gevoer. Voldoende inligting kon by die genoemde aantal respondente ingewin word om sinvolle afleidings te maak.

### 3.4.2 Onderhoudvoering

Tydens onderhoudvoering vind kommunikasie tussen die onderhoudvoerder en die respondent plaas. Benewens die gebruik van verbale kommunikasie speel nie-verbale kommunikasie (gesigsuitdrukking en liggaamshouding) ook 'n belangrike rol in die kommunikasieproses. Tydens onderhoudvoering word klem op die spesifieke woordgebruik van die respondente gelê, waarvolgens daar gepoog word om die betekenisse wat die respondente aan die direkte slagofferbelewenisse en viktimisasie heg, te bepaal. Du Toit (1995:135) noem die volgende vereistes waaraan gerigte onderhoude moet voldoen:

- **Die persone met wie onderhoude gevoer word, moet deel van 'n waarneembare situasie wees**. Die respondente het almal aan die vereiste voldoen. Die onderhoude is immers met direkte slagoffers van 'n transitorooftog gedurende die tydperk 1 Augustus 1999 tot 5 September 1999 gevoer.

- **Die belangrikste elemente, sosiale strukture en patrone moet vooraf deur die ondersoeker ontleed word**. Die navorser het deur middel van die literatuurstudie sekere faktore geïdentifiseer wat 'n rol in die direkte slagofferbelewenis en gepaardgaande viktimisasie speel. Dit het die navorser in staat gestel om aan hierdie vereiste te voldoen.

- **Die onderhoude moet op die individuele ervarings van persone fokus ten einde hulle siening van 'n bepaalde verskynsel te kry.** Die onderhoudskedule is gebaseer op individuele respondente se ervarings soos verskeie literatuurstudies vereis (vgl. par. 3.2).

Smit (1985:163), Pretorius (1994:118) en Van den Berg (1997:104) identifiseer die volgende **voordele** van onderhoudvoering:

- **Buigsaamheid en volledigheid**. Indien dit nodig geag word, kan die vrae byvoorbeeld herformuleer word om by die begripsvermoë van die respondente aan te pas, sonder om aan die algemene strekking daarvan te verander. Komplekse begrippe kan dus aan die respondente verduidelik word, sou daar onduidelikheid bestaan. Dit is egter van kardinale belang dat die respondente onder geen omstandighede in die beantwoording van die vrae gelei word nie (Van den Berg, 1997:104).

- **Nie-verbale gedrag**. Die respondente het nie vooraf die geleentheid gehad om die vraelys te bestudeer nie. Derhalwe kon die navorser hulle spontane reaksies op die vrae waarneem. Die nie-verbale gedrag is tydens die onderhawige studie as belangrik beskou, aangesien die navorser uit die respondente se reaksie (verbaal en nie-verbaal) sekere interpretasies kon maak.

- **Beheer**. Die onderhoude is in 'n kantoor by die sekuriteitsmaatskappy se hoofkantoor gehou. Die onderhoudvoerder het dit so verkies, aangesien spontane reaksies in 'n openbare omgewing soos byvoorbeeld in 'n restaurant onderdruk sou word.

- **Die onderhoudskedule**. Die skedule is vooraf aan die hand van die literatuurstudie en teorieë van Maslow (1970) en Abramson, Seligman en Teasdale (1978) saamgestel en tydens die loodsondersoek getoets (vgl. par. 3.4.4). Met die hulp van die onderhoudskedule kon die navorser die tempo sowel as tydsduur van die onderhoud beheer.

- **Responskoers.** 'n Totaal van 17 respondente is genader, waarvan almal bereid was om aan die ondersoek deel te neem. Die rede vir die goeie responskoers kan aan die volgende toegeskryf word: Die doel van die ondersoek is aan die

resondente verduidelik en enige onduidelikhede kon tussen die respondente en die ondersoeker uitgeklaar word. 'n Verdere rede is moontlik die feit dat die ondersoeker self die vrae gestel en antwoorde afgeneem het. Om te verhoed dat die respondent se aandag tydens die afneem van antwoorde afgelei word, het die ondersoeker kriptiese aantekeninge gemaak, en na afloop van die onderhoud volledig daarop uitgebrei.

Bailey (1994:175) het die volgende **nadele** van onderhoudvoering as data-insamelingstegniek geïdentifiseer:

- **Tyd- en koste-effektiwiteit.** Dit is 'n duur metode aangesien reis- en verblyfkostes en lone van addisionele onderhoudvoerders ter sprake is. Laasgenoemde kostes vir addisionele onderhoudvoerders is uitgeskakel aangesien al die onderhoude deur die navorser self gevoer is.

- **Persoonlike vooroordeel en sydigheid.** Tydens die onderhoudvoering is daar voortdurend na objektiwiteit gestreef deur hierdie nadeel in gedagte te hou en gegewens onemosioneel te hanteer. Moontlike sydigheid as gevolg van die navorser se ouderdom, sosiale klas en kleredrag is uitgeskakel deurdat sy tydens die onderhoudvoering gemaklik en informeel geklee was. Sodoende is 'n meer informele karakter aan die onderhoudvoering verleen. Verder is die onderhoudskedule volgens die navorser se oordeel 'n goeie instrument om struktuur, rigting en die grootste mate van objektiwiteit tydens die onderhoudvoeringsproses te verseker.

- **Anonimiteit.** Voordat die navorser met individuele onderhoude begin het, het sy eers rapport met die respondente bewerkstelling ten einde hulle vertroue te wen. Die doel is bereik deur met die respondente oor algemene nie-sensitiewe onderwerpe soos die vorige Saterdag se rugby, te gesels. Die vertroulike aard van die gegewens is beklemtoon en die versekering is gegee dat biografiese besonderhede slegs vir die samestelling van 'n ondersoekgroepprofiel benodig

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word en dat geen persoon geïdentifiseer sou word nie.

### 3.4.3 Waarneming

Bailey (1994:242) beskryf waarneming as 'n data-insamelingstrategie waar die navorser poog om die nie-verbale gedrag van respondente te bepaal, sonder dat die respondent daarvan bewus is. Waarneming soos volg deur Scott en Wertheimer (1962:71) beskryf as:

> "Watching what is happening in connection with the phenomenon being studied. No attempt is made to manipulate, or perhaps, even to measure in any refined sense; rather the observer tries to record relevant events, always alert of instances of covariation from which he can abstract variables and interrelations among them."

In die onderhawige studie is waarneming tesame met indiepte-onderhoudvoering as metode van data-insameling aangewend. Waarneming het die navorser in staat gestel om reaksies en lyftaal van respondente tydens die bespreking van die traumatiese gebeurtenis, waar te neem sonder dat hulle daarvan bewus was. In die onderhawige ondersoek is bevind dat die respondente vrylik oor die transitorooftog gepraat het. Dit was vir die navorser 'n aanduiding dat sy daarin geslaag het om rapport te bewerkstellig. Die volgende nie-verbale gedrag is tydens die onderhoudvoering waargeneem: Sommige respondente se gesigsuitdrukkings was strak en hulle stemtoon sag terwyl hulle oor die misdaadinsident gepraat het. Nie-verbale gedrag soos handewring en die vermyding van oogkontak is ook waargeneem. Sodra vrae oor die verloop van die transitorooftog gevra is, het sommige respondente aggressie veral teenoor die oortreder begin toon; ander het net hulle koppe geskud en 'n skugter laggie gegee. Die navorser het, waar moontlik tydens die onderhoud, of so spoedig moontlik daarna aantekeninge oor die nie-verbale gedrag van die respondente gemaak.

### 3.4.4 Die loodsondersoek

Die loodsondersoek word algemeen as die *kleedrepitisie* vir die werklike studie bestempel. Sinonieme soos *voorondersoek* en *proefondersoek* word ook gebruik om na die loodsondersoek te verwys (Van den Berg, 1997:107; Bailey, 1987:141; Pretorius,1984:59). Hagan (1997:147) omskryf die loodsondersoek soos volg: "a reconnaissance operation or exploratory testing of the instrument using subjects who are similar to the group to be studied." Huysamen (1993:205) is verder van mening dat 'n loodsondersoek op 'n beperkte aantal persone uitgevoer moet word, wat soortgelyk is aan die werklike populasie wat tydens die werklike ondersoek gebruik sal word. Persone wat aan die loodsondersoek deelgeneem het, kan ook later by die studie ingesluit word.

Een **voordeel** van die loodsondersoek is dat moontlike probleme en/of tekortkominge in die onderhoudskedule vroegtydig geïdentifiseer en gewysig kan word. Pretorius (1984:94) is verder van mening dat tyd en kostes sodoende bespaar kan word. Daar word ook verseker dat die onderhoudskedule vir die respondente verstaanbaar is en dat die vrae reg geïnterpreteer word. Sou daar enige onduidelikhede of probleme geïdentifiseer word, kan die nodige aanpassings gemaak word, enersyds om die probleme te voorkom en andersyds om koste en tyd te bespaar (Van den Berg, 1997:108).

Die konseponderhoudskedule is gedurende Augustus 1999 met **vyf** respondente getoets. Die totale steekproef het uit 17 respondente bestaan en die ondersoeker het besluit om vyf van dié respondente by die loodsondersoek te betrek. Navorser het na deeglike oorweging besluit om respondente wat by die loodsondersoek betrokke was, weer by die hoofondersoek in te sluit. Die motivering hiervoor is dat die rooftogte deur die respondente as lewensbedreigend beleef is, en hulle insette dus baie waardevol vir die navorser was. Gedurende die loodsondersoek is besondere aandag aan die bewoording van vrae, vraagvolgorde, irrelevante, ontoepaslike en verwarrende vrae sowel as die tydsduur van die onderhoude

geskenk. Vervolgens word enkele veranderings aan en toevoegings tot die onderhoudskedule bespreek.

#### 3.4.4.1 Die probleme wat tydens die loodsondersoek geïdentifiseer is

Die volgende probleme en gevolglike vraagwysigings het tydens die loodsonderoek aan die lig gekom:

- Die eerste probleem, was met die voertaal van die vraelys. Alhoewel al die respondente (blank en persone van kleur) Afrikaans verstaan het, het sekere Afrikaanse vrae en terme, onder andere die term depressie, verwarring by veral die respondente van kleur veroorsaak. Die navorser was dus genoodsaak om die onderhoudskedule in Engels te vertaal, om sodoende alle respondente te akkommodeer.

- Vraag 3 oor die huistaal van die respondente, was aanvanklik as 'n geslote vraag gestel. Die gevolg was dat die aantal opsies minstens elf was omdat Suid-Afrika 11 amptelike tale het. Aangesien die totale respondentegetal 17 was, het die navorser besluit om eerder die vraag as 'n oopvraag tydens die onderhoud te hanteer in 'n poging om die aantal opsies na afloop van die onderhoude deur middel van analisering en groepering te bepaal.

- Vraag 5 oor posbenaming was aanvanklik 'n oopvraag. Tydens die loodsondersoek is die navorser daarop gewys dat daar slegs twee opsies bestaan, naamlik: die bestuurder of die bemanning. Die bestuurder bly ten alle tye in die voertuig terwyl die bemanning die kontant heen en weer tussen instansies en die voertuig dra. Die vraag is gewysig en as 'n geslote vraag gestel met 'n keuse tussen bestuurder of bemanning.

Die volgende vraag is na aanleiding van die loodsondersoek tot die onderhoudskedule bygevoeg:

- Vraag 6 wat lui, "Was jy al voorheen die slagoffer van 'n transitorooftog?" is aanvanklik nie in die onderhoudskedule ingesluit nie. Tydens die loodsondersoek het twee respondente spontaan vermeld dat hulle al voorheen in transitorooftogte betrokke was. Die navorser het om dié rede besluit om die vraag by die onderhoudskedule in te sluit, aangesien dit klaarblyklik 'n integrale deel van hulle viktimisasiebelewenis aan die lig gebring het. Die laaste insident is egter as verwysing in die ondersoek na die viktimisasiebelewenis gebruik.

Verdere belangrike aspekte wat tydens die loodsondersoek na vore gekom het, was die volgende:

- In die geval van vraag 47 wat soos volg lui: "Is daar enige verdagte(s) na die transitorooftog gearresteer?", het die ondersoeker tydens die loodsondersoek tot die besef gekom dat daar geen verdagtes in enige van die vyf gevalle, gearresteer is nie. Die implikasie hiervan was dat sommige respondente tydens die ondersoek ook nie vrae 49 tot 53 oor die hofsaak en arrestasie van verdagtes en die gepaardgaande viktimisasie sou kon beantwoord nie. Die vrae is egter ingesluit om die leemtes in die strafregsplegingstelsel aan te toon en om die noukeurigheid waarmee die transitorooftogte uitgevoer word, te beklemtoon.

- Tydens die loodsondersoek het die ondersoeker gevind dat sommige respondente tydens die rooftog beseer is en dat die ondersoekgroep dus in twee subgroepe bestaan, naamlik dié wat beseer is en dié wat nie beseer is nie.

- Alhoewel die navorser 'n keuse kon uitoefen om slegs een subgroep by die ondersoek te betrek, is daar besluit om albei subgroepe te betrek aangesien 'n **verkennende benadering** tydens die ondersoek gevolg is. Sodoende kon albei subgroepe se belewenisse en viktimisasie bestudeer word, waarna sekere gevolgtrekkings gemaak kon word.

Dit was veral opvallend dat sekere respondente nog nooit met iemand buiten hulle naaste familie oor hulle viktimisasiebelewenis en trauma gepraat het nie. Aanvanklik het sekere respondente skepties en saaklik oor hulle belewenisse verslag gedoen, maar namate die onderhoud gevorder het, het die direkte slagoffers meer spontaan oor onder andere hulle geloof in God en hulle gesinne begin praat. Enkele respondente was terughoudend en wou die onderhoud so spoedig as moontlik afhandel. Hul lyftaal en antwoorde op vrae 31 tot 36 rakende hulle fisieke en emosionele veranderinge na afloop van die transitorooftog was besonder waardevol vir die ondersoek. Wat die navorser reeds in die loodsondersoek bevind het, was dat die respondente 'n behoefte gehad het om met iemand oor hul viktimisasie te praat en dat hulle meer openlik oor hulle belewenis gepraat het as wat die navorser verwag het.

## 3.4.5 Die onderhoudskedule

Tydens die ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule. Mouton en Marais (1990:213) beskou 'n onderhoudskedule as "a list of topics and sub-topics within an area of inquiry about which a researcher wishes to gather information." Volgens Schurink en Schurink (1986:224) behoort die navorser in die onderhoudskedule op vrae en temas wat vanuit die literatuurstudie belangrik blyk te wees, te fokus. Smit (1985:163) huldig die siening dat die respondente op hoogte van die navorser se oogmerke van die ondersoek moet wees. Alvorens 'n onderhoud in aanvang geneem het, is die respondent oor die doel van die ondersoek ingelig.

### 3.4.5.1 Die indeling van die onderhoudskedule

Die onderhoudskedule in die onderhawige studie is soos volg saamgestel en het ten doel gehad:

- Om **persoonlike biografiese data** van die respondente te verkry ten einde 'n profiel van die ondersoekgroep te kon saamstel.

- Om die Selfaktualiseringstoerie van Maslow (1970:15) en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) asook literatuur aangaande roof as onderbou van die studie te toets. Die onderskeie vrae in die onderhoudskedule was daarop gerig om die direkte slagoffer van transitorooftogte se belewenis aan die hand van bogenoemde te toets.

Ten einde struktuur en rigting aan die onderhoud te gee, is die onderhoudskedule in die onderhawige studie in die volgende **sewe** afdelings verdeel:

- **Die biografiese en agtergrondgegewens** van die respondent (Vrae 1 tot 8).

- **Die status voor die transitorooftog** (Vrae 9 tot 12). Die doel van die vrae was om data rondom die gebeure en gevoelens voor die rooftog te bepaal, byvoorbeeld of die slagoffer verwag het om ooit in 'n transitorooftog betrokke te wees en of die slagoffer voor die insident onrustig gevoel het. Die gegewens was benodig om die direkte slagoffer se gemoedstoestand voor die transitorooftog te bepaal.

- **Die besonderhede van die transitorooftog** (Vrae 13 tot 29). Hierdie vrae het gehandel oor die aantal rowers wat by die rooftog betrokke was, veiligheidsmaatreëls ten tye van die insident en die gebruik van wapens. Verder is vrae oor die slagoffer se reaksie en optrede tydens en na afloop van die transitorooftog gevra. Daar is ook vasgestel of die slagoffer enige beserings opgedoen het.

- **Die reaksie van die slagoffer** (Vrae 30 tot 42). Daar is ondersoek ingestel na aspekte soos die slagoffer se emosies en gevoelens en die effek van die insident op die gesinsverhoudinge.

- **Die religieuse sisteem** (Vrae 43 en 44). Die vrae het op die rol van die kerk en godsdiens in die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer gefokus.

- **Die polisie- en strafregsplegingsisteem** (Vrae 45 tot 53). Die vrae het op die direkte slagoffer van die transitorooftog se belewenis en moontlike viktimisasie deur die regsplegingsisteem asook gedurende die polisie-ondersoek gefokus.

- **Die massamedia** (Vrae 54 tot 56). Hierdie vrae het oor die mediadekking na afloop van die transitorooftog en die direkte slagoffer se belewing daarvan gehandel.

### 3.4.5.2 Vraagkonstruksie

Verskeie vrae is opgestel ten einde data oor die direkte slagofferbelewenis van 'n transitorooftog in te win. Daar is tydens die onderhoudskedule van beide oop- en geslote vrae gebruik gemaak.

Volgens Bailey (1994:120) hou **geslote** vrae die volgende voordele in:

- Die antwoorde is standaard en die statistiese vergelyking van antwoorde word dus vergemaklik.

- Geslote vrae is makliker verstaanbaar vir die respondent. Dikwels word moeiliker vrae deur die respondent geïgnoreer deur eenvoudig *ek weet nie* te antwoord. Geslote vrae verminder egter die frustrasie, wat daartoe lei dat die respondent meer gewillig sal wees om verdere vrae te beantwoord.

- Antwoorde kan direk vanaf die onderhoudskedule gekodeer en geanaliseer word.

- Geslote vrae is ook minder tydrowend en meer ekonomies om te beantwoord.

- Alhoewel die gebruik van geslote vrae minder volledig is, dra dit daartoe by dat irrelevante inligting geminimaliseer word.

- Geslote vrae is makliker vir die respondent om te beantwoord, veral in die geval van sensitiewe vrae waar die respondente hulle eie keuse in 'n gegewe kategorie kan uitoefen.

Nieteenstaande die voordele van geslote vrae is die nadeel van die betrokke vraagkonstruksie dat die respondent gedwing kan word om 'n bepaalde keuse te maak, wat nie noodwendig sy persoonlike opinie weerspieël nie. Waar moontlik het die navorser geslote vrae afgesluit met 'n kategorie soos *ander* of *indien wel, verduidelik* (vgl. V6, V9, V21, V26, V32, V34, V44, V50, V52, V59, V68, V77, V91, V99, V110, V116, V123 en V143). Daar is by die vrae ruimte vir uitbreiding gelaat.

Volgens Bailey (1994:118) hou **oop vrae** die volgende voordele in:

- Oop vrae beperk nie die respondent tot response soos "ja", "nee" en "onseker" nie. Dit bied aan hulle die geleentheid om uit te brei oor hul belewenisse van viktimisasie.

- Oopvrae bied die respondent die geleentheid om in detail en volgens sy eie pas gebeure rondom viktimisasie te verduidelik. Indien daar onduidelikheid by die onderhoudvoerder omtrent antwoorde bestaan of sou meer inligting verlang word, kan hy die respondent vra om die antwoord te verduidelik. 'n Kwalitatiewe benadering behels juis dat die respondente 'n geleentheid moet kry om hulle belewenisse of sienings van die situasies in hulle eie woorde te beskryf.

Nieteenstaande die voordele wat **oopvrae** inhou, is daar ook bepaalde nadele. Volgens Bailey (1994:120) is die antwoord op 'n oopvraag soms moeilik om te kodeer, statisties te analiseer en met dié van ander respondente te vergelyk, aangesien die navorser nie vooraf die verskillende tipes response op oopvrae kan

antisipeer nie. Oopvraagkonstruksie kan ook daartoe bydra dat onbruikbare en selfs onnodige inligting ingesamel word. Aangesien die navorser alle onderhoude self met die respondente gevoer het, was sy voortdurend bewus van die gevaar en het sy ook deurgaans daarteen gewaak.

Uit die voorafgaande bespreking van oop- en geslote vrae is dit duidelik dat daar oordeelkundig te werk gegaan moet word met die keuse van vraagkonstruksie. Tydens die opstelling van die onderhoudskedule is die voor- en nadele van die geslote en oopvrae voordurend in gedagte gehou. Die gesluit om geslote en oopvrae te gebruik is op deeglike bestudering van literatuur asook die realiteit van slagofferbelewenisse van die roof van kontant in transito gebaseer. Die kombinasie van geslote en oopvrae laat volgens Van den Berg (1997:117) die voordeel dat daar nie beperkend teenoor respondente opgetree word nie. Tweedens kan die navorser vanweë die verkennende aard van die onderhawige ondersoek met behulp van albei soorte vrae die verskynsel so ver moontlik, ondersoek ten einde 'n beter begrip van die viktimisasieverskynsel te verkry.

#### 3.4.5.3 Die geldigheid en betroubaarheid van inligting

Volgens Mannheim (1977:151) beteken *geldigheid*:

> "the degree to which the recorded description of a set of data conforms to its referent. The present emphasis is thus on the results of the measuring or observing, rather than the measuring or observational device itself."

Uit bogenoemde beteken geldigheid in die geval van hierdie studie dat die onderhoudskedule wel meet wat dit veronderstel is om te meet. Van den Berg (1997:117) vind aansluiting by Mannheim (1977:151) en verwys na geldigheid as die doeltreffendheid waarmee die vrae wat in die navorsingsprobleem gestel word, beantwoord word.

*Betroubaarheid* dui op die konstantheid van gegewens van dieselfde respondent in dieselfde toets, tydens verskillende onderhoude (Smit, 1985:156). Die betroubaarheid van 'n tegniek word dus bepaal deur die mate waarin dit konsekwent meet. Dit is dus duidelik dat die tegniek as betroubaar beskou word, sou dieselfde inligting, by herhaling van die ondersoek deur die ondersoekgroep verstrek word.

Ten einde die probleem van onbetroubaarheid te oorbrug, is daar in die onderhoudskedule verskeie **kontrolevrae** ingebou om die geldigheid en betroubaarheid van die data te toets. Die volgende kan as voorbeelde ter stawing van die genoemde kontrole voorgehou word: Vraag 15 lui: "Watter veiligheidsmaatreëls was daar ten tye van die transitorooftog?" In dié kon die respondent antwoord dat hy gewapen was. As kontrolevraag word in vraag 20 gevra: "Is jou vuurwapen tydens die aanval afgeneem?" (vgl. V35). Vraag 23 lui: "Is jy beseer tydens die aanval?" (vgl. V45) teenoor vraag 24 wat soos volg gestel is: "Wat was die aard van jou beserings?"

*Geldigheid* behels, soos reeds genoem, die doeltreffendheid waarmee die vrae beantwoord word en *betroubaarheid* die konsekwentheid waarmee dieselfde inligting herhaaldelik deur dieselfde ondersoekgroep verskaf word. Uit bogenoemde wil dit dus voorkom dat betroubaarheid en geldigheid nou met mekaar saamhang (Van den Berg, 1997:118). Die navorser meen dat hierdie studie aan albei beantwoord.

### 3.4.6 Die tegnieke vir die analisering en interpretasie van data

Aangesien die navorser tydens die verkennende studie 17 indiepte-onderhoude gevoer het, is die vrae sover moontlik na voltooiing van die onderhoud vir rekenaarverwerking gekodeer. Nadat die data verwerk is, is persentasies gebruik om tendense aan te toon. Grafiese voorstellings is gebruik aangesien dit andersyds die ondersoekbevindinge aanskoulik voorstel (Van der Westhuizen, 1982:160). Vanuit die beskrywende en verkennende aard van die studie is daar gepoog om


volledige gedetailleerde beskrywings van die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte te bekom. Bannister (1993:63) is van mening dat direkte aanhalings as rou data in kwalitatiewe navorsing gebruik kan word. Verwerkte data is verder waar nodig deur die respondente se aanhalings aangevul ten einde die slagofferbelewenis van transitorooftogte te interpreteer, te verduidelik en te verklaar.

Die navorser het besluit dat wanneer 'n verskynsel by 60% of meer van die ondersoekgroep voorkom, dit as 'n meerderheid beskou kan word en die navorser aanvaar dat die data die navorsingsverwagting *volkome steun.* Indien die verskynsel by 41% - 59% van die respondente voorkom, sal dit aanvaar word dat die navorsingsverwagting *gesteun* word, en as dit by 40% voorkom dat dit *neig* om die verwagting te steun. 'n Respons van laer as 40% sal die navorsingverwagting *verwerp*.

## 3.5 DIE PROFIEL VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Die biografiese kenmerke van die ondersoekgroep word vervolgens uiteengesit. Die sirkelsektorgrafieke is afgerond tot die naaste heelgetalle. Tydens die bespreking sal die werklike getalle aangedui word.


### 3.5.1 Die ouderdom van respondente




**FIGUUR 3.1 DIE OUDERDOM VAN DIE RESPONDENTE**

Uit Figuur 3.1 blyk dit dat sewe (41,2%) van die totale ondersoekgroep tot die ouderdomskategorie 26 tot 30 jaar behoort. Die gemiddelde ouderdom van die totale aantal respondente was 32,5 jaar. Respondente blyk meer verteenwoordigend, naamlik 11 (64,7%) in die ouderdomskategorie wat wissel tussen die ouderdomme van 21 en 35 jaar, te wees.

### 3.5.2 Die ras van respondente





**FIGUUR 3.2 DIE RASSEVERSPREIDING**

Uit Figuur 3.2 blyk dit dat die rasseverspeiding redelik eweredig was met nege (52,9%) blank en agt (47,1%) respondente van kleur.

### 3.5.3 Die taal van die respondente


Die onderskeie taalgroepe van die ondersoekgroep word in Figuur 3.3 weerspieël en toon dat 'n verskeidenheid van tale deur die respondente gepraat word. Die meerderheid, naamlik nege (52,9%), is Afrikaanssprekend.




FIGUUR 3.3 DIE TAALVERSPREIDING


### 3.5.4 Die hoogste opvoedkundige kwalifikasie van die ondersoekgroep

Die opvoedkundige kwalifikasies van die totale ondersoekgroep word in Figuur 3.4 uitgebeeld. Hieruit blyk dit dat nege (52,9%) oor 'n Graad 10-kwalifikasie beskik.




**FIGUUR 3.4 DIE HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES**


### 3.5.5 Die posbenaming van die respondente




**FIGUUR 3.5 DIE POSBENAMING**

Figuur 3.5 toon aan dat die ondersoekgroep uit 10 (58,8%) bemanning en sewe (41,2%) drywers bestaan.

### 3.5.6 Die huwelikstatus van die respondente





**FIGUUR 3.6 DIE HUWELIKSTATUS VAN DIE RESPONDENTE**

Uit Figuur 3.6 blyk dit dat agt (47,1%) van die respondente ten tye van die transitorooftogte getroud was. Ten tye van die onderhoud was tien (58,8%) getroud, twee (11,7%) het saam gewoon en slegs een (5,9%) was geskei.

### 3.5.7 Die kerkverband van die respondente

Uit Figuur 3.7 blyk dit dat die respondente aan drie kerklike denominasies behoort, naamlik agt (47,1%) aan die AGS Kerk, aan die NG Kerk twee (11,7%) en een (5,9%) aan die Metodistekerk. Ses ( 35,5%) respondente behoort aan geen spesifieke kerk nie. Al ses het wel aangetoon dat hulle in God glo.





**FIGUUR 3.7 DIE KERKVERBAND VAN DIE RESPONDENTE**

### 3.5.8 Die tydsverloop sedert die transitorooftog

Die tydsverloop sedert die transitorooftog is skematies in Figuur 3.8 voorgestel. In nege (52,9%) van die gevalle het die rooftog nul tot twaalf maande gelede, in vier (23,5%) gevalle 13 tot 24 maande gelede en in nog vier (23,5%) gevalle 24 maande en langer gelede plaasgevind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**FIGUUR 3.8 DIE TYDSVERLOOP SEDERT DIE TRANSITOROOFTOG**

## 3.6 SLOTBESKOUING

Die navorsingsprosedures van die onderhawige ondersoek en die profiel van die ondersoekgroep is in hierdie hoofstuk toegelig. Vervolgens sal die verwerking van die resultate wat aan die hand van genoemde prosedures en tegnieke ingesamel is, in Hoofstuk 4 weergegee en ontleed word.

# HOOFSTUK 4

# *VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS*

## 4.1 INLEIDING

Maslow se Selfaktualiseringsteorie (1970:15) en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) is in die onderhawige studie as basis vir die verwerking van die gegewens gebruik (vgl. par. 2.5). In die ondersoek is aandag gegee aan die direkte slagofferbelewenis van 'n persoon wat aan 'n transitorooftog blootgestel is. Aangesien die onderhawige studie verkennend van aard is, is die fokus geplaas op die direkte slagoffer en sy fisieke, psigologiese en emosionele belewenis tydens en na afloop van 'n transitorooftog. Terselfdertyd is die gegewens met ander navorsing oor gewapende roof, vergelyk en op die roof van kontant in transito van toepassing gemaak. In dié verband wys Gabor et al. (1987:29) daarop dat die kern van hierdie trauma in die gevoel van magteloosheid, woede, skok en ongeloof gesetel is. In Hoofstuk 5 word prakties uitvoerbare aanbevelings ten opsigte van die bevindinge gemaak.

Die wyse waarop die respondente viktimisasie beleef, kan as 'n integrale deel van kwalitatiewe navorsing beskou word en dit is volgens die navorser die beste wyse waarop die direkte slagofferbelewenis van 'n transitorooftog verstaan kan word. Die navorser het dus volstaan met die inligting wat vanaf die direkte slagoffers van transitorooftogte verkry is. Ten einde objektiwiteit te verseker, is data vir rekenaarverwerking gekodifiseer en waar nodig is die direkte slagoffer se beskrywing van 'n situasie verbatum aangehaal.

Die ontleding van die data is aan die hand van Maslow se Selfaktualiseringsteorie (1970:15) en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, et al. (1978:49-74) gedoen (vgl. par. 2.5). Die bevindinge is deurgaans aan die hand van die navorsingsverwagtinge wat in Hoofstuk 3 gestel is, geëvalueer (vgl. par. 2.5.4).

Aangesien die ondersoek 'n indieptestudie van die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte is, is daar in die ontleding van die gegewens op die taalgebruik en verbatum aanhalings van die respondente gefokus. Enkele terme, onder andere *drywer* en *crew* (bemanning), is eiesoortig aan die beroep en sal dus as sulks gebruik word. Die verwerking en interpretasie van die inligting is aan die hand van die uiteensetting van die onderhoudskedule (vgl. Bylae A) gedoen. Waar relevant, is die teoretiese belang aangetoon en bespreek om gebeure rondom die transitorooftog in teoretiese perspektief te plaas. Die bespreking sal aan die hand van die volgende geskied:

- **Die agtergrondgegewens van die respondent**: Die navorser is van mening dat hierdie gegewens, naamlik die ouderdom, opvoedkundige kwalifikasies, aantal vorige transitorooftogte en besering(s) tydens die rooftogte, die slagofferbelewenis beïnvloed.

- **Belewenisse en gebeure wat die transitorooftog voorafgegaan het**: Tydens die onderhoude het die navorser 'n verkennende gesprek rondom die slagoffer se persepsies, houdings, gevoelens jeens die insident en die gebeure wat die betrokke transitorooftog voorafgegaan het, gevoer.

- **Gebeure tydens die transitorooftog**: Ten einde die slagoffer se optrede tydens die transitorooftog te begryp is daar kortliks op die *modus operandi* van die rowers asook die slagoffer se optrede tydens die transitorooftog ingegaan.

- **Die reaksie van die slagoffer**: In hierdie gedeelte word onder andere gefokus op die intensiteit en die tydsverloop van die emosionele en fisieke reaksies van die direkte slagoffer. Die invloed wat die insident op sy betekenisvolle ander gehad het (gesin, familie en vriende en kollegas), word ook aangeraak.

- **Religieuse steun**: Die rol wat die kerk en geloof in die verwerking van die trauma gespeel het, word bespreek.

- **Die polisie en strafregplegingsisteem**: In hierdie bespreking is daar hoofsaaklik op die slagoffer se belewing van die polisie-ondersoek en die arrestasie van verdagtes gefokus.

- **Die media**: Die rol van die media en die akkuraatheid van hulle beriggewing is in hierdie bespreking toegelig.

### 4.1.1 DIE AGTERGRONDGEGEWENS VAN DIE RESPONDENTE

In Tabel 1 is 'n opsomming van die biografiese en agtergrondgegewens van die respondente gegee, ten einde individuele gevalle wat in hierdie hoofstuk bespreek sal word, in konteks te plaas.


## TABEL 1

## BIOGRAFIESE EN AGTERGRONDGEGEWENS VAN DIE RESPONDENTE

| Respondent | Ouderdom | Opvoedkundige kwalifikasie (graad) | Huistaal | Aantal vorige transitorooftog-te | Besering(s) tydens laaste transitorooftog? |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 36 | 10 | Zulu | Geen | Skietwond |
| 2 | 29 | 12 | Sotho | 4 | Geen |
| 3 | 26 | 12 | Shangaan | Geen | Skaafwonde |
| 4 | 34 | 12 | Sotho | 3 | Geen |
| 5 | 36 | 12 | Venda | Geen | Geen |
| 6 | 47 | 10 | Xhosa | Geen | Geen |
| 7 | 28 | 10 | Venda | Geen | Geen |
| 8 | 26 | 12 | Afrikaans | 4 | Geen |
| 9 | 34 | 10 | Afrikaans | 4 | Laserasies en skaafwonde |
| 10 | 25 | 9 | Afrikaans | 1 | Voetbesering |
| 11 | 26 | 10 | Afrikaans | Geen | Skietwond |
| 12 | 36 | 10 | Zulu | Geen | Skietwond |
| 13 | 37 | 10 | Afrikaans | 1 | Kneusplekke |
| 14 | 27 | 10 | Afrikaans | Geen | Drie skietwonde |
| 15 | 46 | 11 | Afrikaans | Geen | Kneusplekke |
| 16 | 46 | 11 | Afrikaans | Geen | Kneusplekke |
| 17 | 26 | 10 | Afrikaans | Geen | Skietwond |

In die onderhawige studie is die kwesbaarheid van die direkte slagoffers van transitorooftogte onder andere in oënskou geneem. Hierdie aspek dra daartoe by dat 'n geweldsmisdaad nie net die traumabelewenis van die direkte slagoffer nie, maar ook sy siening van sy eie kwesbaarheid beïnvloed. Die gevoel van kwesbaarheid kan daartoe bydra dat die direkte slagoffer van 'n transitorooftog sy werk- en huisomgewing nie meer as veilig beleef nie. Dit kan ook een van die redes wees dat slagoffers dikwels na afloop van die traumabelewenis ander werk soek. Die navorser is van mening dat die aantal vorige transitorooftogte waarby respondente in die verlede betrokke was, hulle reaksies en belewings van die transitorooftog sal beïnvloed.

In Figuur 4.1 word 'n skematiese uiteensetting van die aantal transitorooftogte waarby die respondente in die verlede betrokke was, gegee.




**FIGUUR 4.1 DIE AANTAL TRANSITOROOFTOGTE WAARBY DIE RESPONDENTE BETROKKE WAS**

Volgens vraag 6 (vgl. V8 in Bylae A) was 11 van die respondente (64,7%) by geen vorige transitorooftogte betrokke nie. Ten tye van die onderhoude was die roof onder bespreking dus die **enigste** transitorooftog waarby hierdie elf respondente betrokke was. Twee respondente (11,8%) was al een keer vantevore die slagoffer van 'n transitorooftog, een respondent (5,8%) was by drie transitorooftogte betrokke en drie respondente (17,6%) het reeds by vier vorige geleenthede 'n transitorooftog beleef. Dit blyk uit die ondersoek dat drie van die ses respondente (17,6%) wat by vorige geleenthede by transitorooftogte betrokke was die volgende verklaar het: "Ons is gewoond daaraan en dit is deel van die werk". Die oorblywende drie respondente (17,6%) het vermeld dat hulle die transitorooftog bloot as *bad luck* beskou het.

Hierdie bevindinge kan aan die hand van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) se Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie verklaar word, aangesien die slagoffers hul hulpeloosheid tydens die insident aanvaar (vgl. par. 2.5.2). Hierdie aanvaarding van die insident spruit moontlik uit die feit dat die slagoffer voel dat hy geen beheer oor sy viktimisasie of die uitkoms daarvan het nie (interne lokus van kontrole) en dit wat met hom gebeur het, sonder enige sigbare teken van emosie gelate aanvaar ("gewoond daaraan, deel van die werk"). Hierdie aanvaarding van die viktimisasiegebeurtenis kan volgens Abramson, Seligman en Teasdale (1978:50) aanleiding gee tot emosionele afstomping en passiwiteit na afloop van die insident as gevolg van die onbeheerbaarheid van die situasie (vgl. par. 2.5.2.1). Die navorser is van mening dat die slagoffer wel toekomstige viktimisasie in sy beroep kan vermy, sou hy van werk verander. Dit is egter nie altyd vir die sekuriteitswag moontlik nie.

Na aanleiding van Maslow se Selfaktualiseringsteorie (vgl. par. 2.5.1) blyk dit dat die sekuriteitswag sy fisiologiese behoeftes as 'n primêre behoefte beskou en dus sy lewe en veiligheid in gevaar stel in 'n poging om hierdie behoeftes te bevredig. Twee redes wat moontlik aangevoer kan word vir die respondente se keuse van die beroep van sekuriteitswag word vervolgens verduidelik: Uit Figuur 3.1 blyk dit dat 15 (88,2%) van die respondente tussen die ouderdomme 26 tot 50 jaar val. Die navorser is van mening dat die respondente se kwalifikasies hulle moontlik kan verhoed om hulle self verder vir ander beroepe te bekwaam. Volgens vraag 4 (vgl. V8 in Bylae A) het 15 van die respondente (88,2%) nie hulle skoolloopbaan voltooi nie (vgl. Figuur 3.4). Dit kan 'n aanduiding wees waarom die sekuriteitswag sy bepaalde beroep gekies het, naamlik dat hy gekwalifiseer is om genoemde beroep te beoefen. Die navorser is van mening dat, sou hy oor 'n matrieksertifikaat of tersiêre kwalifikasie beskik het, hy waarskynlik nie die beroep as sekuriteitswag sou gekies het nie, of ten minste 'n meer senior posisie sou beklee het. Volgens die navorser vind daar 'n skommeling in die hiërargie van Maslow (vgl par. 2.5.1) plaas sodat die veiligheidsbehoefte as primêr beskou word. Die sekuriteitswag streef voortdurend na fisiese beveiliging in sy beroep in 'n poging om homself, sy lewe en sy menswees te verdedig.

### 4.1.2 ENKELE BELEWENISSE EN GEBEURE WAT DIE TRANSITOROOFTOG VOORAFGEGAAN HET

Die navorser is van mening dat die gevoelens en gebeure wat die insident voorafgaan moontlik 'n bydrae kon lewer om hulle siening rondom persoonlike kwesbaarheid te versterk. Die respondente is byvoorbeeld by vraag 9 (vgl. V11 in Bylae A) gevra: "Het u gedink dat u 'n slagoffer van 'n transitorooftog sal wees?" Indien die respondent bevestigend of ontkennend antwoord is hy die geleentheid gebied om aan te dui waarom hy gedink dat hy moontlik die slagoffer van 'n transitorooftog kon wees. Hy moet verder aandui wat tydens die transitorooftog daartoe aanleiding gegee het en dus hierdie gevoelens van persoonlike kwesbaarheid versterk het.

Twaalf van die respondente (70,5%) het gemeld dat hulle daarop voorbereid was dat hulle moontlik 'n slagoffer van 'n transitorooftog kan wees. Vyf respondente (29,4%) het geweet dat hulle 'n moontlike slagoffer kan wees, maar het aangedui dat hulle dit nooit verwag het nie en dus nie voorbereid was op dit wat met hulle gebeur het nie. Enkele redes wat deur respondente aangevoer is waarom hulle wel gedink het dat hulle kwesbaar is, is die volgende: Tydens opleiding is hulle ingelig oor die gevare van transitorooftogte en die feit dat die groot bedrae kontant wat vervoer word, hulle kwesbaarheid vir rooftogte verhoog. 'n Respondent het die volgende stelling gemaak: "Robbing is a reality, it can happen anytime." Hieruit kan afgelei word dat respondente wat aangevoer het dat hulle nie gedink het dat hulle slagoffers van 'n transitorooftog kan wees nie, die risiko wel besef, maar eerder vermy om daaraan te dink. Een respondent het dit soos volg beskryf: "Ek let altyd op. Dit gebeur net met mense wat nie wakker is nie."

Uit die response op vraag 11 (vgl. V13 in Bylae A) is bevind dat nege van die respondente (52,9%) voor die insident 'n algemene gevoel van onrustigheid ervaar het. Hierdie gevoel het hulle gekwalifiseer aan die hand van die volgende


voorbeelde: Drie respondente (17,6%) het onrustig gevoel. Een respondent (5,8%) het gemeld dat hy die aand voor die rooftog "geworry" het, sy hart het vinnig geklop en hy was angstig. 'n Verdere respondent (5,8%) het gemeld dat hy die oggend voor die transitorooftog swaarmoedig gevoel het, maar het dit toegeskryf aan die feit dat hy probleme by die huis ondervind het. Een proefpersoon was senuweeagtig met sy vertrek. Hy het ook aan sy drywer vertel dat daar iets met hulle gaan gebeur. Agt respondente (47%) het geen voorgevoel gehad nie en is totaal onverhoeds betrap. Een dilemma waarvoor die direkte slagoffers te staan kom, is dat hulle daagliks onder hierdie gevoelens van bekommernis en senuweeagtigheid moet funksioneer.

### 4.1.3 GEBEURE TYDENS DIE TRANSITOROOFTOG

Ten einde die slagoffer se optrede tydens die rooftog te begryp is daar kortliks op die *modus operandi* van die rowers gefokus, aangesien hulle optrede moontlik 'n direkte invloed op die slagoffer se optrede en belewenis van die insident kan uitoefen (respons-gevolgverhouding). Abramson, Seligman en Teasdale (1978:56) is van mening dat die respons-gevolgverhouding moontlike kortstondige of chroniese emosionele implikasies vir die slagoffer kan inhou (vgl. par. 2.5.2.2). Die navorser is verder van mening dat aspekte met betrekking tot die *modus operandi* van rowers nagevors moet word om sodoende die moontlike invloed wat dit op die kwesbaarheid van die slagoffer kan uitoefen, te bepaal. Afgesien van streng veiligheidsmaatreëls wat deur die maatskappy en die respondente neergelê word tydens die vervoer van kontant het dit nog steeds nie die veiligheid van die slagoffers verseker nie. Enkele veiligheidsmaatreëls sal vervolgens bespreek word. Die totale ondersoekgroep van 17 respondente (100%) het vermeld dat hulle hul vuurwapens by hulle gehad het en tydens die aanval in gepantserde voertuie gereis het. In slegs twee gevalle (11,8%) het die respondente gewapende begeleiding gehad, waar twee of meer voertuie in 'n konvooi gereis het. Slegs een respondent (5,8%) het tydens die aanval 'n koeëlvaste baadjie aangehad. Die hoë koste van koeëlvaste baadjies en 'n gebrek aan fondse kan van die redes wees waarom hierdie baadjies nie as 'n reël aan sekuriteitswagte

voorsien word nie. Alhoewel die dra van 'n koeëlvaste baadjie beskerming teen skietwonde bied, kan die vraag gevra word of dit nie net 'n valse van veiligheid gee nie. Die koeëlvaste baadjie bied net beskerming vir die torso-area, terwyl die kop, nek, arms en bene onbeskermd gelaat word. Die navorser is van mening dat 'n kopwond meermale fataal is. Een respondent (5,8%) se kollega het beswyk as gevolg van 'n skietwond aan die kop. Uit die ondersoek blyk dit dat slegs een respondent uit die vier (23,5%) wat tydens die aanvalle skietwonde opgedoen het in die torso (linkerbors) gewond is. Twee (11,7%) is in die arm en een (5,8%) in die been gewond. Die voor- en nadele van die dra van 'n koeëlvaste baadjie kan egter nie hier in meer detail betwis word nie, aangesien die steekproef te klein is om geldige en betroubare afleidings te maak. Die meeste respondente, naamlik 16 (94,1%) wat nie koeëlvaste baadjies gedra het nie, het spontaan vermeld dat hulle veiliger sou gevoel het, sou hulle die baadjies gedra het. Na ontleding van die respondente se gevoelens oor persoonlike veiligheid tydens die vervoer van kontant in transito, wil dit voorkom of die respondente nieteenstaande streng veiligheidsmaatreëls (wapens en gepantserde voertuie) steeds tydens die transitorooftog onveilig gevoel het.

Na aanleiding van die onderhoudskedule (vgl. Bylae A) het die navorser sekere faktore wat moontlik die slagoffer se kwesbaarheid ten opsigte van transitorooftogte in die algemeen asook tydens die uitvoering van die rooftog verhoog, geidentifiseer. Vervolgens sal hierdie faktore, naamlik die aantal rowers betrokke by die transitorooftog, die metodes deur die rowers aangewend om die voertuig tot stilstand te dwing, asook die tipe handwapens wat deur die rowers gebruik is, bespreek word. Die navorsingsresultaat van vraag 13 (vgl. V15 in Bylae A) dui daarop dat by een insident (5,9%) twee rowers betrokke was, by twee insidente (11,8%) drie rowers, by drie insidente (17,6%) vier rowers, by twee insidente (11,8%) vyf rowers, by drie insidente (17,6%) ses rowers, by twee insidente (11,8%) agt rowers, en by een insident (5,9%) twaalf rowers. By 'n verdere transitorooftog was 15 rowers betrokke en daar was laastens in twee gevalle 20 rowers by die rooftogte betrokke (vgl. Figuur 4.2).




**FIGUUR 4.2 DIE AANTAL ROWERS BETROKKE BY DIE TRANSITOROOFTOGTE**


Die ondersoekbevindinge uit Figuur 4.2 dui daarop dat die aantal rowers wat by die 17 insidente betrokke was altesaam 131 beloop. In teenstelling hiermee blyk dit uit vraag 14 (vgl. V16 in Bylae A) wat soos volg lui: "Hoeveel persone was in die voertuig (insluitend respondent)?" dat daar in elk van die 17 voertuie waarin die respondente gereis het, slegs twee persone was. Hierdie twee persone was onderskeidelik 'n *drywer* en *bemanningslid*. Opsommend blyk dit dat die aantal slagoffers teenoor die aantal rowers 'n minderheid was, wat ook die sekuriteitswagte se kwesbaarheid verhoog het.

'n Verdere aspek wat moontlik die slagoffer se kwesbaarheid vir transitorooftogte kon verhoog, is die metodes wat deur die rowers gebruik is om toegang tot die voertuie te verkry. In vyf van die gevalle (29,4%) is die voertuie van die pad af gedwing en in al

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vyf die gevalle is daar terselfdertyd op die voertuie gevuur. In drie van die vyf insidente (17,6%) het die drywers beheer oor die voertuie verloor, die pad verlaat en gerol nadat daar op hulle geskiet is. Een respondent (5,8%) het vertel dat 'n dwaalkoeël deur die dak van die gepantserde voertuig gedring en hom gewond het. Die dak is die enigste deel van voertuig wat nie gepantser is nie. 'n Verdere vyf gevalle (29,4%) is aangeteken waar die voertuie stilgestaan het en daar sonder enige waarskuwing op hulle gevuur is. Sewe respondente (41,1%) is beroof terwyl hulle die geldtrommels te voet tussen die ontvanger van die geld en die sekuriteitsvoertuig vervoer het. Twee van bogenoemde sewe respondente (11,6%) het vertel hoe hulle op die perseel waar die geldtrommels afgegee moes word, ingewag is. Die navorser het besluit om padversperring en padblokkades in die onderhoudskedule te noem aangesien dit verdere metodes is wat deur rowers by die pleeg van 'n transitorooftog gevolg kan word. In die studie is dié metodes egter nie deur die rowers gebruik nie, maar dit moet wel as moontlike aanvalstaktieke voorgehou word.

Die roof van kontant in transito word as beide geweldsmisdaad en eiendomsmisdaad beskou (vgl. par. 1.5.1). Die uitoefening van mag en aggressie deur die rowers is tweeledig van aard, eerstens deur die gebruik van wapens (vgl. V27 tot V32 in Bylae A) en tweedens deur verbale dreigemente. Figuur 4.3 gee 'n uiteensetting van die tipe handwapens wat tydens die rooftogte gebruik is.





**FIGUUR 4.3 WAPENS**

Volgens Figuur 4.3 is AK47's in elf (64,7%) gevalle gebruik, pistole in ses gevalle (35,2%), haelgewere in twee gevalle (11,7%) en rewolwers in 'n verdere twee gevalle (11,7%). Tydens van die aanvalle is daar egter van 'n kombinasie van vuurwapens gebruik gemaak. Een respondent vermeld dat hy nooit die "ritmiese klank" van die AK47 sal vergeet nie en dat die plofslag van die haelgeweer hom weer daaraan sal herinner. "Ek moet net my oë toemaak dan kom alles terug. Dis soos 'n droom." Een respondent beskryf ook die "ritmiese klank" van die AK47, "iets wat jy nie sommer verwar nie." Drie respondente (17,6%) het beweer dat al het hulle nie die wapen gesien nie, hulle die kaliber uitgeken het aan die klank van die handwapen as hy gevuur word.

**Eerstens** verbale dreigemente teenoor die slagoffers, **tweedens** of die slagoffer se handwapen tydens die aanval afgeneem is en **laastens** die besering(s) wat die slagoffer tydens die aanval opgedoen het, kan moontlik die slagoffer se kwesbaarheid tydens die transitorooftog verhoog.

Snyman (1992:517) poneer dat die dreigement om geweld teen die slagoffer te gebruik indien hy nie die eise wat aan hom gestel word nakom nie, die aanval as roof klassifiseer (vgl. par. 1.5.2.2). In die studie blyk dit dat verbale dreigemente 'n integrale deel van die rowers se *modus operandi* was (vgl. V33 en V34 in Bylae A). In Figuur 4.4 word skematies uiteengesit of die respondente tydens die transitorooftog gedreig is, al dan nie.




**FIGUUR 4.4 DREIGEMENTE TEENOOR DIE RESPONDENTE**

Uit bogenoemde blyk dit dat tien van die 17 respondente (58,8%) verbaal deur die rowers gedreig is. Die volgende drie aanhalings deur respondente kan ter illustrasie dien:

- Respondent 2 stel dit soos volg: "Freeze or I will shoot you dead. Get on the ground and make if you are sleeping. Look up and you die."

- Respondent 4 was tydens die aanval te geskok om ten volle te onthou wat aan hom geskree is. "The one thing I can remember was the swearing. I feel shy repeating them to anyone because I am a Christian."


- Respondent 14 vertel hoe daar op hom geskree is terwyl die rower 'n wapen teen sy kop gehou het. Hy stel dit soos volg: "Ek is teen die grond gegooi, geskop en geslaan met die kolf van sy geweer. Ek sal nooit die woorde vergeet nie: "Jou wit bliksem, vandag maak ons jou vrek. Ek het gemaak of ek dood is."

Uit die enkele voorbeelde van verbale dreigemente deur die rowers wil dit voorkom of die rowers hulle slagoffers verbaal verder wou intimideer. Al tien die respondente wat gedreig is, het gemeld dat kru taal deur die rowers gebruik is. Een respondent stel dit soos volg: "Daar is op ons geskree asof ons vuil blêddie honde is." Dit blyk verder dat die verbale viktimisasie en dreigemente tot die slagoffers se viktimisasiebelewenis bygedra het. Soos een respondent dit stel: "Hulle het my hele menswees aangeraak. Daardie woorde was soos 'n mes. Dit sal my altyd bybly." Aangesien al tien die respondente vermeld het dat kru taal deur die rowers gebruik is, is dit duidelik dat hulle emosioneel daardeur geraak is. "Ek was magteloos, 'n nikswerd, moes net maak of ek slaap of ek was dood." Die slagoffers is dus met gevoelens van onbekwaamheid, hulpeloosheid en minderwaardigheid gelaat. Hierdie bevindinge vind ook aansluiting by die teorie van Maslow (vgl. par. 2.5.1.4) naamlik dat die gevoelens van onbekwaamheid in die werksplek, hulpeloosheid en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

minderwaardigheid moontlik selfagting kan vernietig. Die behoefte aan selfagting en waardering kan dus nie vervul word nie.


**Tweedens** blyk dit uit Figuur 4.5 dat elf van die 17 respondente (64,7%) se vuurwapens tydens die aanval afgeneem is.




**FIGUUR 4.5 WAPENS WAT TYDENS DIE AANVAL AFGENEEM IS**

Deurdat hulle wapens afgeneem is, is nie net die slagoffer se kwesbaarheid verhoog nie, maar dit het ook blykbaar bygedra tot die gevoel van magteloosheid. Die sekuriteitswag se wapen is daar vir fisiese beveiliging. Sonder sy wapen is daar geen manier om homself teen die aanvallers te beskerm nie. Na aanleiding van Maslow se Selfaktualiseringsteorie (1970:18) word die sekuriteitswag se veiligheidbehoefte bedreig, deur die afneem van sy handwapen en in meer algemene terme deur die transitorooftog self. Gevolglik mag daar regressie van die hoërordebehoeftes plaasvind tot op die vlak van veiligheidsbehoeftes in 'n poging om sy menswees te verdedig (vgl. par. 2.5.1.2).

Navorsingsresultate van V45 (vgl. Bylae A) het aangetoon dat elf (64,4%) van die respondente tydens die aanval beseer is. Uit Figuur 4.6 blyk dit dat vier van die respondente (23,5%) skietwonde opgedoen het. 'n Verdere vyf van die respondente (29,4%) het getuig van kneusplekke, twee (11,8%) het vertel van snywonde en vier (23,5%) het skaafwonde opgedoen. Slegs een (5,9%) het vermeld dat hy sy voet tydens die aanval verstuit het toe hy probeer weghardloop het. **Let op dat persentasies nie ten opsigte van die grafiek bereken is nie aangesien van die respondente meer as een besering tydens die aanval opgedoen het.**




**FIGUUR 4.6 BESERINGS VAN RESPONDENTE TYDENS DIE AANVAL**


Agt van die respondente (47,1%) is na die hospitaal vevoer direk na afloop van die transitorooftog. In die oorblywende gevalle waar die respondente nie na die hospitaal vervoer is nie, was hulle beserings nie so ernstig dat dit hospitalisasie vereis het nie. Van die agt respondente wat direk na die hospitaal vervoer was, is drie respondente (17,6%) onmiddellik na die aanval deur omstanders na die hospitaal geneem. Een respondent (5,9%) het vermeld dat hy onbewus is van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tyd wat die nooddienste geneem het omdat hy te deurmekaar en geskok was om te kan onthou.

Navorsingsresultate van vraag 29 (vgl. V54 in Bylae A) toon dat sewe van die respondente (41,2%) se kollegas ook tydens die aanvalle beseer is. Kollegas van die respondente het in twee gevalle (11,8%) skietwonde opgedoen. Een het aan sy skietwond beswyk. In twee gevalle (11,8%) is kneusings, in drie gevalle (17,6%) snywonde, en in een geval (5,9%) 'n beenbreuk opgedoen. 'n Verdere vier respondente (23,5%) het getuig van skaafwonde tydens die aanval (vgl. V54-V59 in Bylae A). Die respondent wie se kollega tydens die aanval gesterf het, het getuig van die oorweldigende gevoel van magteloosheid wat hy ervaar het. Hy word verbatum aangehaal: "Ek het nie net myself nie, maar ook sy familie gefaal. Ons moet uitkyk vir mekaar en ek kon hom nie beskerm nie." Die betrokke respondent rou nie net oor die verlies van 'n vriend en kollega nie, maar ook oor die verlies van sy selfrespek. Hy beleef ook skuldgevoelens en pynlike herinneringe aan die insident (vgl. par. 2.4.3.6).

Vraag 21 in Bylae A lui: "Watter van die volgende beskryf jou reaksies tydens die transitorooftog?" Dit blyk uit Figuur 4.7 dat al die respondente dit wil sê 17 (100%), 'n gevoel van magteloosheid beleef het. Die gevoel van magteloosheid kan direk aan hulle kontak met die oortreder(s) toegeskryf word. Die algemene gevoel wat ervaar is, word in die volgende aanhaling verwoord: "Ek kon niks doen nie. Alles het so vinnig gebeur." Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) se teorie van Aangeleerde Hulpeloosheid is gebaseer op die uitgangspunt dat wanneer 'n persoon bevind dat hy hulpeloos is, hy homself die vraag moet afvra waarom dit so is. Die antwoord op die vraag van Abramson, Seligman en Teasdale kan in bogenoemde aanhaling saamgevat word, naamlik dat die aanval vinnig gebeur het en die respondente niks kon doen nie. Al elf (58,8%) wat in direkte kontak met die oortreders was, het hulle volle samewerking aan die oortreders gegee. Drie (17,6%) was geheel en al verbaas. Twee respondente (11,8%) het vertel dat hulle voorgegee het dat hulle dood was.





**FIGUUR 4.7 DIE BELEWING VAN RESPONDENTE TYDENS DIE AANVALLE**

Die respondente se reaksies word weerspieël in hulle optrede tydens die aanval (Vgl. V36-V39 in Bylae A). Slegs vier van die respondente (23,%) het hul vuurwapens op die aanvallers gevuur. Twee respondente het skuiling gesoek, drie (17,6%) het hulp gaan soek en twee respondente het (11,85%) voorgegee dat hulle dood was. Een (5,9%) het vertel hoe hy sy kollega in die bosse gaan soek het nadat die voertuig gerol het. Hieruit is dit duidelik dat slegs vier respondente (23,5%) daadwerklik iets gedoen het in 'n poging om die aanval af te weer. Hierdie gevoel van magteloosheid en onvermoë om die aanval af te weer kan die gevoelens van magteloosheid versterk. 'n Bydaende faktor wat in berekening gehou moet word, is dat elf van die respondente (64,4%) tydens die aanval beseer is (vgl. Figuur 4.6).

Hierdie eerste reaksie van die slagoffer is essensieël in die latere verwerking van trauma. Die skokgevoelens oor die traumatiese insident moet nie vermy word nie en maar eerder op 'n vroeër stadium aangespreek word. Vervolgens sal daar op die reaksie van die slagoffer na afloop van die transitorooftog gefokus word.


## 4.1.4 DIE REAKSIE VAN DIE SLAGOFFER

Na ontleding van die rou data blyk die tydsverloop tussen die transitorooftog en die onderhoude gemiddeld 14 maande te wees (vgl. Figuur 4.8). Dit kan ook 'n indikasie wees van die voorkoms en duur van simptome wat moontlik by die sekuriteitswagte voorgekom het. Aansluitend hierby kan daar ook bepaal word watter simptome meer of minder binne 'n sekere tydsinterval voorkom.




**FIGUUR 4.8 DIE TYDSVERLOOP TUSSEN DIE TRANSITOROOFTOG EN DIE ONDERHOUD**

Horowitz (1976:27) beskryf trauma (ook genoem stresresponssindroom) as 'n gevoel van magteloosheid, pyn en hartseer (vgl. par. 2.4.4). Skok is gewoonlik die eerste reaksie wat die direkte slagoffer ervaar wanneer 'n traumatiese insident plaasvind. Horowitz (1968) beskou skok as die eerste stadium in die aanpassingsproses na afloop van 'n traumatiese gebeurtenis. In hierdie stadium besef die individue wat met hom gebeur het (vgl. par. 2.4.4). Uit Figuur 4.9 blyk dit dat 13 respondente (76,5%) gemeld het dat hulle eerste reaksie na afloop van die transitorooftog, skok was (vgl. V63-V68 in Bylae A). Drie respondente (23,5%) het onmiddellik per radio met die beheerkamer by die sekuriteitsmaatskappy kontak gemaak om die aanval te rapporteer. Al drie die respondente (23,5%) was tydens die onderskeie insidente in die sekuriteitsvoertuig aangesien hulle die drywers was en dadelik toegang tot die radio gehad het. Een respondent (5,9%) het getuig van lamheid as gevolg van skok.





**FIGUUR 4.9 DIE EERSTE REAKSIE NA AFLOOP VAN DIE TRANSITOROOFTOG**

Brom en Kleber (1989:341) is van mening dat die intensiteit en verloop van die verwerkingsproses deur **drie** faktore beïnvloed word, naamlik hoe lewensbedreigend die situasie was, die persoonlikheidskenmerke van die slagoffer en laastens die mate van ondersteuning deur betekenisvolle ander (vgl. par. 2.4.4). Die reaksies en verwerking van die slagoffer se trauma kan dus wissel na gelang van die individue en die situasie.

**Navorsingsverwagting 2.5.4.1** wat handel oor **die reaksie van die slagoffer na die transitorooftog** en die gepaardgaande **fisieke, en emosionele veranderinge asook die verandering in lewensiening en sosiale lewe** word bespreek. Die reaksie van die slagoffer na afloop van die transitorooftog is aan die hand van die onderhoudskedule ontleed waarna die bevindinge met die ooreenstemmende navorsingsverwagting vergelyk en geëvalueer is.

### 4.1.4.1 Fisieke reaksies van die respondente




**FIGUUR 4.10 FISIEKE REAKSIES VAN RESPONDENTE**


Volgens Figuur 4.10 het al die respondente, dit wil sê 17 (100%), na afloop van die transitorooftog nagmerries (vgl. V72 in Bylae A) beleef, 14 van hulle (82,4%) het volgens V86 (vgl. Bylae A) ten tye van die onderhoude steeds nagmerries gekry. Navorsingsresultate van V71 (vgl. Bylae A) toon dat al 17 respondente (100%) na afloop van die transitorooftog terugflitse gehad het. Ten tye van die onderhoud het 14 respondente (82,4%) steeds terugflitse ervaar. Al 14 respondente (82,4%) herstruktureer gebeure rondom die transitorooftog en fantaseer oor wat hulle kon gedoen het om die rooftog te verhoed. Die bevindinge stem ooreen met Maslow (1977:20) wat konstateer dat gevoelens van onbekwaamheid die behoefte aan waardering en selfagting kan verydel (vgl. par. 2.5.1.4). Hierdie bevindinge sluit ook aan by Horowitz (in Greenburg, 1995:1267) wat van mening is dat repitisies van die traumatiese gebeurtenis in die gedagtes mag voorkom. Hierdie herbelewing van die traumatiese insident is essensieel in die aanpassingsproses aangesien die slagoffer voortdurend daardeur gekonfronteer word en dus gedwing word om sin uit die gebeure te maak. Namate die slagoffer sy situasie aanvaar, sal die herhaalde terugflitse en nagmerries afneem. Jones en Barlow (1990:315) is verder van mening dat slagoffers herhaalde denkbeelde van die traumatiese gebeurtenis soos nagmerries, terugflitse en angstigheid kan ervaar (vgl. par. 2.4.5.2). Die navorsingsresultate word dus gesteun deur genoemde outeurs aangesien al 17 respondente (100%) nagmerries en terugflitse ervaar het. 'n Verdere agt respondente (47,1%) het getuig van hartkloppings. Agt respondente (47,1%) was ook angstig na afloop van die transitorooftogte en een respondent (5,8%) het 'n verlies van eetlus ervaar. Die onderhawige ondersoekbevindinge bevestig die belewenis van angs, hartkloppings en verlies van eetlus wat volgens Ochberg (1987:10) aan die opwekking van die outonome senuweestelsel toegeskryf kan word (*outomatic arousal*) (vgl. par. 1.2.2.2).

**Navorsingsverwagting 2.5.4.1.1** lui: **Die roof van kontant in transito sal fisieke verandering by die slagoffer meebring.** Volgens die navorsingsverwagting ondergaan elke slagoffer van transitorooftogte sekere fisieke veranderinge as gevolg van die invloed van trauma. Hierdie fisieke veranderinge sluit simptome van skok,

nagmerries, terugflitse, hartkloppings en verlies van aptyt in. Die onderhawige studiebevindinge stem hiermee ooreen. Uit die navorsingbevindinge blyk dit dat die navorsingsverwagting **volkome gesteun** word.

#### 4.1.4.2 Die emosionele reaksies van die respondente

Uit die ondersoek blyk dit dat die respondente die volgende emosionele reaksies na afloop van die transitorooftog getoon het (vgl. Figuur 4.11).




**FIGUUR 4.11 EMOSIONELE REAKSIES NA AFLOOP VAN DIE TRANSITOROOFTOGTE**

Antwoorde op vraag 35 (vgl. V92–V99 in Bylae A) dui daarop dat 10 van die respondente (58,8%) 'n vrees vir transitorooftogte ervaar het. Die feit dat die direkte slagoffer voor die transitorooftogte reeds ingelig is oor die moontlikheid van transitorooftogte en dat die vervoer van groot bedrae kontant sagte teikens van

sekuriteitswagte maak, het tot die vrees van rooftogte bygedra. Indien gelet word op die totale samestelling van die steekproef (vgl. par. 4.1.1) en Figuur 4.1 is dit duidelik dat vier van die respondente (23,6%) reeds by 'n transitorooftog betrokke was. Dit het daartoe bygedra dat hulle kollegas bewus was van transitorooftogte en die moontlikheid om self 'n slagoffer te wees. Die vrees kan blykbaar toegeskryf word aan die feit dat daar eksterne faktore (rowers) by die transitorooftogte betrokke is waaroor die slagoffer geen beheer het nie. Dit gee weer aanleiding tot 'n gevoel van magteloosheid want die slagoffer voel dat hy geen beheer het oor wat met hom gebeur het nie. Een respondent het tydens die onderhoud vermeld: "Dit gebeur met mense wat nie 'wakker' is nie." Navorser is van mening dat die respondent voor die transitorooftog onbewustelik 'n vrees vir rooftogte ervaar het. Die direkte slagoffer kon homself dus voor die transitorooftogte van so 'n gebeurtenis distansieer.

Tydens die onderhoude het sewe respondente (41,2%) vermeld dat hulle verlies van vertroue in ander ervaar het. Al sewe (41,2%) het aangetoon dat die verlies van vertroue nie in die familie, vriende en kollegas was nie, maar eerder in vreemde mense op straat. Soos een respondent dit stel: "Selfs die Pous sal vir my verdag lyk. Jy kan niemand meer vertrou nie". Veertien van die totale aantal respondente (82,4%) het gevoelens van aggressie en nege (52,9%) wraakgedagtes gekoester. Die soeke na iemand om te blameer en gepaardgaande aggressie jeens die oortreder is moontlik deel van die helingsproses. Peach en Klass (1987:82) is van mening dat aggressie 'n onmiddellike fokuspunt is wat later in wraakgedagtes kan oorgaan. Brende (1993:876) is verder van mening dat aggressie en gevoelens van wraak net tydelike verligting vir die direkte slagoffer bring, en dat dit deel van die helingsproses uitmaak. Al 17 respondente (100%) het vermeld dat hulle nog steeds 'n vrees vir transitorooftogte en verlies van vertroue in ander ervaar. Gevoelens van aggressie en wraak het na twee weke verdwyn. Dit word toegeskryf aan die besef dat dit hulle werk is, dat "'n mens moet aangaan" en laastens dat "jy niks daaraan kan doen nie, dit is amper al deel van die werk."


Twee respondente (11,8%) het depressief gevoel. Die navorser het aan die betrokke respondente gevra of hulle tans behandeling vir depressie ontvang. Albei het geantwoord het dat hulle nog nooit sielkundige evaluasie of hulp vir depressie ontvang het nie. Die respondente het albei hulleself gediagnoseer aan die hand van simptome wat in populêre tydskrifte verskyn het.

Vier respondente (23,5%) was genoop om ander werk te begin soek as gevolg van hulle traumabelewenis aangesien hulle emosioneel nie meer onder die stres kon funksioneer nie (vgl. V105 in Bylae A). Die bevinding stem ooreen met dié van Leyman (1985:512) wat poneer dat 7% van personeel hulle besluit om van werk te verander, direk aan die gewapende rooftog toegeskryf het. Die ondersoekbevindinge stem verder ooreen met dié van Gabor et al. (1984:91) waarvolgens 4% van slagoffers van gewapende rooftogte van werk verander het. Een respondent (5,8%) het vir ander pligte by die werk gevra en is vervolgens na 'n ander afdeling oorgeplaas. Twee respondente (11,8%) wat **nie** tydens die transitorooftog beseer is nie, het vermeld dat hulle albei twee dae van die werk afwesig was.

**Navorsingsverwagting 2.5.4.1.2** lui: **Die roof van kontant in transito sal emosionele veranderinge by die direkte slagoffer meebring.** Uit die bespreking van die emosionele veranderinge wat die direkte slagoffers kan ervaar het, blyk dit dat hierdie navorsingverwagting **volkome** deur die ondersoekbevindinge **gesteun** word.

### 4.1.4.3 Veranderinge van lewensiening

Dit word afgelei uit die ondersoekbevinding dat al 17 die respondente (100%) se lewensiening na afloop van die transitorooftog verander het (vgl. Figuur 4.12).




**FIGUUR 4.12 DIE VERANDERING IN LEWENSIENING**

Uit die onderhoude het dit geblyk dat al 17 (100%) die respondente meer bewus geraak het van die gevaar na afloop van die transitorooftog. Respondente koppel die feit dat daar groter bewustheid en paraatheid bestaan aan die feit dat 'n mens te "gerus raak" en dat "'n mens in 'n roetine verval". In 'n poging om die roetine te verbreek, het ses respondente (35,5%) hulle roetes na hulle bestemming daagliks verander. Een respondent (5,8%) het egter vermeld dat 'n mens na een maand weer in 'n *comfort zone* val, "dan het jy amper weer van die rooftog vergeet". Een respondent (5,8%) het vir 'n maand na die transitorooftog soms nog gehuiwer om die huis te verlaat. By nadere ondersoek blyk dit dat hy sy huis en onmiddellike omgewing as 'n veilige hawe beskou het: "Ek wou net na werk by die huis kom en rus, om geen worries meer te hê nie". Hierdie respondent het ook vermeld dat hy mense (buiten sy gesin) in daardie tydperk vermy het. In 14 gevalle (82,4%) het die respondente begin voorgee dat dit goed gaan in 'n poging om nie aan die transitorooftog te dink nie, maar om eerder van enige herinneringe en die realiteit te

ontvlug. Respondente skryf dit toe aan die feit dat "'n Mens nie lus is om met almal te praat nie. Jy sê maar net dat dit goed gaan".

Uit voorafgaande blyk dit dus dat **navorsingsverwagting 2.5.4.1.3** wat lui dat **die transitorooftog 'n invloed op die lewensiening van die direkte slagoffer sal hê, volkome** deur die ondersoekbevindinge gesteun word.

Elke verhouding funksioneer op 'n unieke wyse en die kommunikasie en interaksie wat tot 'n gevoel van samehorigheid of vervreemding van individue binne 'n bepaalde verhouding kan bydra is ook uniek. Die insident bedreig die direkte slagoffer en betekenisvolle ander se verhoudings. Direkte slagoffer moet ook self 'n poging aanwend om sy trauma en viktimisasie te hanteer, waarvoor hy genoegsame ondersteuning van sy gesin, familie, vriende en kollegas benodig. Indien die betrokke individue nie weet hoe om sin uit die viktimisasiebelewenis van direkte slagoffers te maak nie, kan dit die interpersoonlike verhoudings versteur. Die transitorooftog het dus tot gevolg dat die verhoudings wat tussen betekenisvolle ander en die slagoffer versteur of selfs bedreig word.

#### 4.1.4.4 Interpersoonlike verhoudings

Volgens die navorsingsbevindinge van vraag 40 (vgl. V118 in Bylae A) het die transitorooftog die direkte slagoffer se verhouding met die persoon naaste aan hom in 13 van die gevalle (76,5%) hoofsaaklik negatief beïnvloed (vgl. V119-V121in Bylae A). Die transitorooftog het wel oënskynlik 'n direkte impak op die gesin en/of intiempersoonlike verhoudings waarin die direkte slagoffer verkeer.

**Tabel 2**

**Die invloed van die transitorooftog op die interpersoonlike verhouding met gesin**

| Veranderlike | Stem saam N | Stem saam % | Verskil N | Verskil % |
|---|---|---|---|---|
| Spanning | 12 | 70,6 | 5 | 29,4 |
| Konflik | 8 | 47,1 | 9 | 52,9 |
| Vermyding om oor transitorooftog te praat | 2 | 11,8 | 15 | 88,2 |
| Beweeg nader aan mekaar | 3 | 17,6 | 14 | 82,4 |

Volgens Tabel 2 het 12 van die respondente (70,6%) gerapporteer dat hulle spanning in hulle verhoudings (huweliks- of ander intiempersoonlike verhoudings) beleef het. Die respondente se verhoudings het in so 'n mate verbrokkel dat een respondent (5,8%) wat saam met iemand gewoon het binne ses maande van die persoon vervreem het en 'n ander een (5,8%) binne twee maande na die transitorooftog geskei is (vgl. Figuur 3.6). Konflik binne die intiempersoonlike verhouding is deur agt van die respondente (47,1%) beleef. Twee respondente (11,8%) het verklaar dat hulle vermy het om oor die transitorooftog te praat. Die bevinding stem dus in 'n mate ooreen met Greenburg (1995:1282) wat meld dat slagoffers meermale op 'n traumatiese insident kan reageer deur selfbeskermingsgedrag soos vermyding om oor die insident te praat, openbaar. Hierdie vermydingsgedrag kan moontlik spanning tussen die direkte slagoffer en betekenisvolle ander veroorsaak sodra pogings aangewend word om die traumatiese insident te bespreek. Die vermyding om oor die transitorooftog te praat word toegeskryf aan die respondente se gevoelens van minderwaardigheid, swakheid en die gevoel dat hulle gefaal het in hulle beroep. Volgens die Westerse patriargale tradisie praat mans ook nie oor hulle emosies nie aangesien hulle "die sterk een" in die verhouding moet wees.

Spanning en konflik het die respondente toegeskryf aan die feit dat hulle eggenotes hulle konstant vermaan om van werk te verander. Drie respondente (17,6%) het verklaar dat die transitorooftog hulle nader aan hul eggenotes gebring het. Die betrokke respondente het vermeld dat hulle godsdiens en geloof in God hulle gehelp het om die gebeure te verwerk en hul nader aan mekaar gebring het.

Die ontleding van vraag 42 (vgl. V124 in Bylae A) rakende die respondente se verhouding met hul kollegas dui aan dat twaalf respondente (70,6%) geen persoonlike vriendskapsverhoudings met hulle kollegas het nie en vier van die respondente (23,5%) se beste vriende saam met hulle werk. Al 17 respondente (100%) se werksverhouding is van so 'n aard is dat hulle mekaar ondersteun en bystaan. Enkele respondente het hul verhouding soos volg beskryf: "We watch out for each other." "We understand each other, go through the same emotions and know the dangers". Maslow (1970:15) is van mening dat die behoefte aan aanvaarding gekenmerk word deur die strewe na kameraadskap. Uit bogenoemde direkte aanhalings van die respondente blyk dit dat daar 'n noue band by die werk gevorm word. Die respondente het verder vermeld dat hulle met mekaar identifiseer aangesien hulle mekaar verstaan en weet wat hul elke dag deurmaak. Hierdie kameraadskap kan dus tot die vervulling van die affiliasiebehoefte lei. Maslow (1970:15) is verder van mening dat gevoelens van onbekwaamheid, hulpeloosheid en selfblaam tot moontlike vermydingsgedrag kan aanleiding gee. Die respondente wat nie noue vriendskapsbande met kollegas vorm nie, is van mening dat jy "jou werk by die werk los". "Daar is nie tyd om vriende te maak nie. Almal gaan vroeg uit en kom laat terug. Dan wil jy net huis toe gaan". Die navorser is van mening dat dit 'n poging is om van die herinneringe en realiteite van die werk en transitorooftogte weg te vlug.

Uit voorafgaande blyk dit dus dat **navorsingsverwagting 2.5.4.1.4** wat lui dat **die transitorooftog 'n invloed op die interpersoonlike verhoudinge van die direkte slagoffer sal hê, volkome** deur die ondersoekbevindinge gesteun word.

Navorsingsverwagting 2.5.4.2 hou verband met **die slagoffer se geloofservaring en die invloed van die polisie- en strafregplegingsisteem asook die mediaberrigewing op die direkte slagoffer se viktimisasiebelewing na afloop van die transitorooftog**. Die voorafgaande is aan die hand van die onderhoudskedule ontleed waarna die bevindinge met die ooreenstemmende navorsingsverwagting vergelyk en geëvalueer is.

## 4.1.5 DIE RELIGIEUSE SISTEEM


Aandag is geskenk aan die religieuse instellings waaraan die respondente behoort. Daar is vasgestel of die respondente enige ondersteuning ontvang het al dan nie, en die wyse waarop die direkte slagoffer die ondersteuning beleef het, is bepaal. Die direkte slagoffer se geloof en godsdiens kon enersyds help om die viktimisasiebelewenis te verwerk of andersyds dit te vererger.

Lidmate van drie kerklike denominasies is by die ondersoek betrek, naamlik agt Anglikaanse lidmate (47,1%), twee Nederduits-Gereformeerde lidmate (11,7%) en een lidmaat (5,8%) van die Metodiste kerk (vgl. Figuur 3.7). Ses respondente (35,5%) het aan geen kerklike denominasie behoort nie. Uit die response op vraag 44 (vgl. V128 in Bylae A) blyk dit dat vier respondente (23,5%) pastorale hulp gesoek het en raad en leiding van die instellings ontvang het. Een (5,8%) het aangetoon dat sy geloof in God hom gemoedsrus gee. Vyf van die ses respondente (29,4%) wat aangetoon het dat hulle aan geen kerk behoort nie, het vermeld dat hulle nie kerk toe gaan nie maar wel in God glo en elke dag bid. Ses respondente (35,2%) glo dat God hulle op die dag van die transitorooftog beskerm het en dat dit die rede is dat hulle nog leef. Nog 'n respondent het genoem dat hy in die oggend 'n gebedsgroep by die werk lei en gereeld in sy kerk getuig. Soos een respondent dit stel: "Daardie dag het ek aangesig tot aangesig met Jesus Christus gekom". Maslow (1970:15) is van mening dat mense fisiese beveiliging maar ook emosionele beveiliging aan die hand van hulle geloof en lewensfilosofieë moet bewerkstellig (vgl. par. 2.5.1.2). Uit

die bevindinge blyk dit dat al 17 van die respondente (100%) se geloofservaring ongeag of hulle aan 'n kerk behoort al dan nie, 'n positiewe bydra tot hulle verwerking van die traumabelewenis gelewer het.

**Navorsingsverwagting 2.5.4.2.1** postuleer dat **die direkte slagoffer se geloofservaring deur die transitorooftog beïnvloed** sal word, word **volkome** deur die navorsingsbevindings **gesteun.**

## 4.1.6 DIE POLISIE EN REGSPLEGINGSISTEEM




**FIGUUR 4.13 POLISIE-ONDERVRAGING**

Uit Figuur 4.13 blyk dit dat agt van die respondente (47%) onmiddellik op die toneel ondervra is, drie (17,6%) by die hospitaal, vier (23,5%) by die polisiekantoor en twee (11,8%) nog nooit nie. Twaalf van die 15 respondente wat deur die polisie ondervra is (70,6%), het die ondervraging as positief beleef. Hulle vermeld dat die


polisiebeamptes vriendelik en simpatiek teenoor hulle was. Twee respondente (11,8%) het aangevoer dat die polisiebeamptes gemoeid met die ondervraging se houding koud en onsimpatiek was. Slegs een respondent (5,8%) het vermeld dat hy die polisie haat en geen respek vir hulle het nie. Die respondent wou egter nie op sy uitlating uitbrei nie.

Vraag 47 lui: "Is enige verdagte(s) na die transitorooftog gearresteer?" (vgl. V131 in Bylae A). Die navorsingsbevindinge dui daarop dat daar geen arrestasies gemaak is in enige van die 17 gevalle wat by die studie ingesluit is, nie. Na aanleiding hiervan kon respondente nie vrae 49-53 (vgl. V133-137 in Bylae A) beantwoord nie. Al 17 die respondente (100%) het aangetoon dat hulle geen vertroue in die polisie of kriminele regsplegingsisteem het nie. Hulle is verder van mening dat dit slegs 'n kwessie van tyd is voordat rowers weer toeslaan.

**Navorsingsverwagting 2.5.4.2.2** poneer dat **die strafregplegingsisteem die direkte slagoffer se belewenis van 'n transitorooftog beïnvloed.** Indien gelet word op die bespreking van die slagoffer se belewenis van die kriminele strafregplegingstelsel, blyk dit dat die direkte slagoffer in die steek gelaat is. Die navorsingsbevindinge steun dus die betrokke verwagting **ten volle.**

## 4.1.7 MEDIARAPPORTERING

Vyf van die respondente (29,4%) het gemeld dat daar wel mediarapporterings oor die transitorooftog was. Vyf (29,4%) was seker dat daar geen mediarapporterings was nie en sewe van die respondente (41,2%) het nie van enige berriggewing kennis gedra nie (vgl. V138 in Bylae A). Figuur 4.14 toon aan dat koerante in drie gevalle (17,6%) 'n berig of berigte geplaas het.




**FIGUUR 4.14 MEDIARAPPORTERING**

Verdere mediadekking is in twee gevalle (11,8%) deur die televisie gegee (vgl. V139 tot V142). Die respondente het in die algemeen nie probleme met die wyse waarop die berriggewing deur die media hanteer is, ondervind nie. Hulle was van mening dat die berriggewing meestal die gebeure rondom die transitorooftog korrek weergegee het. Een respondent (5,8%) het aangedui dat daar foutiewe berriggewing was.

## 4.2 SLOTBESKOUING

Die data wat tydens die ondersoek ingewin is, is in hierdie hoofstuk verwerk en aan die hand van die navorsingsverwagtinge wat in Hoofstuk 2 gestel is, geïnterpreteer. Die navorsingsbevindinge bevestig die bruikbaarheid en toepassingsmoontlikhede van die Selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale as verklaring vir die direkte slagoffer se belewenis van 'n transitorooftog.

Uit die voorafgaande bespreking en interpretasie van gegewens blyk dit duidelik dat die belewenisse van die ondersoekgroep aangaande transitorooftogte deur elke respondent uniek ervaar word en as sulks geïnterpreteer word. Nie net die direkte slagoffer nie maar ook sy gesin word deur die traumatiese belewenis geraak. Aspeke wat die traumabelewenis van die direkte slagoffer beïnvloed sluit onder andere ouderdom, aantal vorige transitorooftogte, ondersteuning deur sy gesin en kollegas en beserings al dan nie tydens die aanval in. Al bogenoemde faktore kan dus die eiesoortigheid van die betrokke insident asook die direkte slagoffer se belewenis daarvan beïnvloed.

Die navorsingsbevindinge bied die moontlikheid om in Hoofstuk 5 gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die studie te maak.

# HOOFSTUK 5

## *SLOTBESKOUINGS EN AANBEVELINGS*

### 5.1 INLEIDING

Hierdie is 'n verkennende studie met die doel om die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte te verklaar. In die teoretiese probleemstelling (vgl. par. 1.3) is dit genoem dat daar min, indien enige, wetenskaplike literatuur oor die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte bestaan, terwyl daar in Suid-Afrika nog geen studie op die terrein gedoen is nie. Uit die beskikbare literatuur wil dit dus voorkom of die verskynsel van gewapende roof toenemende aandag van Kriminoloë en Viktimoloë ontvang maar tot dusver is daar nog nie 'n studie met spesifieke verwysing na die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte onderneem nie. Tydens die studie is daar gepoog om van hierdie leemtes te vul. Die feit dat daar nog geen navorsing in verband met die slagofferbelewenis van transitorooftogte gedoen is nie, het meegebring dat daar geen teoretiese verklaring vir die verskynsel nie.

'n Kritiese ontleding van die Selfaktualiseringsteorie van Maslow en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (vgl. par. 2.5), is in die onderhawige studie as basis vir die interpretasie van gegewens gebruik. Na aanleiding van die navorsingsresultate sal daar vervolgens aangedui word in welke mate daarin geslaag is om aan die doelstellings van die studie te beantwoord. Dit stel die navorser ook in staat om sekere aanbevelings te maak wat van waarde kan wees in die daarstelling van 'n beter begrip vir die direkte slagoffer se belewenis van transitorooftogte.

## 5.2. GEVOLGTREKKINGS

### 5.2.1 Die gevolgtrekking met betrekking tot die invloed van die transitorooftog op die behoeftehiërargie van Maslow

**Doelstelling 1.6.1 is geformuleer om te bepaal watter invloed transitorooftogte op die behoeftehiërargie soos deur Maslow (1970:15) uiteengesit, op die slagoffer het**. Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar 'n skommeling in die behoeftehiërargie is aangesien die slagoffer se behoefte aan veiligheid en sekuriteit primêr word (vgl. par. 2.5.1.7). Die navorser het dus in die doel slaag.

Die volgende gevolgtrekkings is met betrekking tot die geformuleerde subdoelstellings gemaak:

**Doelstelling 1.6.1.1 het betrekking op die invloed wat die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy fisiologiese behoeftes het**. Volgens die navorsingsbevindinge in die onderhawige ondersoek word die direkte slagoffers se fisiologiese behoeftes deur die transitorooftog beïnvloed. Aangesien hulle lae lone verdien en aan lang werksure onderworpe is, kan hulle nie hulle fisiologiese behoeftes voldoende vervul nie. Hulle lae opvoedkundige status verhoed hulle om ander werk met hoër lone en meer prestige te vind. Die navorser is van mening dat sy in die doelstelling geslaag het aangesien haar bevindinge hiermee ooreenstem (vgl. par. 2.5.1.1).

**Doelstelling 1.6.1.2 handel oor die invloed wat die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy veiligheidsbehoefte het**. Na afloop van die transitorooftog ervaar die direkte slagoffer 'n gevoel van onveiligheid in sy werksomgewing. Die rower **dring** hierdie werksomgewing binne en **bedreig** nie net sy veiligheid nie maar ook dié van siviele persone op straat. Sodra die mens sy veiligheid in gevaar stel om sy fisiologiese behoeftes te vervul, word die behoefte aan veiligheid en sekuriteit, sy primêre behoefte (vgl. par. 2.5.1.2). Die

navorser is van mening dat sy in haar doelstelling geslaag het om hierdie doelstelling te bewys.

**Doelstelling 1.6.1.3 is geformuleer om te bepaal watter invloed die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy affiliasiebehoefte het.** Hierdie doelstelling hou verband met die direkte slagoffer se sosiale verkeer met vriende en familie asook die strewe na kameraadskap en aanvaarding deur sy kollegas. Daar is in die doelstelling geslaag aangesien die ondersoek aan die lig gebring het dat die transitorooftog 'n definitiewe impak op die gesin van die direkte slagoffer uitoefen. Die gevoel van kameraadskap en ondersteuning deur kollegas dra ook by tot die vervulling van die affiliasiebehoefte (vgl. par. 2.5.1.3)

**Doelstelling 1.6.1.4 was om te bepaal watter invloed die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy behoefte aan selfagting en waardering het.** Die relevante navorsingsbevindinge dui daarop dat die sekuriteitswag na selfagting en waardering van homself, maar ook van ander streef. Daar bestaan dus 'n behoefte by die individu dat sy bekwaamheid deur ander erken en waardeer moet word. Sou die behoefte nie vervul word nie, kan dit aanleiding gee tot gevoelens van minderwaardigheid, hulpeloosheid en emosionele labiliteit. Hierdie gevoelens van onbekwaamheid en mislukking kan dikwels aanleiding gee tot vermydingsgedrag, 'n gevoel van onbekwaamheid, selfblaam en haatgevoelens teenoor die oortreder. Gevoelens van onbekwaamheid word versterk as gevolg van die slagoffer se gevoelens van hulpeloosheid tydens en na afloop van die transitorooftog (vgl. par. 2.5.1.4). Die navorser is van mening dat sy in die doelstelling geslaag het deurdat die navorsingsresultate daarop dui dat die slagoffer se behoefte aan selfagting en waardering wel deur die transitorooftog beïnvloed word.

**Doelstelling 1.6.1.5 was om te bepaal watter invloed die viktimisasiebelewenis van die direkte slagoffer op sy behoefte aan selfaktualisering het.** Selfaktualisering verwys na die persoon se strewe om alles te wees waartoe hy in staat is. Gevaarlike werksomstandighede en die moontlikheid van verdere transitorooftogte kan die sekuriteitswag verhoed om sy

volle potensiaal te verwesenlik. Aangesien selfaktualisering selde bereikbaar is, word onsekerheid en spanning deel van die sekuriteitswag se lewe. Hierdie spanning kan toeneem namate behoeftebevrediging verydel word. Die navorser is van mening dat sy in hierdie doelstelling geslaag het.

**Doelstelling 1.6.2 was om te bepaal of die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale (1978:49-74) se drie aannames op die slagoffer van transitorooftogte van toepassing gemaak kan word.** Uit die ondersoek het dit geblyk dat die direkte slagofferbelewenis wel verband hou met die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale. Die navorser het dus in die doelstelling geslaag.

Die volgende gevolgtrekkings is met betrekking tot die geformuleerde subdoelstellings gemaak:

**Doelstelling 1.6.2.1 handel oor die aanname van persoonlike magteloosheid *versus* universele magteloosheid.** Die siening van die respondente dat hulle magteloos staan teenoor die transitorooftogte verwys na persoonlike magteloosheid, en die oortuiging dat dit wat op gedrag volg die resultaat van eksterne faktore soos geluk, toeval, noodlot of ander persone is, na universele magteloosheid (vgl. par. 2.5.2.1). Die studie dui daarop dat die slagoffers beide persoonlike en universele magteloosheid tydens en na afloop van die transitorooftog ervaar het. Die navorser is van mening dat sy in die doelstelling geslaag het.

**Doelstelling 1.6.2.2 is geformuleer om die aanname oor algemene *versus* chroniese magteloosheid te toets.** Na 'n transitorooftog ervaar die sekuriteitswagte magteloosheid in verskeie situasies onder andere, tydens die transitorooftog, die feit dat sommige slagoffers emosioneel magteloos kan voel in die verwerking van trauma, wat weer die verhouding met hul gesin, familie en vriende kan beïnvloed. Die navorsingsresultate het getoon dat hierdie magteloosheid chroniese implikasies vir die slagoffer inhou aangesien die

sekuriteitswag elke dag met die moontlikheid van nog 'n transitorooftog gekonfronteer word. Hulle voel magteloos teen eksterne faktore (rowers) wat hulle nie kan beheer nie. Die navorsingsresultate dui daarop dat die direkte slagoffers aan algemene en chroniese magteloosheid tydens en na afloop van die transitorooftog blootgestel is (vgl. par. 2.5.2.2). Die navorser is van mening dat sy in die doelstelling geslaag het.

**Doelstelling 1.6.2.3 het betrekking op depressie as oorsaak van magteloosheid**. Die navorsingsbevindinge dui daarop dat **drie** faktore die intensiteit van depressie bepaal, naamlik wanneer verwagtinge met betrekking tot die situasie onwaarskynlik blyk te wees, wanneer 'n afkeur ten opsigte van die uitkoms van die gedrag teenwoordig is en wanneer dit waarskynlik is dat die situasie nie sal verander nie. Die **drie** faktore impliseer dat depressie as die oorsaak van magteloosheid die direkte slagoffer se belewenis van die transitoroofog sal beïnvloed. Die navorser is van mening dat sy sterk steun gevind het vir bogenoemde en dus in die doelstelling geslaag het.

## 5.2.2 Gevolgtrekking aangaande die kritiese ontleding van die Selfaktualiseringsteorie van Maslow en die Aangeleerde Hulpeloosheidsteorie van Abramson, Seligman en Teasdale

Doelstelling 1.6.3 is geformuleer om die volgende doelstellings te bereik, naamlik: **Doelstelling 1.6.3.1 is geformuleer om 'n kritiese ontleding van bogenoemde teorieë wat 'n moontlike verklaring vir die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte bied, te toets**. Die doelstelling moet tesame met **doelstelling 1.6.3.2**, wat verband hou met die navorsingsverwagtinge, beoordeel word. Die navorser is van mening dat sy in hierdie doelstelling geslaag het deur genoemde teorieë krities te ontleed en ook die betrokke teorieë op die direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte toe te pas. Hieruit kon verskeie navorsingsverwagtinge geformuleer word, wat die navorsing suksesvol kon rig (vgl. par. 2.5.4).

**Doelstelling 1.6.3.3 is geformuleer om die toepaslikheid van die teorie aan die hand van kwalitatief-beskrywende bevindinge te toets.** Die navorser is van mening dat sy daarin geslaag het om die toepasbaarheid van die teorieë in die onderhawige ondersoek aan die hand van kwalitatief beskrywende bevindinge aan te toon, aangesien dit bruikbaar was om die ondersoek te rig asook om die resultate wat daaruit voortgevloei het, te interpreteer.

**Doelstelling 1.6.3.4 was om deur middel van die onderhawige ondersoekbevindinge sekere aanbevelings te maak vir 'n slagofferhulpdiens wat op die direkte slagoffer van transitorooftogte fokus.** Daar kan gemeld word dat die ondersoekbevindinge dit vir die navorser moontlik gemaak het om praktiese aanbevelings aangaande die direkte slagoffer van transitorooftogte te maak en sy het dus volgens haar mening ook in dié doel geslaag (vgl. par. 5.3.1).

**Doelstelling 1.6.4 was om na aanleiding van die navorsingsbevindinge sekere navorsingstemas vir verdere navorsing te identifiseer.** Die student is van mening dat sy ook in die doelstelling geslaag het (vgl. par. 5.3.2).

## 5.3 AANBEVELINGS

### 5.3.1 Aanbevelings ten opsigte van die direkte slagofferbelewenis van 'n transitorooftog

'n Duidelike behoefte wat tydens die ondersoek aan die lig gekom het, is dat daar meer geleenthede geskep moet word vir die direkte slagoffers van transitorooftogte om oor hulle traumabelewenisse te praat. Gesien in die lig van die **samelewingsrelevansie** van gewapende roof en die eskalering van transitorooftogte oor die afgelope paar jaar (vgl. par. 1.2.1) is daar bepaalde praktiese aanbevelings wat die navorser in die verband wil maak. Dit behels dat kennis wat op wetenskaplike gronde berus, tot voordeel van die direkte slagoffer en die gemeenskap aangewend moet word. Die volgende praktiese aanbevelings

aangaande die navorsingsbevindige oor die direkte slagoffers se belewenis van 'n transitorooftog word gemaak:

#### 5.3.1.1 Professionele verenigings

Die navorser is van mening dat dit noodsaaklik is dat professionele verenigings soos die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diens Beroepe asook die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige raad ingelig behoort te word aangaande die aard en omvang van direkte slagofferbelewenis van transitorooftogte. Die verenigings kan ook 'n leidende rol speel in die totstandkoming van slagofferhulpgroepe binne sekuriteitsmaatskappye en/of individuele terapeutiese sessies vir die direkte slagoffers na afloop van die transitorooftogte.

Hierdie inligting kan byvoorbeeld deur die lewering van referate by vakkongresse, die uitstuur van inligtingsbrosjures en deur wetenskaplike publikasies versprei word. Verder kan inligting aangaande die navorsingsbevindinge aan die Raad vir Sekuriteitsbeamptes bekend gestel word.

#### 5.3.1.2 Organisasies

Die navorser is van mening dat verskeie organisasies soos hieronder genoem oor **eerstens** transitorooftogte en **tweedens** die direkte slagoffers se belewenis van transitorooftogte ingelig behoort te word. Die volgende tipe organisasies kan byvoorbeeld betrek word:

- **Sekuriteitsverenigings.** Daar bestaan tans 22 sekuriteitsverenigings wat by die *South African Security Federation* (SASFED) geaffilieer is. Hulle dien as spreekbuis vir sekuriteitsmaatskappye. Die navorser is van mening dat hierdie verenigings deur middel van werkswinkels en besprekingsforums ingelig behoort te word oor die slagofferbelewenis van transitorooftogte.

- **Banke.** Kontant in transitorooftogte is 'n aanval op kontant (eiendom) wat aan banke behoort. Dit is die taak van banke en sekuriteitsmaatskappye om die kontant in transito te beveilig. Tans is daar noue samewerking tussen die *Council of South African Banks* (COSAB), die polisie en verskeie regsdepartemente om verdere metodes te ontwikkel om transitorooftogte te voorkom. Alhoewel hierdie organisasies grootliks op voorkomingsmaatreëls fokus, behoort hulle deur middel van inligtingsessies en publikasies in sekeruriteitsbulletins ingelig te word aangaande die direkte slagoffer se belewenis van kontant in transitorooftogte. Die nodigheid van sodanige inligting word gekwalifiseer aan die hand daarvan dat sekuriteitswagte onder voortdurende druk in die uitvoering van hulle taak moet funksioneer. Student is van mening dat dit belangrik is dat werknemers van banke ingelig word oor die geestestoestand en ingesteldheid van die sekuriteitswagte. As gevolg van 'n verhoogde skrikrespons kan sekuriteitswagte nie net 'n gevaar vir hulself nie maar ook werknemers van banke en die publiek inhou, sou hulle byvoorbeeld onverwags genader word. Die navorser is van mening dat die fokus nie net op die voorkoming van transitorooftogte moet wees nie, maar ook op die fisieke en emosionele impak daarvan op sekuriteitswagte.

- **Besigheidsorganisasies** wat reeds by transitorooftogte betrokke was, behoort ingelig te word oor die direkte slagoffer se belewenis daarvan. Nie net die direkte slagoffer nie, maar ook besighede, word deur transitorooftogte geraak vanweë die feit dat transitorooftogte as beide gewelds- en ekonomiese misdade geklassifiseer kan word. Klem moet gelê word op die beveiliging van persele waar die sekuriteitsmaatskappy geld aflewer, nie net ter wille daarvan om geldelike verliese te voorkom nie, maar ook om die sekuriteitswagte te beskerm. Verder behoort sekuriteitsmaatskappye inisiatief te neem om inligting aangaande die impak van transitorooftogte op die slagoffer aan die kliënt bekend te maak. Inligting kan deur die sekuriteitsmaatskappye aan kliënte verskaf word as deel van die dienskontrak – deur afsprake te reël waartydens navorsingsbevindinge gestel kan word. Besighede behoort dus kennis te dra van die impak wat kontant in transitorooftogte nie net op die sekuriteitswagte nie maar ook op hulle eie werknemers kan uitoefen.

- **Gemeenskapsorganisasies** soos byvoorbeeld "Lifeline" en Gemeenskapspolisieforums behoort deur inligtingstukke oor transitorooftogte en die impak daarvan op die direkte slagoffer bewus gemaak word.

#### 5.3.1.3 Massamedia

